De vraag is hoe de echo's van alle Zuid-Afrikaanse literaire vertogen in een goed verhaal, in een handzaam boek verteld kan worden. Is het sowieso mogelijk? Zijn die echo's te richten, zijn er gemeenschappelijke lijnen uit te halen? Het zoeken naar verhalen die retorisch indruk maken, die blijf geven van reflectie op de complexe context van het leven in Zuid-Afrika, daar zal het om blijven gaan, ongeacht het feit of schrijvers en onderzoekers dat in het Engels, isiXhosa of het Afrikaans aandurven. Een van de allerbelangrijkste problemen die schrijvers van een overkoepelende literatuurgeschiedenis zullen hebben is daarom het vinden van een model van juxtapositie, waarbinnen interactie, beïnvloeding, verschillen, maar vooral ook overeenkomsten naar voren komen.

Literatuurlijst

- Besselaar, G., *Zuid-Afrika in de letterkunde*. Amsterdam, Pretoria en Johannesburg: J.H. du Bussy, 1914.
- Bosman, F.C.L., *Drama en toneel in Suid-Afrika 1 (1652-1855)*. Amsterdam: J.H. de Bussy, 1928.
- Brink, André: *Herondekking van een continent: essays*. Amsterdam: Meulenhoff, 1999.
- Coetzee, J.M., *White Writing: On the Culture of letters in South Africa*. New Haven & London: Yale University Press, 1988.
- Coller, H.P. van (red.), *Perspektief en profiel: 'n Afrikaanse literatuurgeschiedenis*. Pretoria: J.L. van Schaik, 1999.
- Coetzee, A., 'Rethinking South African national literary history. South Africa? History? Literary History'. In Smit, J.A. (et al, eds.): *Rethinking South African literary history*. Durban: Y Press, 1996.
- Conradie, E.J.M., *Hollandse skrywers van Suid-Afrika: 'n kultuurhistoriese studie 1 (1652-1875)*. Pretoria: J.H. de Bussy, 1934.
- Ester, H., Een nationale literatuurgeschiedenis. In *Zuid-Afrika*, 1996, 73:2, p. 37.

- Gray, Stephen**, *Southern African Literature: An Introduction*. Cape Town: David Philip en London: Rex Collings, 1979.
- Kaschula, Russell H. (ed.)**, *Foundations in Southern African Oral Literature*. Johannesburg: Witwatersrand University Press, 1993.
- Kannemeyer, J.C.**, *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur I en II*. Kaapstad en Pretoria: Academica, 1978, 1983.
- Kock, L. de**, An impossible history. Michael Chapman, Southern African literatures. In *English in Africa* 24:1, May 1997, 103-117.
- Niekerk, L. van**, *Die eerste Afrikaanse Taalbeweging en zijn letterkundige voortbrengselen*. Amsterdam: Swets & Zeitlinger, 1916.
- Niekerk, M. van**, Reënboogredenasies: Repliek op 'n intreerede. In *Tydskrif vir Letterkunde* XXXIV:4, November 1996, 20-34.
- Ntuli, D.B. en Swanepoel, C.F.**, *Southern African Literature in African Languages: A concise historical perspective*. Pretoria: Acacia, 1993.
- Oliphant, A.W.**, Swart literatuur in Suid-Afrika. In: Cloete, T.T. (red.): *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr, 514-525, 1992.
- Roos, H.**, *Dáárom letterkunde, dáárom Afrikaanse letterkunde*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika, 1996.
- Schenkeveld-van der Dussen, M.A.**, 'Nederlandse literatuur: een geschiedenis (1993)'. In: *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* 1 (1994), 41-52.
- Schoonees, P.C.**, *Die prosa van die Tweede Afrikaanse Beweging*. Amsterdam: J.H. de Bussy, 1922.
- Trump, M. (ed.)**, *Rendering Things Visible: Essays on South African Literary Culture*. Johannesburg: Ravan, 1990.
- Verbeeck, Georgi**, 'Een nieuw verleden voor de "Rainbow Nation": Geschiedschrijving en politiek in Zuid-Afrika'. In: *Tijdschrift voor Geschiedenis* 112 (1999), 239-262.
- Vuuren, H. van**, Southern African Literatures – Michael Chapman: Panel Discussion. 21 February 1997, Unisa.
- Willemse, Hein e.a.**, *Die reis na Paternoster*. Universiteit van Wes-Kaapland, 1997.
- Wyk, J. van, Conradie, P. en Constandaras, N.**, *SA in poësie/ SA in poetry*. Pinetown: Owen Burgess.

Skrywerskap en kulturele identiteit in Suid-Afrika: oorlewing deur die oorlewering

George Weideman

In Gerrit Komrij se *De Afrikaanse poëzie in duizend en enkele gedichten* (1999) staan twee ouer Afrikaanse tekste wat nogal merkwaardig is, al is dit dan nie vanweë hul poëtiese vormgewing nie, maar wel omdat hulle die ras-debat reeds aan die einde van die 19de eeu aan die gang sit. Die gedigte is 'Di Klaagliid fan di laaste Boesman' van M.H. Nesper uit 1896, met daarnaas 'n repliek-gedig deur D.P. du Toit, 'Antwoord fan di Duusman an di Boesman'. In eersgenoemde teks bekla die spreker sy lot as 'laaste' lid van sy groep, want

Daar's geen gena en geen barmhartigheid,
Geweteloos en sonder eerlikheid,
Het ons di Duusman uitgeroei;
Ag! Ek is sat geweest.

Verder noem die spreker die wit koloniste 'wrède duwelsgoed', met hande 'rooi van al ons bloed'. Hy laat ook nie na om na die koloniste se ontering van die land te verwys nie:

... waar is al di wild
En ongediirtes van ons suid land mild?
Kameelpêrd, kwagga en di gnoe,
Di buffel en di eland,
Di dodo, hartbees en die vet sékoei,
Is almal nou verjaag of uitgeroei,
Renosterbok, en di koedoe,
En ok di olifant.

Die spreker kla die 'duusman' (letterlik: man van Dietse herkoms) daarvan aan dat hy 'bome en bos' vernietig het, want 'jy siin nou net karro en harde gras ...' Die gedig eindig dan so:

Jy sal o, ja ver di onskuldig bloed
Gewis, en seker eenmaal swaar moet boet,
Daar stroom di Grootrivier, en nou
Neem hy my sé toe weg!

Op hierdie aanklag volg 'n nota deur die redakteur van *Ons Klyntji*, waarin die 'Duusman' versoek word om repliek te lewer. Dit gebeur in Du Toit se gedig – 'n gedig wat blyke gee van 'n erge gevoel van rassemeerderwaardigheid en vrees, want die Boesman word as 'slinks' en 'listig' voorgestel. (Vgl. verder hieroor *Afrikaanse gedigte*, 1987, 21-23, asook Pheiffer 1988, 135 en Gilfillan 1994, 61.)

Dit is belangrik dat Komrij hierdie gedigte opneem, aangesien daar in die hedendaagse Afrikaanse literatuur blyke is van 'n nuwe interkulturele bewussyn, 'n herbesinning oor die verhouding mens-medemens-land. Dit kan al gelees word as 'n 'antwoord' op André P. Brink se visie (uit 1991) dat die oorgang na 'n Nuwe Suid-Afrika en 'n nuwe millennium 'n verskerpte ontginning – eerder 'n herwaardering en herformulering – van die gegewe Ek/Ander' laat vermoed (1991, 9).

Wanneer 'n mens vorige uitgawe(s) van *Perspektief en profiel* met die jongste (1999a en 1999b) vergelyk, val 'n paar verskuiwings jou op. Een daarvan is die vervanging van die inleidende oorsig, geskryf deur G.S. Nienaber en nog só opgeneem in die 1982-uitgawe, deur 'Klein begin is aanhou wen', geskryf deur Vernon Februarý. Februarý se beskouing bied 'n nuwer perspektief op die breë literêre veld van die negentiende eeu. Die veelheid van bydraes (d.w.s. oor sogenaamde kleurgrense heen, en dan veral bydraes wat voorheen 'verswyg' is), sê hy, 'is 'n bewys van hoe diep die Afrikaanse taal en literatuur wortel geskiet het in Afrika' (1999, 19).

In hierdie bydrae wil ek probeer aantoon watter besondere opgaaf die (Suid-) Afrikaanse skrywer vandag steeds het om uiting te gee aan 'n bepaalde kulturele identiteit – 'n taak wat geëggo word in die werk van ander Afrika-skrywers, en ook in die tekste en uitsprake van skrywers van buite Afrika.

In die eerste deel wil ek aan die hand van enkele seminale voorbeelde wys hoe die outentieke Afrika-oorlewering of vertelling (legende, mite) in ons literatuur voortleef as 'n basis vir groter begrip van 'n breër kulturele identiteit, wat wel deeglik in Afrika gewortel is.

Die tweede deel van die bydrae is hoofsaaklik teoreties-bespiegeland en wentel om die vraag of die sleutel tot sosio-kulturele oorlewing nie juis opgesluit is in die *oorlewering* nie.

I.

Verkleurmannetjie het op 'n dag met Slang gestry oor wie die wonderbaarlikste skepsel is. 'Dis maklik,' het Verkleurmannetjie gesê, 'niemand se tong is so rats soos myne nie.' Hy het 'n mug-

gie, wat 'n entjie voor hulle op 'n takkie tussen blare kom sit het, blitssnel met sy tong raakgeslaan, tot in sy kieste gerol en dit smaaklik geëet. Slang het gesê: 'Dit mag rats wees, maar jy kan nie so vêr, so sekuur en so vinnig spuug soos ek nie. Gaan sit daar waar die muggie gesit het dan wys ek jou.' Verkleurmantjie was nie dom nie. Hy het geweet dat Slang van plan was om hom met sy gif te bedwelms en dan in te sluk. Hy het nie op die takkie gaan sit nie, maar op die groen blaar langsaan. Toe was hy onsigbaar vir Slang. Op dié manier het hy die beste daarvan afgekóm.

Dit is 'n fabeltjie wat 'n ou vrou van Damara-herkoms my vertel het.¹ Daar bestaan blykbaar baie variante van dié natuurverhaaltjie. In een van die variante sit Slang 'n blink klippie neer om eers sy meesterskap te bewys, in 'n ander variant is die klippie 'n diamant, en in nog 'n oortelling haal Slang die spieël van sy kop af en sit dit neer voordat hy daarheen korrel. Slinksheid – die vermoë om te improviseer – is eie aan die dieresprokies van Afrika.

Iewers, ver terug, moet daar natuurlik 'n 'formule' wees, 'n agterhaalbare oerteks. Dit kan ook deel van Jung se 'kollektiewe onbewuste' wees wat meebring dat 'n mens by elke variant 'n basisverhaal vermoed. Maar maak dit werklik saak? Is ons primêr afhanklik van 'n sogenaamde *meesterteks*? Soos Knorringa (1980, 53) tereg aantoon, is juis die jongste, 'lewende variant' die betekenisvolste: '... voor wie in die skriftradisie is opgegroeid is het moeilik los te komen van die opvatting dat er eigenlijk één goede tekst is, waar de andere afwijkingen van vertonen. Toch wordt daarmee het wezen van mondelinge literatuur ontkend. Want hier is de voordracht het essentiële momemt, zodat iedere uitvoering de echte is ...' Ek wil byvoeg: Dit is die manier waarop die jongste variant – oraal of in skrifvorm – op die *konteks* reageer, wat saak maak. Ek gaan vervolgens na 'n paar variante kyk; daarna enkele suggesties laat vir 'n moontlike topologie.

1 Variante van die waterslang-mite

Een van die hooffigure in bogenoemde verhaaltjie is Slang – en dan veral die sogenaamde waterslang of *water serpent*, wat in sy mitiese vorm 'n oneindige aantal gedaantes het. Die slang-mite ('n sambreelnaam vir die verskeidenheid 'watergees'-gestaltes) kom regdeur Afrika voor. Hulle beklee 'n besondere plek in die Afrikaanse letterkunde.

1.1 In my verhalebundel *Die donker melk van daeraad* berus die openingsvertelling 'Matrys' dan ook op die verhaal wat ene Elsie vir my oor die 'slangsteen' vertel het. 'n Soortgelyke gegewe kom voor by Thomas Deacon. Die verhaal heet 'Anja Matat 2' uit *Anderkant die Troe-troe* (1999), 'n bundel vertellings eweneens uit die streek bekend as die Noord-Kaap.²

'Anja Matat 2' is die storie oor 'n aartsmoeder – 'n 'troostertjie' word sy genoem

(1999, 31) - en haar kosbare steen wat menigeen van 'n gifdood gered het. Van die slangsteen word gesê:

... omdat min mense hom nog te siene gekry het, is dit 'n skaarsheid wat jy nie onder die oë uit moet laat gaan nie. Maar as jy hom eers hét, word dit 'n erfenis wat van geslag tot geslag oorgedra word ... (Deacon 1999, 42)

Waarvan is die 'gewildheid' van hierdie 'verdigself' dan 'n demonstrasie? Vir wie die stilte en die eensaamheid van hierdie wêrelddeel ken (bure woon etlike kilometers van mekaar!), is dit begryplik dat so 'n storie die mens se kreatiewe ingrype op 'n saai bestaan verteenwoordig.

'n Tweede moontlikheid is dat dit 'n manier is om 'n 'verklaring' vir vreemde en skynbaar 'onverklaarbare' natuurverskynsels of vir 'bonatuurlike' gebeure aan te bied.

Nog 'n moontlikheid – vir my verreweg die oortuigendste – is dat hierdie vertellers onbewustelik voortweef aan 'n *basismite*, 'n kollektiewe, argetipiese teks waarin bepaalde mitiese waarhede opgesluit is, mitiese 'waarhede' wat dan in vertelling ná vertelling ontgin word soos wat die konteks verander.

Hoe oud hierdie basismite moet wees, blyk uit 'n vriendelike mededeling deur Dick van Halsema voor Albert Verwey en dié se betrokkenheid by Suid-Afrika (spesifiek die vryheidstryd van 'n eeu gelede). In Verwey se poging om die Suid-Afrika van circa 1900 te verstaan, betrek hy ook die dagboek van Peter Kolbe, die Duitse geleerde wat die Kaap aan die begin van die 18de eeu besoek het. Uit Verwey se oorspronklike stuk, 'De ware karbonkel of de slang met de kroon?', blyk sy begrip vir Kolbe (en andere) se opgetoënheid met die magiese van (Suidelike) Afrika. Só sien hy dit met betrekking tot die Vryheidstryd:

Ik hecht eraan nu, in deze strijdbare maanden, den toon van verrukking te doen hooren waarmee deze eerste waarnemer sprak over Zuid-Afrika. De verrukkingen van de vaderen zijn de volhardingen van de kinderen. In de verwachtingen van moedige kolonisten leven wondervolle droomen wier dracht de toekomst is.

Oor die 'slangsteen' en die mitiese slang word Kolbe self aangehaal, want baie mense het hom verseker dat naby die kruin van Tafelberg

zich iets zoude hebben laten zien dat een karbonkelsteen niet ongelijk was, 't welk sommigen voor een Slang met een kroon hebben aangezien; zonder dat nochtans iemand heeft geweten wat hij eigenlijk was ...

Hierop sê Verwey dan:

De Ware Karbonkel, het stralende teeken, voor het volksgeloof, van geluk en heerlijkheid. Was het dat wat hun opging bij hun ontginning van Afrika? Of was het de Slang met de Kroon mischien, de geheimnisvolle geest van dat duistere werelddeel, in de toekomst tot zijn heerschappij geraakt? In elk geval een feit is het dat dit de droomen van beginnende volken zijn en dat zij ze met oogen hebben gezien.

Die *edelsteen* ('gem') word deur De Vries as universele simbool vir 'superior truth or knowledge' uitgelig en, interessant genoeg, gekoppel aan 'n 'bewaarder' (slang of draak) (1974, 212; vgl. ook die inskrywings by 'carbuncle', *ibid.*, 81). Besit jy die steen, het jy mag oor die kennis van goed en kwaad.

1.2 Soms maak die slang sy verskyning in 'n hiperboliese vertelling met sprokies-elemente. Elias P. Nel open sy bundel *Iets goeds uit Verneukpan?* (1998) met die verhaal 'Oupa Siep se heuninglus', 'n tipiese Von Münchhausen-gegewe waarin die waterslang 'n prominente rol speel. Die verteller ('n 'egte storieverteller') vertel van 'n grot in die 'Boesmanbêrre' (=berge – GW) waarin 'n enorme waterslang bly. Dié slang vang 'mannetjiesmense en jongetjietjeeners' (mans en jong knape) en eet hulle op. Hy vang vroue en meisies en 'vat hulle vir sy vrou en trek hulle onnerie water in ...' Hy kry dit reg deurdat hy 'n 'blinkklip', wat hy op sy voorkop dra, afhaal en naby die water neersit. Hul nuuskierigheid is dan die mense se ondergang. Snags wei hy met behulp van die lig van dié 'blinkklip'. Hy beweeg in die vorm van 'n warrelwind van een plek na 'n ander. In die grot waar hy bly is daar, naas versteekte wapens uit 'n vorige oorlog, ook 'n bynes. In 'Oupa Siep se heuninglus' word die verteller se lus vir die soetgoed te sterk en hy volg 'n heuningvoëltyjie na die grot. 'n Hele reeks fantastiese gebeurtenisse volg.

Die heuningvoëltyjie wat hom in die eerste plek na die waterslang se blyplek gelok het – 'n voëltyjie wie se slinksheid ook sentraal staan in die San-mitologie (vgl. Arnold 1987, 5 en Aucamp 1997, 278) – betower hom óndanks sy voorkennis (die waarskuwings wat in oorvertellings opgesluit is).

Met hierdie variant betree ons die terrein van die sprokie, waarin waarskuwings meestal in die wind geslaan word, of waarin die sprokieskarakters voor gevaarlike uitdagings gestel word as deel van 'n psigiese leerproses. Oupa Siep in Nel se verhaal is egter in eerste instansie 'n bobaas-verteller van liegstories. Dis kenmerkend van dié genre dat hy homself al vertellende telkens in 'n hoek vasverf, om dan op 'n wonderbaarlike wyse weer daar uit te kom.

Watter rol stories (en ander kultuuruitings) in histories benadeelde gemeenskappe speel, word deur Nel self in sy 'Inleiding' toegelig:

Van 'n afstand mag dit miskien lyk of hier nie mense woon nie. Tog, hulle is hier, van lankal af. Aan hierdie mense wil ek jou graag voorstel, hul lief en leed met jou deel. Hulle is die sout van die aarde wat met hul unieke humorsin en raakvat-sêgoed kleur aan hierdie andersins dorre wêreld gee. Wanneer jy met hulle gesels, is die moeilike omstandighede waaronder hulle soms

moet leef, nêrens sigbaar nie. *Oor die jare heen was sang en musiek die uitlaathleple vir swaarkry, onderdrukking en uitbuiting.* (Nel 1999, (i) - my kursivering.)

Die faset wat hier bykom, is die uitspeel van krag teen krag: die 'Onsienlike' (die slang) word uitgedaag – vandaar die hiperboliese aard van die vertelling.

1.3 Verwant aan Nel se liegstorie is Thomas Deacon se 'Bergmannetjie' in *Anderkant die troe-troe* (Deacon 1999, 23), 'n teks wat tereg deur Abraham H. de Vries as 'n juweel beskou word vanweë die verbintenis wat Europa (Rooikappie) hier met Afrika (Tokkelos) aangaan. Hier is dit by uitstek die effek van die bangmaakstorie – kennismaking met die 'bowenatuurlike' – wat ter sprake kom. Dis die (telkens oorgelewerde) verhaal van die meisiekind wat by die fontein gaan water skep en dan agtereenvolgens verloklike verskyningsvorme van die watergees, die 'bergmannetjie', teëkom. Sy gewaar sy kleurkometers in die water, dan hoor sy 'n mooi stem sing, hierna sien sy 'n klipdassie met drie bene en 'n kleurbaadjie, 'n mooi manskastal 'aan wie se pronklikheid jy met al twee die hande wil vát' (ibid., 28). Laasgenoemde bied haar 'n 'boegoetakkie' aan – medisinale kruid wat hier as towerkruid voorgehou word:

Maar as jy aan daai takkie vát, gryp mooiman vir jou; hy sleep jou fonteinwater toe.
Dour laat sak hy jou in die dieptes weg; in die donkerheid van die moddergat suie hy al die bloed uit jou lyf uit (ibid., 28-29).

Daarom eindig die verhaal op 'n wyse wat die leser laat besef dat hier op die snykant tussen 'geloof' en 'bygeloof', die 'rasionele' en die 'irrasionele' geloop word:

'Ons moet oppas ...' sê Mamagoeters. 'Die kind sal naderhand alles geloof. ... alles wat ons haar vertel ... Oppas ... Netnou gló sy al daai storiëtjies oor Bergmannetjie ...' (ibid., 30).

'n Waarskuwing, ja – maar nogtans word die storie van Bergmannetjie oor en oor vertel. Waarom? Omdat dit deel vorm van 'n universele inisiasieritueel.

Cooper verduidelik oor die 'vroulike' eweknie van die 'bergmannetjie': 'Fountains, springs, wells, can all be entrances to a magic world or to the realm of souls; they are part of the great feminine power of the waters, *the waters of both fertility and death which sustain and destroy.*' (1983, 113 – my kursivering.)

1.4 Die slang-mite steek sy kop uit in vroeë Afrikaanse 'optekeninge' – dié van G.R. von Wielligh en J.F. Jacobs – figure wie se tekste deur Aucamp byeengebring is in *Wys my waar is Timboektoe* (1997). 'n Fragment uit Von Wielligh – die jongste lid van die Genootskap van Regte Afrikaners – se *Jakop Platjie* toon byvoorbeeld iets interessants. In hierdie geval is daar duidelik sprake van 'n helper, of iemand op wie

die slang sy towerkrag oordra. (Vgl. ook weer Bergmannetjie se aanbod van die boegoetakkie hierbo.) Die Koranna-kaptein, Filies Lou Kreebos, word alom gevrees omdat die waterslang glo 'sy maat' is (ibid., 178).

In die teks van Jacobs, 'Die waterslang van Grootrivier, 'n Griekwa-legende', word – spesifiek vanuit Griekwa-perspektief – vertel oor die slang. Hy het 'n huis diep onder die water, in die Grootrivier naby Koolberg (Colesberg? –GW), en hy het koninklike status. 'Hy het baie Griekwa-meidjies gevang om vir hom te werk' (Aucamp 1997, 179). Hulle moes naamlik sy huis met beesmis uitsmeer. Hy het hulle maklik in die hande gekry omdat hy 'die grootste toornaar' van die kontrei was, 'hy kon hom mos in enigste ding veranner'.

Ook Jacobs verwys na die slangsteen. Dit gaan eweneens oor die *uitdaging* van die bonatuurlike, oor die mens wat sy magsgrens wil verskuif deur die slangsteen te bekom. In Anna M. Louw se *Vos* (1999), waarin die bonatuurlike en animistiese sterk figureer, word die oer-ou, verwante Faust-gegewe van jou siel aan die Bose verkoop, treffend verplaas na die droogtegeteisterde Noord-Kaap van 1933, waar die leier-ouderling Vos in opstand kom teen Gods gesag en dan hulp gaan soek by 'n Boesman-towenaar.

Wat hier na vore kom, is die bemagtigingsmoontlikheid: word jy helper vir die Goeie of slaaf van die Bose?

1.5 Iets soortgelyks kom voor in *Meraai van Rolbos* deur Charlotte de Beer, 'n *populêre verhaal* wat sy ontstaan in navorsing oor die Griekwa-kultuur – veral oor die *rites de passage* - het. Hier is die assosiasie van (gevaarlike) 'rivier' en (gevaarlike) 'slang' opvallend, want in dié avontuurverhaal word die Grootrivier (Oranje) in al sy onvoorspelbaarheid getoon. Hierdie rivier, wat Suid-Afrika van oos na wes deurkruis, eis jaarliks sy tol aan verdrinkings, terwyl dit ook die oewergebied (nedersettings) periodiek aan geweldige oorstromings onderwerp. Soos in ander variante van die slang-teks – en soos in ander kulture, waar die mag van die natuur soms besweer word - word paaimiddels ook in *Meraai van Rolbos* voorgestel:

'Ek's bang vir hom, Kleinjan, vrekbang! Hoekom moet daar altyd sulke nare goeters wees wat 'n mens bang maak om te lewe?'

(...) Kleinjan se nabyheid bring 'n lamheid in haar knieë, en skielik is sy baie bewus van die eenvoudige kort rokkie wat sy aanhet. Sy sal later vandag moet kyk of sy nie soom kan uithaal nie. Ongemerkt probeer sy dit rek, maar sy besef dat 'n kort rok eenvoudig kort bly.

Uit die hoek van haar oog neem sy die lang gestalte waar, verlustig sy haar in sy mooi gesig, die mond wat vriendelik glimlag, die oë wat nou tergend na haar kyk. Om die verleentheid te verberg wat haar ongevraag oorval, sê sy vinnig; 'Ouma Kaaitjie sê 'n mens moet net boegoe op die water goi as hy kwaai raak. Daar's niks wat 'n waterslang so gou kan mak maak as boegoe nie. Snaakse ding, dié waterslang, nè Kleinjan?'

Dan vertel Kleinjan vir haar hoe die likkewane die waterslang se huis met nat bees-

mis uitplak (vgl. die Jacobs-tekste hierbo), hoedat die slang saans uitkom en sy spieël op die wal neersit en in die lig van die spieël wei ... In die wêreld van die kinderlike Meraai word die slang-motief en seksuele ontwakings duidelik omwisselbaar. Terselfdertyd is daar by haar die vrees vir die dood (verdrinking) ingeprent.

Dit is verrassend hoeveel variante van dieselfde basistekste sedert Von Wielligh, Marais en Jacobs in Afrikaans in skrifvorm beslag gekry het, en dan veral in die stories wat uit die droër westelike spraakgebied van Afrikaans kom. Dis eweneens betekenisvol dat die slang-storie nie net deel van één bevolkingsgroep se kultuurerfenis is nie; dis gedeelde erfgoed. Meer nog: Die stereotipe wat wortel in die siening dat net 'gekleurdes' hul aan so 'n 'bonatuurlike' gegewe sou steur, word met sowel mondelinge vertelling as die talle skriftelike návertellings die nek ingeslaan. Die slang-tekste is in sy basisvorm en in al sy variante 'n werklik outentieke Suid-Afrikaanse gegewe – al het dit moontlik raakpunte met slangverhale van elders. Tog gryp die mite in baie opsigte terug na 'n ander bekende 'verhaal': die paradysverhaal. Op die gevaar af van oorvereenvoudiging kan ek sê dat ons uit die voorbeelde hierbo sekere gemene delers wys kan word: Eers is daar die slangsteen as 'n soort magiese bron van kennis en ontsluiting van die waarheid – die begeerlike 'paradysappel'. Tweedens is daar die uitdaging wat gerig word; die uitnodiging om, ondanks waarskuwings, die steen te bekom (of die heuning te eet, ens.) – pluk maar die paradyslike appel! Derdens is inisiasie tog 'n belangrike lewensproses. Dis deel van die mens se bestaansparadoks, want jy kan nie altyd in 'n kinderlike wêreld bly nie – maar tegelykertyd 'stroop' dit jou soos Adam en Eva tot kennis van wedersydse naaktheid. Vervolgens bring dit noodwendig 'n keuse ter sprake: stel jy jou aan die sy van die Goeie, as helper; of aan die sy van die Bose – as slaaf? Vyfdens belig ons variante die beskouing dat die dood die straf vir sonde is; dat die paradys die mens nie beskore is nie.

2 Aanloop tot 'n topologie

Maar wáárom gebeur dit dat daar so baie variante is rondom dieselfde tema? Genoeg om te sê dat die slang-tekste – die 'supertekste' of matrysverhaal – 'n paar wesenlike trekke vertoon:

2.1 Die slang bly óf in 'n rivier, óf in 'n fontein, óf in 'n grot (met water) in die berge – 'n 'paradyslike ruimte'. In sommige variante word die modderigheid van die poel beklemtoon.

2.2 Die slang het gewoonlik 'n blink steen of spieël op sy voorkop. Wanneer die slang gaan wei, word die steen (of spieël) eenkant neergesit. (In sommige variante gebeur dit wanneer die slang die water ingaan.) Hoewel dit as 'n praktiese handeling verklaar word, lyk dit onvermydelik ook na 'n toets of 'uitdaging' – iets soortgelyks as die 'toetse' in 'Klein-Riet-alleen-in-die-roerkuil' van Marais.

2.3 Die slang is sy opponente meestal 'goedgesind', of dra selfs by tot hul welsyn. In enkele gevalle word die slang as gevaarlik voorgestel – maar dan kennelik as 'n soort paiboelie of afskrikmiddel. Stel 'n mens die Grimms teenoor Perrault, sou 'n soortgelyke verskuiwing seker merkbaar wees. Vgl. hieroor Bettelheim (1979, 166 e.v.) en Cooper (1983, 146 e.v.). Verder is dit bekend dat die oudste *Rooikappie*-tekste aansienlik 'wreder' – 'brutaler', 'blatanter' – is as die lateres. Onder druk van Westerse fobies is primitiewe tekste deur die jare gesuiwer.

2.4 Die slang het selde geslagtelikheid; in enkele gevalle word na 'sy vrou' verwys.

2.5 'n Mate van geheimsinnigheid (iets irreeëls) omhul die meeste van die slangtekste, of hulle nou anekdotes is of 'selfstandige' verhale.

2.6 Daar word 'n duidelike bewakings- of bewaringsfunksie aan die slang toegeskryf. Dit kan heuning wees, of juwele en ander sierade, maar meestal het dit ook met (suiwer) water te doen. In haar referaat oor die orale tradisie in resente Afrikaanse tekste (1994, 2) wys Lombard tereg op die moontlikheid dat (Afrika-)oorloë mettertyd oor die beskikbaarheid van water gevoer sal word. In die Afrikaanse literatuur is dit in sigself 'n ou tema (Langenhoven het bv. oor waterkwessies geskryf); dis m.i. nog belangriker om dit aan die universele tema van die ekopolitiek te koppel. In hierdie opsig het Eugène Marais met 'Die reënbul' 'n seminale oerteks geïdentifiseer (1969, 25). Arnold (1987, 18) teken 'n verhaal met interessante ooreenkomste op. Hy noem dit 'Von der Frau, um die der Regen in der Gestalt eines Bullen warb'. In dié geval maak die watergees sy verskyning as 'n (baie potente) reënbul. Wanneer sy attenties van die hand gewys word, moet die stam vir ewig pleitoffers bring. 'n Noukeurige vergelyking tussen dié 'oerteks' en Marais se weergawe behoort interessante bevindinge op te lewer.

2.7 Hoe naby staan die basisteks werklik aan die 'paradysgegewe', soos hierbo betoog is? Miskien gaan dit oor vertolkings en hervertolkings. In die meeste gevalle is daar sprake van 'n soort harmonie en ook van 'n simbiotiese 'kontrak' tussen slang en mens. Die wraak van die slang word alleenlik ontketen as dié kontrak verbreek word (bv. deur ongehoorsaamheid, inhaligheid, etc.). 'Den Geschichten aus alter Zeit liegt ein Weltbild zugrunde, in dem Mensch und Tier, Natur und Kosmos als Teile eines magischen Kreises aufgefasst sind,' sê Arnold (1987, 215). 'n Magiese sirkel, inderdaad.

2.8 Net soos in die San-rotskuns, is die 'diere' in hierdie verhale hoofsaaklik *mitiese* diere; daarom kan 'bul' en 'slang' omwisselbaar wees.

2.9 Soms sluit watergees-tekste duidelik by universele sprokies aan. So is daar by sowel die San as in die ou Europese sprokieskat verhale oor die ontmoeting tussen 'n meisie en 'n paddaprins (vgl. hieroor Arnold 1987 en Bettelheim 1979).

Die bewaring van die oorlewing kan help om die verdwene harmonie tussen mens en omgewing te herstel. Hier het die skrywer dalk 'n besondere verantwoordelikheid, soos ek vervolgens sal aantoon.

II

In Aucamp se versameling, *Wys my waar is Timboektoe* (1997), wat hy 'n persoonlike reis deur Afrika' noem, word vir die eerste maal in Afrikaans tekste byeengebring wat vele fasette van die 'siel' van die vasteland vasvang. Een van die fasette – wat Aucamp in rubrieke saamgroepeer – heet *Die slang*. Dit betref dan voorbeelde van hoe verskillend skrywers die mite van die slang aanwend of vertolk. Wat het dié verhaale gemeen? Aucamp self (1997:177) verwys na die feit dat die slang sentraal staan in die Paradys-geskiedenis – 'as oer-sondemaker'- maar dat die Grootrivier-slang die mens wat afsprake met hom nakom, goedgesind is. Hy is eerder 'bewaker van water', iets wat in die konteks van die deur droogte geteisterde, dikwels on-paradyslike Suidelike Afrika sin maak.

Oorlewing is deel van die skeppingsparadoks, die kosmiese siklus van groei en vernietiging. Wanneer die mens hierdie siklusse aantas (die uitwissing van natuurlike vyande, die vernietiging van die habitat, die oorbenuiting van bronne, die stilmaak van die storievertellers), word ook die natuurlike ruimte met sy natuurlike grense oorskry. In die legendes en mites van baie volkere is die slang die natuurlike simbool vir oorlewing. Campbell (1988,45) wys byvoorbeeld op die regeneratiewe aspekte van twee verbandhoudende simbole – maan en slang:

The power of life causes the snake to shed its skin, just as the moon sheds its shadow. The serpent sheds its skin to be born again, as the moon its shadow to be born again. They are equivalent symbols. Sometimes the serpent is represented as a circle eating its own tail. That's an image of life. Life sheds one generation after another, to be born again. The serpent represents immortal energy and consciousness engaged in the field of time, constantly throwing off death and being born again. (...) Life lives by killing and eating itself, casting off death and being reborn, like the moon. This is one of the mysteries that these symbolic, paradoxical forms try to represent.

In my verhaal 'Matrys' in *Die donker melk van daeraad* (1994) is die slangsteen waarna so naartigtelik gehunker word, juis 'n maansteen. Teenoor Dairo's se mense, wat hul slangsteen so jaloers bewaar soos wat hulle die oorlewerings oor die slang self bewaar, staan diégene wat bloot deur die materiële verblind word, die koloniste. Campbell wys voorts daarop dat die slang in die meeste kulture 'n positiewe simbool is – in Indië staan die Serpent King byvoorbeeld hiërargies net ná Boeddha: 'The serpent represents the power of life engaged in the field of time, and of death, yet eternally alive. The world is but its shadow – the falling skin.' (ibid, 47) Dis nie vreemd nie dat die slangdans van die Hopi van Noord-Amerika uitdrukking gee aan wat Campbell (ibid.) 'an interplay of man and nature' noem. Die Noord-Kaap is ook die tuiste van 'n besondere dansvorm, die *riel*. My eie grootmoeder kon die riel dans. Die dansvorm bestaan o.a. daaruit dat verskillende diere, bv. die bobbejaan, slang, ens. nageboots word. Elias Nel, skrywer van *Iets goeds uit Verneukpan?*,

self 'n rieldanser, deel my mee dat die slangdans by sy 'voormense' inderdaad 'n bevestigende handeling van harmonie tussen mens en natuur was. Teenoor hierdie positiewe simboolwaarde wat aan die slang toegeken word, staan 'n eensydige, negatiewe konnotasie, algemeen by diegene wat die paradysverhaal 'verletterlik'. In plaas van 'n viering of bevestiging van lewe, word die lewe as korrup gesien,

... and every natural impulse is sinful unless it has been circumcised or baptized. The serpent was the one who brought sin into the world. And the woman was the one who handed the apple to man. This identification of the woman with sin, of the serpent with sin, and thus of life with sin, is the twist that has been given to the whole story in the biblical myth and doctrine of the Fall. (Campbell, *ibid.*).

In geen ander godeleer word die vrou as sondaar voorgestel nie. Die hoofsaaklik deur mans gedomineerde wêreld van die laat-negentiende en twintigste eeue is maar net 'n 'verfynde' en beter verdoeselde ideewêreld as dié van primitiewer kulture waarin die vrou, die slang en sonde aan mekaar gelykgestel word.

Dis interessant dat die Turks-Amerikaanse skrywer, Güneli Gün, juis dié teks van regenerasie en oorlewing – die *Duisend-en-een-nagte* – gebruik om stem te gee aan die stemlose vrou in die (Ottomaanse) Moslem-wêreld. In haar pikareske roman, *On the road to Baghdad*, is dit haar vermommings (vervellings?) en ander improvisasies wat telkens Hürü (of Houri), die heldin, se redding is. Die hele roman het 'n regeneratiewe struktuur, want elke einde is opnuut 'n begin. Gün maak gebruik van 'n Turkse volksoorlewing. In haar bygevoegde 'Historical Note' verduidelik Gün die soort ideale wêreld as volg:

In tales that have a Turkish origin, even under the superimposed Islamic coloring there are elements that harken back to a pantheistic religion, a love of the great outdoors, of animals, of travel, of the seasonal joys of a nomadic life. The women aren't sedentary but take an active role when hearth and home are threatened; they ride, wrestle and shoot arrows for the sheer pleasure of it. (1991, 363).

So word ook die paradysverhaal gedemistifiseer – tereg wys Aucamp (1997:177) daarop dat die wonderslang wesentlik nié boos is nie. Het dit in die vertolking vanuit 'n eensydig-manlike perspektief boos geword? Dis egter nie net die fisiese omgewing wat bedreig word nie. Ook die kulturele erfenis – wat meestal nou verbonde is met die natuur - loop gevaar om te verdwyn. Skrywers het meer as net 'n bewaringstaak: hulle kan die moderne leser toegang gee tot 'n unieke en soms bepaald universele spirituele ervaring – die ervaring van 'n noue en respekvolle verwantskap tussen mens en aarde, 'n simbiotiese bestaanswyse (Weideman 1980, 71). Ook die skrywer oorleef déur die paradoks. Die skrywer wórd sy/haar karakters. In dié verband kan ons praat van identifisering of vereenselwiging. In M.H.

Neser se 'Di klaagliid van di Boesman', waarna voorheen verwys is, probeer Neser, wat ook etlike ander 'politieke verse' geskryf het, om die Boesman (of San) se erva- ring van die Europese koloniste uit te druk.

Een van die dilemmas van die Westerling (en hierdie soort dilemma is ook waar ten opsigte van mense se houdings teenoor Australiese Inboorlinge, 'Native Americans' en Sigeuners, is dat *vestiging* (die totstandbring van *nedersettings*) tot 'n beskawingsnorm verhef is. Natuurlik is dit nou te laat om die proses om te keer. Maar wesentlik is daar veel uit te maak vir 'n beheerde *nomadiese* bestaanswyse, omdat dit die kolonisering van die natuur teenwerk.

Terug tot die fabeltjie wat ek by Elsie gehoor het. Wie is die jagter, wie die gejagte? Wie die 'weter', wie die 'nie-weter'? Kameleon, of slang? Ook hierin lê 'n skynbare teenstrydigheid: Die skrywer kan nie anders nie as om steeds verskillende rolle te vertolk – rolle wat hom ingegee word deur die 'amptelike geskiedenis'. In die meeste gevalle impliseer hierdie rolle 'n volledige opgaan in die lot van diegene wat deur die hegemonie misken word – die gemarginaliseerdes, dié wie se voort- bestaan of identiteit bedreig word. Kortom: die minderhede, of hulle nou indivi- due is of groepe. Dít is die enigste soort demokrasie wat die skrywer ken.

Hoe anders sal skrywer en onderwerp oorleef in 'n wêreld wat toenemend kleiner word en waarin die verwydering van staatkundige grense ook die kulturele territo- rium bedreig; 'n wêreld waarin die materiële (kennis, rykdom, politieke mag) toenemend swaarder weeg as die diepte van emosies; 'n wêreld waarin die afstand tus- sen mens en mens (ryk en arm, ontwikkelde en agtergeblewe, bevoordeel en bena- deel, Noord (Noordelike halfronde) en Suid (Suidelike halfronde) paradoksaal genoeg, toeneem? Paradoksaal – want dit is steeds diegene met geld wat - ook op die inligtingsdomein - die septer swaai.

In 'n sekere sin is die Suid-Afrikaanse skrywer aan die voerpunt van 'n stryd waar- in alle skrywers hul bevind. Waarom? Die letterkunde – soos verwante kulturele ter- reine - het uit 'n betreklik veilige enklave in 'n vreemde en vyandige terrein beland; die beskuttende skaduwees waaraan Kleurklasie, die skrywer, gewoon geraak het, word meteens fel belig deur die ultravioletstrale van die inligtingsgod; wat die mens klinkklaar wéét, word toenemend belangriker geag as dit wat die mens nie weet nie.

Vir die *wonder* en die *verwondering* is daar selde plek. Die keersy van die waarheid - dat ons die natuur moet ken om dit te kan bewaar - is dat kennis ons afstomp. Skrywers in Afrika geniet die twyfelagtige voordeel dat hulle hul vir 'n onvoorsiene lang tyd tussen hierdie twee wêreldes – die steeds ontwikkelende wêreld van gevor- derde tegnologie en die wêreld waarin dié tegnologie feitlik nie bestaan nie – bevind.

Wat óók al hoe duideliker word, is dat 'n eensydige oorskouing van die geskiede- nis nie meer aanvaarbaar is nie. Die vraag wat sedert die sewentigerjare al hoe meer gevra word, is: Uit wie se oogpunt is die geskiedenis geskryf?

Dit is juis die skrywer wat in hierdie opsig 'n duidelike taak het, naamlik om die amptelike weergawe van wat gebeur het, te bevraagteken. Dit is die taak van die skrywer om leemtes wat deur geskiedskrywing gelaat is, te vul deur – onder meer – 'n stem te gee aan dié wat nog nie gehoor is nie. In *Afdraai* belig A.H.M. Scholtz byvoorbeeld 'n haas onbekende sy van die Anglo-Boereoorlog: die aandeel van die mense uit sy Kimberleyse geboortewêreld aan die oorlog van 'n eeu gelede; die lot van sogenaamde basters in die konsentrasiekampe en daarna (Scholtz 1998).

Die Suid-Afrikaanse skrywer kan nie sy sterre genoeg dank dat hy juis vanuit Afrika skryf nie. Suider-Afrika is tans die kweekplek van 'n nuwe kultuur. Dit gis en borrel van kreatiwiteit – kyk maar na die talle nuwe skrywers (uit gemarginaliseerde gemeenskappe en groepe) wat in die laaste twee dekades na vore begin kom het. Die verskynsel van opkomende skrywers – 'emergent writers', skrywers wat vanuit 'n posisie van marginalisering hul regmatige plek in die literatuursisteem verkry (en dit sluit vroue- en gay skrywers in) – is veral opmerklik in die Suid-Afrikaanse oorgangspolitiek.

Vroueskrywers skryf dikwels teen 'n tradisie van manlike oorheersing in. Hul verset kan nie altyd los gelees word van politieke onderdrukking nie: In Welma Odendaal se 'Sara en die kinders' (1991) verdryf rasseklassifikasie alle gelykmakers, ook dié van seks. Saam met die verset en die kritiek kom die bevestiging van eie waarde. In feitlik al die verhale in Riana Scheepers se *Feehs* (1999) word die uniekste eenskappe van die vrou – dit wat haar al sedert Middeleeuse heksverbranding in die oë van konvensie anders, 'n 'heks', maak – teen die volgehoue stereotipering uitgepeel. By Scheepers is ons al 'n stappie verder as blote afirmasie; haar uitreik na 'n universele tema (die geskiedenis van hekseverbrandings; Miller se *The Crucible*) staan al weg van 'n ideologiese stellingname.

Ook die gay skrywer bevestig in die na-apartheidsjare die reg op menswees, op 'n plekkie binne die Suider-Afrikaanse kultuur. Waar Hennie Aucamp die homofiele tema vroeër op omsigtige wyse hanteer het, word gay-wees in die verhale van Koos Prinsloo (veral *Slagplaas*, 1993), Danie Botha (*Die soft rock klub*, 1995) en Johann de Lange (*Vreemder as fiksie*, 1996) 'n aggressiewer opeising van bestaansruimte.

In die jongste tyd is dit veral stemme uit die histories-benadeelde gemeenskap wat die spektrum van ons kulturele landskap verruim. Uiteraard word daar krities na die era van onderdrukking gekyk in *Vatmaar* (1996) en *Afdraai* (1998) van A.H.M. Scholtz; by uitstek ook in die bydraes tot *Die stukke wat ons sny*, saamgestel deur Hein Willemsse (1999), maar baie nuwe stemme bevestig ook op feitlik naturalistiese wyse hóé vasgevang mense leef in 'n bepaalde gemeenskap – wat dan selfs 'n kulturele ghetto word. Die aansluiting van die werk van veral S.P. Benjamin (*Die reuk van steenkool*, 1997; en *Die lewe is 'n halwe roman*, 1999, albei Queillerie), asook Kirby van der Merwe (*Klapperhaar slaap nie stil nie* (1999), by Jeanne Goosen (o.m. *Ons is nie almal so nie*, 1990) dui daarop dat die verwoording van 'n bepaalde kulturele identiteit nie primêr met ras te doen het nie, maar met *klas*, met die ekonomiese teenstrydighede van ons moderne samelewing met al sy paradokse. Die leser

word gedwing om buite die veilige raamwerk van 'n middelklasleefwyse te gaan deel in die leefwêreld van dié wat dit nie so breed het nie.

Die leser van 'n boek wat vanuit 'n onbekende kultuurwêreld ontstaan het, soek waarskynlik onbewustelik na raakpunte én verskille. Hoe herkenbaar is die psigiese ruimtes van Etienne Leroux se romans vir die buitelandse leser? Hoe 'vreemd' – selfs eksoties – is die geografiese ruimtes wat romansiers soos Elsa Joubert, Etienne van Heerden, Dalene Matthee; kortverhaalskrywers soos Abraham de Vries, Riana Scheepers en S.P. Benjamin en digters soos Breyten Breytenbach, Antjie Krog en Wilma Stockenström in hul werk skep? Dieselfde vraag geld dan vir die Suid-Afrikaanse leser se ervaring van die psigiese ruimtes in werke van skrywers so uiteenlopend as byvoorbeeld Boudier-Bakker, Naeff, Van der Leeuw, Hermans, Bordewijk, Elsschot en Daisne – Nederlandstaliges wie se boeke graag in die 1960's en 1970's in Suid-Afrikaanse skole en op tersiêre vlak voorgeskryf is. Naas die psigiese raakpunte (en verskille) is daar uit lesersoogpunt ook kennis van die onbekende, dit wat 'n skrywer se werk outentiek en suiwer maak. Daarom merk Hans Ester (*Kalender*, 22 Augustus 1991) in sy 'Nederlandse blik op SA letterkunde' tereg op: 'Abraham de Vries, Koos Prinsloo en Etienne van Heerden het in hul kortverhale knope van die siel raakgesien en kollektiewe mites binne die Suid-Afrikaanse samelewing blootgelê wat 'n mens moet ken voordat jy kan sê: ek was in Suid-Afrika.' Ester dui dan verder in sy artikel aan dat hy as buitelander sou verwaag dat die Suid-Afrikaanse geskiedenis van die afgelope veertig jaar (d.w.s. ná 1948, as ek reg aflei - GW) vertel en gedokumenteer word.

Hierdie verwagting van 'n buitelandse leser is vanweë die populêre kennis en mitevorming aangaande apartheid te verstane. Dis opvallend dat Afrikaanse prosateurs in die laaste dekade van die twintigste eeu die dokumentering en hervertelling van die geskiedenis nog veel verder terug gaan haal het (en dit waarskynlik nog sal doen): A.H.M. Scholtz (*Vatmaar, Afdraai*), Elsa Joubert (*Die reis van Isobelle*, 1995) en Christoffel Coetzee (*Op soek na generaal Mannetjies Mentz*, 1998) put byvoorbeeld elk op 'n eie manier uit die Anglo-Boereoorlog. Ester het gelyk: die skrywer is ook vertolker van die geskiedenis.

Dit gaan nie hier oor 'n alte maklike reënboognasie-mentaliteit nie; dit gaan daaroor dat elke skrywer iets van die outentieke stem van sy mense wil behou binne die groter en omvangryker strewe na gemeenskaplikhede. Daarom delf skrywers wel diep in die verlede rond om vas te stel van wie of wat hulle deel is. Daarom word die worsteling met 'n identifikasieproses deel van die moderne Afrikaanse prosawêreld; dink maar net náás die genoemde werke van Goosen en Coetzee aan Marlene van Niekerk se *Triomf* (1994)! Daarom word daar in laasgenoemde werke toenemend afgereken met die verlede.

Maar die kreatiewe oplewing het ook 'n donker keersy. In Afrika (soos in Suid-Amerika) is die skrywer se oorlewingstryd nog hewiger omdat die kloof tussen bevoorregtes en benadeeldes onoorbrugbaarder skyn te word. Die selfverryking van hulle wat die mag in hande het, speel hierby al vir veertig-vyftig jaar 'n rol – 'n

mens kan maar net die eerste hoofstuk van Armah se *The beautiful ones are not yet born* (1968) lees om dit te besef.

Maar is daar in die chaos van die realiteit nog plek vir die magiese? 'True magic realism grows out of places where the political and historical context blends with the reaction of the people ...' So sê Emir Kusturica in 'n onderhoud (aangehaal in *City Pages*, 29.9.99), n.a.v. sy jongste film, *Black Cat, White Cat*. Dit geld eweseer vir sy ander films vanuit die smeltkroes van die Balkan. Die kuns van oorlewing lê daar waar dit nog te alle tye gelê het: in verset, in 'n soort aanpasbare verset, weliswaar. Nou moet dié term nie bloot as politieke bemoeienis gesien word nie. Dit gaan veel eerder oor 'n onwil om dit wat die hegemonie (die heerser) voorhou, vir soetkoek op te eet. Dis juis hieruit wat iemand soos Kusturica se bewondering vir die sigeu-ners spruit – hulle, sê hy, is die enigstes wat óndanks alle aanslae daarin geslaag het om getrou aan hulself – aan hul taal, hul kultuur, hul tradisies - te bly.

Wat in Suid-Afrika nodig is, is 'n onbevreesde uitbeelding van die Suid-Afrikaanse samelewing en die mense van Afrika soos wat hulle werklik is en nie soos wat (amp-telike) propaganda hulle nog altyd voorgedhou het of steeds voorhou nie. Daar is geen politieke korrektheid in die wyse waarop Benjamin die ellende van die plak-kerskamp uitbeeld nie; ewe min skuil daar 'n huiwering by Marlene van Niekerk om verworping te midde van die voordele wat apartheid met sy gedwonge verskui-wings meegebring het, in *Triomf* te teken. In hierdie opsig herinner hul werk aan dié van mede-Afrikane soos die genoemde Armah en Ben Okri (veral *Famished Road*, 1992) werke waarin die traumatiese oorgang van die koloniale na die post-koloniale tydperke sonder omhaal of sentiment, maar met 'n goeie skoot magiese realisme geteken word.

Vir die Afrikaanse skrywer het oorlewing uiteraard ook te make met taal-oorlewing. Die uitbreidende invloed van Engels is tans oorweldigend. Afrikaans se volle reikwydte en ryke verskeidenheid sal voortdurend ontdek en oopgedek moet word.

Bibliografie

Afrikaanse gedigte, byeensamersameld uit wat in di laaste 30 jaar verskyn is, 1976-1996. Verkleinde faksimilee-her-druk, met 'n inleiding deur R. Pfeiffer. Kaapstad: Suid-Afrikaanse Biblioteek. 1987.
Herdrukreeks nr. 15.

Armah, Ayi Kwei, *The beautiful ones are not yet born*. London; Heinemann. 1968.

Arnold, Rainer (red.), *Der Wolkenschmaus. Märchen aus Namibia*. Hanau: Verlag Müller und Kiepenheuer. 1987.

Aucamp, Hennie, *Wys my waar is Timboektoe*. Kaapstad: Tafelberg. 1997.

Benjamin, S.P., *Die reuk van steenkool*. Kaapstad: Queillierie. 1997.

Benjamin, S.P., *Die lewe is 'n halwe roman*. Kaapstad: Queillierie. 1999.

Bettelheim, Bruno, *The uses of Enchantment. The meaning and Importance of Fairy Tales*. Harmondsworth: Penguin. 1979.

- Botha, Danie**, *Die Soft Rock Klub*. Kaapstad: Tafelberg. 1995.
- Campbell, Joseph**, *The Power of Myth*. New York: Doubleday. 1988.
- Coetzee, Christoffel**, *Op soek na generaal Mannetjies Mentz*. Kaapstad: Queillierie. 1997.
- Cooper, J.C.**, *Fairy tales, allegories of the inner life*. Wellingborough: The Aquarian Press. 1983.
- De Beer, Charlotte**, *Meraai van Rolbos*. Pretoria: J.L. Van Schaik. 1989.
- De Vries, Ad**, *Dictionary of Symbols and Imagery*. Amsterdam: North Holland Publishing Company. 1974.
- De Lange, Johann**, *Vreemder as fiksie*. Kaapstad: Human & Rousseau. 1995.
- Gilfillan, F. R.**, 'Verlore stamme, verlore kennis: die bewaring van kulture'. In: *Stilet*, Tydskrif van die Afrikaanse letterkundevereniging (September 1994). Jg. VI:2.
- Goosen, Jeanne**, *Ons is nie almal so nie*. Pretoria: HAUM-Literêr. 1990.
- Joubert, Elsa**, *Die reise van Isobelle*. Kaapstad: Tafelberg. 1995.
- Knorringa, Rosa**, *Het oor wil ook wat. Over mondelinge literatuur*. (Puntkomma-reeks.) Assen; Van Gorcum. 1980.
- Komrij, Gerrit**, *Die Afrikaanse poësie in 'n duisend en enkele gedigte*. (In Nederlands: *De Afrikaanse poëzie in duizend en enige gedichten*.) Amsterdam: Bert Bakker. 1999.
- Lombard, Jean**, 'Vertelling as vernuwing: die orale tradisie in resente geskrewe literatuur in Afrikaans.' Ongepubliseerde referaat. Kongres van die Afrikaanse Letterkunde-vereniging (Oktober 1994).
- Louw, Anna M.**, *Vos*. Kaapstad: Human & Rousseau. 1999.
- Marais, Eugène N.**, *Dwaalstories*. Kaapstad: Human & Rousseau. 1969.
- Nel, Elias P.**, *Iets goeds uit Verneukpan?* Kaapstad: Tafelberg. 1998.
- Odendaal, Welma**, *Verlore plekke*. Kaapstad: Chameleon Press. 1991.
- Okri, Ben**, *The Famished Road*. Cape Town: David Philip. 1992.
- Pheiffer, Roy**, 'Verlig en verkramp in 1896: Twee gedigte uit Ons Klyntji.' In; Coetzee, Ampie (samedst.) *Woorde open die beskouing*. Durban; Butterworth. 1988.
- Prinsloo, Koos**, *Slagplaas*. Kaapstad: Tafelberg. 1993.
- Scheepers, Riana**, *Feeks*. Kaapstad: Human & Rousseau. 1999.
- Scholtz, A.H.M.**, *Vatmaar*. Kaapstad: Kwela Boeke. 1996.
- Scholtz, A.H.M.**, *Afdraai*. Kaapstad; Kwela Boeke. 1998.
- Van der Merwe, Kirby**, *Klapperhaar slaap nie stil nie*. Kaapstad: Kwela Boeke. 1999.
- Van Coller, H.P.**, (red.): *Perspektief en profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis. Deel 1*. Pretoria: J.L. van Schaik. 1999a.
- Van Coller, H.P.**, (red.): *Perspektief en profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis. Deel 2*. Pretoria: J.L. van Schaik. 1999b.
- Van Halsema, J.D.F.**, Skriftelike mededeling n.a.v. die lees van hierdie bydrae in proefvorm. 5 April 2000. (Aanhalings, volgens Van Halsema, uit Albert Verwey: "De ware karbonkel of de slang met de kroon?" in Twm Ts jg 6, afl. 1, jan. 1900. (...) Herdr. in *Luide Toernooien* blz. 75-100. Zie hierover oa Uyldert 1950 blz. 23-24; Uyldert II 156; zie ook "De afrikaansche slang" OD 1 375 ...). Sien *Luide Toernooien*, pp. 88-90.
- Van Niekerk, Marlene**, *Triomf*. Kaapstad: Queillierie. 1994.

Van Vuuren, Helize, 'Die mondelinge tradisie van die /Xam en 'n herlees van Von Wielligh se Boesman-Stories (vier dele, 1919-1921).' In: *Tydskrif vir letterkunde*. XXXIII (Februarie 1995), 25-35.

Weideman, George, 'Voëlent, wurgvy of ligen? Verset deur vereenselwiging'. In: *Standpunte* 150 (Desember 1980). Derde Reeks, jaargang 33, nr. 6.

Weideman, George, *Die donker melk van daeraad*. Kaapstad: Tafelberg. 1994.

Willemse, Hein (samesteller). *Die stukke wat ons sny*. Kaapstad: Kwela Boeke. 1999.

Noten

indringend aandag gegee aan tekste van Elsa Joubert, Marlene van Niekerk en Lettie Viljoen (Ingrid Winterbach) en geïllustreer hoe daar op verskillende maniere te werk gegaan word om die verlede te besweer. Ek beperk my fokus tot die Afrikaanse prosa aangesien 'n verkenning van die drama en die poësie nie binne die omvang van 'n artikel soos hierdie gemaak kan word nie. Uiteraard bly die bespreking oppervlakkig en word die teoretiese onderbou ook nie uitvoerig bereideneer nie. Die doel van die artikel is om aan te toon in welke mate en op welke maniere vroueskrywers in Afrikaans in en deur hulle skryfwerk die kompleksiteit van die Suid-Afrikaanse situasie probeer peil en hoe elke teks wat dit doen bydra tot die polifonie van stemme in Suid-Afrika, stemme wat almal gehoor moet word om helling te bewerkstellig.

2 Suid-Afrika in die negentigerjare van die twintigste eeu

Die soeke na insig en begrip en die psigologies-terapeutiese werking van sowel die vertelhandeling as die lees van narratiewe tekste, word deur teoretici en skrywers van verskillende oortuiginge en uit verskillende periodes van die literatuur en die literatuurstudie omskryf (vgl. Caserio 1979, 288; Elsbree 1982, 11; Du Plooy 1986, 372-377; Ankersmit 1990, 11; Varga, 1990, 21 en 22; Estes 1992, 15; Smuts 1997, 1-7; Van Coller 1997, 17-18; Burger 1997, 26). Maar waar dit in die algemeen geld vir alle literatuur en waar die literatuur in verskillende tale tans rondom die eeu- en milleniumwisseling op meerdere wyses ingespan word om bestek op te neem en te herwaardeer, is dit in besonder aktueel vir die Suid-Afrikaanse situasie aan die einde van die twintigste eeu.

Na die dramatiese politieke veranderinge sedert 2 Februarie 1990 en die eerste algemene verkiesing in April 1994, is daar 'n sterk gevoel dat die land en sy mense hulleself wil en moet herdefinieer en herposisioneer met die oog op die toekoms. Die verhale van baie individue en die verhale van die land word nuut oorvertel in informele situasies soos gesprekke en redenasies sowel as in formele situasies soos by die Waarheid-en Versoeningskommissie en die Amnestiekomitees. In skerper gedefinieerde maar ook meer geskakeerde vorm is daar 'n groot aantal literêre tekste, sommige populêr en ander ernstig, waarin die hervertelling en herinterpretasie van die verhale van die land en sy mense aangebied word (vgl. Van Coller 1997; Burger 1998, 69).

Suid-Afrikaanse skryfwerk vertoon 'n groot verskeidenheid in die periode vanaf 1990 tot 2000, maar die bemoeienis met die verlede is baie prominent. Die oorgang na 'n nuwe millenium bring natuurlikerwys 'n behoefte aan bestek na vore, maar daar is ook in die Afrikaanse letterkunde 'n bykomend verskerpte bewussyn van die geskiedenis vanweë die honderdjarige herdenking van die Anglo-Boereoorlog (1899-1902). Verder staan kulturele en nasionale identiteit skerp in

die fokus, hetsy in die vorm van kritiese beskouinge van vroeëre opvattings oor identiteit of die herdefiniëring van die identiteit met die oog op die toekoms (vgl. Du Plooy 1999, 206 en 207-209).

Die tendense wat in die Afrikaanse literatuur van die afgelope dekade merkbaar is, sluit aan by internasionale tendense soos die kritiese herskrywings van die geskiedenis in historiografiese metafiksie (Van Heerden 1997, 21-23) en die hernude belangstelling in biografieë, outobiografiese tekste, die sogenaamde getuienisliteratuur ("testimonial literature") en die problematiek van persoonlike en kulturele identiteit (vgl. Swanepoel 1996; Swanepoel 1998; Van Coller 1997; Van Coller 1998; Burger 1997; Burger 1998; Smuts 1997; Segers, 1996). In die Afrikaanse literatuur is daar twee belangrike stilistiese strome merkbaar wat verreken moet word as nie-hiërargiese kulturele verskynsels. Waar sommige skrywers gesofistikeerd en postmodernisties skryf, is daar ander wat op grond van die oortuiging dat persoonlike "waarheid" of getuienis die belangrikste is, eenvoudig en "realisties" vertel van die herhaaldelik geproblematiseerde geskiedenis van die land en sy mense. Wat deurlopend merkbaar is, is dat daar 'n duidelike strewe is om al die mense van die land te laat hoor, om die meerstemmigheid van die land te laat spreek (vgl. Du Plooy, 1997).

3 Vroueskrywers van die negentigerjare

Vir die grootste gedeelte van die twintigste eeu is daar in die Afrikaanse letterkunde nie aan vroueskrywers die aandag gegee wat hulle verdien nie en was daar waarskynlik ook nie die nodige aanmoediging vir vroue om met 'n professionele ingesteldheid te skryf nie. In die sewentigerjare is daar egter 'n groot toename in die publikasie van werk van vroueskrywers en volgens Annemarie van Niekerk (1999, 308) "behoort die negentigerjare weer aan die vrou".

Voordat ek na spesifieke skrywers verwys, noem ek 'n paar sake wat myns insiens in gedagte gehou moet word om die bespreking in perspektief te plaas.

3.1 Die werk van vroueskrywers in Afrikaans staan nie los van die groter korpus van skryfwerk in Afrikaans nie. Tot 'n groot mate vind 'n mens 'n bemoënis met dieselfde onderwerpe, dieselfde temas en stilistiese verskynsels by manlike en vroulike skrywers en by jonger en ouer skrywers. Die skrywers skryf immers vanuit dieselfde werklikheid en binne dieselfde nasionale en internasionale literêre klimaat. 'n Waarneming wat gemaak word in resente studies oor die ontwikkeling van vroueskryfwerk in Afrikaans, is dat feministiese geskifte en geslagspolitiese temas minder prominent is as wat 'n mens sou verwag (vgl. veral Van Niekerk 1999, 308; vgl. ook Wenzel 2000). Ek vermoed dat een van die redes daarvoor waarskynlik die feit is dat eksterne sosio-politiese probleme in die konteks waarbinne geskryf is, telkens so dominant was dat dit die denk- en leefwêreld van die skrywers van beide geslag-

te oorheers het en ook die ontvangersruimte en mark bepaal het. Dit geld vir sowel die eerste as die laaste dekades van die eeu (met die Anglo-Boereoorlog aan die begin van die eeu en die afloop van apartheidsera aan die einde).²

3.2 Vroueskrywers in die laaste dekades van die eeu sluit duidelik aan by die tradisie van voorafgaande vroueskrywers, soos wat Annemarie van Niekerk (1999, 306) met verwysing na Lina Spies en Maaïke Meijer aantoon. In die beginjare van die eeu het daar verskeie werke van vroueskrywers verskyn waarin die oorlogsherinneringe op 'n direkte en eenvoudige wyse verhaal is. In hierdie werk val die klem minder op tegniese afronding en literêre bewustheid as op die tematiese belang van wat daar te vertel is. Mense soos Marie Koopmans-De Wet, T.C. Pienaar, Sarah Raal, Maria A. Fischer en veral M.E.R. speel 'n belangrike rol om by wyse van hulle skryfwerk mense te help om die oorlogsmart te verwerk (Van Niekerk 1999, 311-312 en 345-348). Dit is hoofsaaklik gedoen deur daarop te wys dat 'n mens selfrespek kan en moet behou en daarop geregtig is ten spyte van verlies, armoede en moedeloosheid. Daar het weldra boeke verskyn waarin die oorlogsgegewens vir kulturele en politieke mobilisasie gebruik is byvoorbeeld *Die Boervrou, moeder van haar volk* (1914) van W. Postma en *Die vrou in die geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse volk* (1921) van Erik Stockenström (Van Niekerk 1999, 311; Du Plooy 1990). Dit wil egter tog voorkom asof die werk van vroueskrywers meer terapeuties ingestel was deurdat daar sterker op die belewenis en emosionele uitwerking van verlies en smart gefokus is.³ Daar is heelwat kontemporêre werke van vroueskrywers wat duidelik met heling gemoeid is, sowel tematies as ten opsigte van die skryfhandeling, en wat so by die tradisie aansluit. Daar is onder meer *Liesbet Delport se oorlogsboek* (1998) van Berna Ackerman, wat handel oor die uitwerking van die Tweede Wêreldoorlog op 'n Afrikaanse gesin, *Pouoogmot* (1997) van J.M. Gilfillan, *Verbeelde werklikheid* (1996) van Eleanor Baker en selfs Joan Hambidge se *Die judaskus* (1998) (laasgenoemde eksplisiet ten opsigte van 'n persoonlike problematiek). Berta Smit se *Juffrou Sophia vlug vorentoe* (1993) handel oor 'n ouer vrou wat van 'n siekbed herstel nadat ingrypende politieke veranderinge plaasgevind het tydens haar siekte. In die herstelproses is sy gekonfronteer met haarself en opnuut ook met die kompleksiteit van die Suid-Afrikaanse werklikheid. Al dié dinge trek saam in haar skrywerskap en die roman waarin dit beslag kry, sodat die heling en vertelling daarvan byna ononderskeibaar vervleg is in die roman.

3.3 In die negentigerjare verskyn daar steeds werk van gevestigde vroueskrywers, maar daar is ook baie nuwe stemme. Daar is egter in die werk van sowel gevestigde as jonger skrywers 'n sterk fokus op temas wat met verwerking en herskrywing van die verlede te make het. Ek noem 'n paar voorbeelde om die omvang van die verskynsel te illustreer. Jeanne Goosen se novelle *Ons is nie almal so nie* (1990) handel oor die lewe in 'n gewone Afrikaanse gesin tydens die vyftigerjare en die tydperk, waarin apartheid in sy ongesonde werklikheid so duidelik geword het, word op ont-hutsende en aangrypende wyse deur die oë van 'n voorskoolse dogtertjie vertel. Die impak van hierdie werk op die leesgemeenskap in Suid-Afrika was besonder

groot. Daar is ook die werk van kortverhaalskrywers soos Riana Scheepers, Rachelle Greeff, Emma Huismans en Corlia Fourie en die dramaturg Reza de Wet (veral haar Vrystaat-trilogie) waarin die uitpraat en uitskryf en uitspeel van individuele en kollektiewe trauma sterk figureer. Ook in romans wat as populêre literatuur beskou kan word (die sogenaamde goeie gewilde prosa) kom 'n bemoeienis met oortellings van die verlede voor.⁴ 'n Belangrike bydrae hier is die werk van E.K.M. Dido, die eerste bruin vrou wat 'n roman in Afrikaans skryf. Veral haar eerste roman *Die storie van Monica Peters* (1996) is direk gemeet met die strugge-gesiedenis en die uitskryf van vroeër ongesêde dinge.

3.4 Die bemoeienis met die verlede het dikwels te make met 'n ondersoek van herdefinisie van identiteit. In die groot aantal romans en verhale oor die Anglo-Boereoorlog, val die fokus dikwels eerder op die implisiete vraag oor hoe die historiese gegewens lig werp op die huidige identiteitsproblematiek as op die blote historiese gegewens self, soos byvoorbeeld in sommige verhale in die bundel *Boereoorlogstories* (1998) onder redaksie van Jeanette Ferreira (1998) (vgl. Du Plooy 1999).⁵

4 Skryf in Suid-Afrika en die toekoms

Van buite mag dit lyk asof Suid-Afrika deur die moeras is, asof die wonderlike en vreedsame oorgang na 'n nuwe politieke en kulturele bedeling soos 'n gloed van geluk steeds oor die land en sy mense hang en daar sal bly hang. So ongekompliseerd is dit egter nie. Dit is en bly so dat Suid-Afrika se geskiedenis vir 'n groot deel van sy bevolking 'n las is om te dra. Die skuldiges en slagoffers is oral en aan alle kante, die herinterpretasies van skuld en onskuld dikwels verwarrend, die persoonlike waarhede dikwels onmoontlik om te verwerk. Die onlangse verlede se ellendes is ook nie die enigste faktore wat die lewe en werklikhede hier beïnvloed nie - die meeste dinge kom 'n lang pad en die hede bring onvermydelik elke dag nuwe kwellinge.

Die meeste mense besef dat dit nodig is om vrede te maak met die verlede voordat die toekoms met energie en entoesiasme binnegetree kan word. Dit is egter nie so maklik nie. Dit gaan nie net om dit wat verteer en verwerk en afgelê moet word nie, dit gaan ook oor die gevolge daarvan. Die herinnering bevat nie net die verkeerde stelsel, die vergrype, die smart, die verskrikking en lyding nie. Dit sluit ook in die wete van hoe hierdie dinge hanteer is op amptelike vlak, deur elke groep se eie mense en deur elkeen self. Die wete dat nie net die verlede op sigself die bous-tene van die toekoms is nie, maar dat die verwerking van die verlede net so bepalend is, maak mense versigtig en terughoudend. Daar is byna 'n oorbewustheid van die wete dat enigiets verkeerd kan ontwikkel en van die onopsigtelike bose in elke mens. Die struikelinge van die verlede is onuitwisbaar, maar in 'n geweldge-teisterde land weet 'n mens dat die hede geen utopie is nie. Die hede met sy poten-

siaal vir nuwe vervreemdinge word die toekoms se verlede. Ons is nie almal so nie, wil ons graag sê, maar wie kan die verskrikking wat die werklikheid is, ontken? Daar is dus agter die woorde van gesprekke groot en diep stiltes, veral in die Afrikanergemeenskap. Verontskuldiging is onmoontlik. Daar is verslaenheid oor onontkenbare kennis, maar ook die wete dat die toekoms nie in 'n staat van verlamming betree kan word nie.

Die individu kan swyg, maar vir die skrywer is dit nie 'n opsie nie. Die skrywer hanteer dilemmas deur te skryf en te vertel, tot eie beswil maar ook dikwels vir en deur en ter wille van die gemeenskap. Dit is hier waar die rol van die storieverteller so belangrik is, dit is hier waar die storieverteller moet help om dit moontlik te maak om verder te lewe.

In die volgende afdeling van die artikel gaan ek probeer aantoon hoe drie vroueskrywers te werk gaan om te vertel van dinge wat nie maklik onder woorde te bring is nie, maar wat vertel moet word om die persoonlike en kollektiewe psige te verlig en te suiwer. Elsa Joubert, Marlene van Niekerk en Lettie Viljoen word tans as van die prominentste skrywers in Afrikaans beskou (op gelyke voet met manlike skrywers beoordeel) en die werke wat hier behandel word, is in al drie gevalle bekroon (met verskillende pryse). Die onderhawige romans word dus allerweë as belangrike werke beskou, maar vir hierdie artikel gaan dit daaroor hoe wyd en hoe prominent die tendens manifesteer dat skrywers (en veral vroueskrywers) in Afrikaans in die negentigerjare op direkte en indirekte wyse intens gemoeid was (en is) met die problematiek van die verwerking van die Suid-Afrikaanse werklikhede. Wat egter opvallend is, is dat hoewel hierdie skrywers soos baie ander die kontemporêre problematiek in hulle werke betrek, dit op absoluut uiteenlopende wyses gedoen word. Die keuse van skrywers en tekste hou dus enersyds verband met die feit dat die tema van verwerking duidelik en sterk figureer in die werk van die belangrike vroueskrywers in Afrikaans, maar andersyds was ek in besonder geboei deur die verskeidenheid en die eiesoortigheid van styl en werkwyse wat in die werk van spesifiek hierdie skrywers voorkom.

5 Elsa Joubert - die verlede as dokument

Elsa Joubert is een van die gevestigde skrywers in Afrikaans wat haar regdeur haar oeuvre eksplisiet besig hou met die problematiek van Afrika en sy koloniale erfenis. In 1995 verskyn *Die reise van Isobelle*, 'n grootse roman wat die geskiedenis van vier generasies Suid-Afrikaners vertel en 'n periode van 'n honderd jaar dek. Die roman fokus deurgaans op kwessies wat met politiek en identiteit te make het, maar die historiese gebeure word beskryf soos wat dit ervaar word deur die vrouefigure in die verskillende generasies. Dit is dus 'n familiesage volgens die maternale lyn. Die vrouefigure is veral in die vroeë jare van die eeu nie dominante rolspelers in die openbare lewe nie, maar hulle lewens word bepalend beïnvloed deur

dit wat op politieke terrein gebeur. Die feit dat daar hoofsaaklik van vroulike fokalisators gebruik gemaak word, gee 'n hele nuwe visie op die geskiedenis.

Soos wat die verhaal vorder vorm die historiese gebeurtenisse van die eeu die agtergrond van die familie se belewenisse: die Anglo-Boereoorlog, die Eerste Wêreldoorlog, die Rebelle van 1914, die Groot Griep van 1918, die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument in 1938, die Tweede Wêreldoorlog, die verkiesing van 1948, die ontwikkeling en voorspoed van die apartheidsjare, die opbouwende politieke spanning vanweë die rassesituasie, die aankondiging van 2 Februarie 1990 en die verkiesing van 27 April 1994. Daar word selfs nie weggeskram van die ontnugterende en uiters spanningsvolle tyd tussen 1990 en 1994 nie. Dit is asof die roman na die ver verlede teruggaan om te probeer om 'n bepaalde ontwikkeling na te trek. Waar en hoe het die tendense begin wat die geskiedenis later oorheers het? Wie is die mense wat die geskiedenis gemaak, bepaal en beleef het? Dit is asof die skrywer deur die roman die wortels van die gemeenskap wil vind, asof die afkoms en ontwikkeling nagegaan word om die begin en die verloop van die latere verwording te bepaal (Burger 1997).

Die roman begin wanneer die jong Afrikaanse predikant Josias van Velden trou met Emma, wat uit 'n Engelse agtergrond kom. Haar ma, Grandma, en ongetroude suster, aunt Issy, trek saam met Emma in die Van Velden-pastorie in. Emma staan meestal vasgevang tussen haar man met sy toewyding aan die Afrikaanse ideale en haar ma en suster wat nooit hulle Engels/Victoriaanse ingesteldheid prysgee nie. In hierdie gesinsopset veroorsaak die verdeeldheid oor die Anglo-Boereoorlog groot spanning. Emma is byna verlig as Josias vir 'n tyd weggaan om die Boere op kommando as predikant te bedien: 'Sonder die gedurige wrywing tussen Josias en Grandma en Issy sal die spanning verlig word. ... Sy sal haar kan verlustig in die goddelike alleenheid ... sonder gevoel van skuld of verantwoordelikheid' (vgl Joubert 1995, 39). Hierdie patroon van die magtelose vrou wat tussen teenoorstaande ideologieë staan, verander soos die tyd aangaan. Emma se agterkleindogter Leo, is 'n aktiewe en onafhanklike mens wat haar eie besluite neem. Sy neem deel aan die strugle en maak ook 'n bewuste en selfstandige keuse oor haar toekoms in Suid-Afrika.

Een van die deurlopende kwessies in die roman is die karakters se vroeë oor identiteit. Josias vra homself af: 'Wat is hy eintlik self? Ingetrou in 'n Engelse familie...Sy eie hart verkog aan sy mense. Wat maak hom dan met hart en siel so deel van die Boerevolk?' (Joubert 1995, 58). Agnes, skoondogter van die Van Veldens weet nie wie haar eie ouers is nie en bly haar lewe lank soekend. Haar dogter Belle gaan soek na haar moeder se herkoms in Kenia, maar raak verlief op 'n Indiërman en kan daarna nooit weer gemaklik en tuis voel in die identiteit van haar herkoms nie. Belle se dogter Leo raak as student by politieke aktiwiteite betrokke as sy bewus word van die ellende en onreg wat deur die politieke bestel veroorsaak word. Sy en haar neef, Fred raak verlief op mekaar en raak so diep betrokke by die strugle

dat hulle albei in hegtenis geneem word. Fred is uiteindelik meer geïnteresseerd in verset as abstrakte konsep terwyl Leo met hart en siel die welsyn van die land en sy mense op die hart dra. Hy kry 'n werkaanbod en wil graag emigreer, maar sy besluit om agter te bly en hulle ongeboore kind in Suid-Afrika groot te maak (Wenzel 2000).

Leo se optrede gaan gepaard met 'n diepgaande besinning om wat reg en verkeerd is en waarom sy doen wat sy doen. Sy sien haar optrede as iets wat tot die beswil van die land en sy mense sal wees. Sy voel dit is '(n)ie verraad teen dit wat goed is in ons mense nie' (Joubert 1995, 581), want sy bly haarself as 'n Afrikaner sien. In die tronk dink Leo dan ook: 'Mens het 'n Afrikaner nodig om te verstaan wat jou hiertoe gedryf het' (Joubert 1995, 570).

Met die aankondiging van 1990 verwag almal dat die politieke spanning ontloft sal wees, maar geweld en chaos breek kort-kort los. Vir Leo en Fred verloop dinge nie goed nie. Ten spyte van hulle betrokkenheid by die struggle, sukkel hulle om werk te kry en 'n plek in die nuwe omstandighede te vind. Hulle is immers wit en Leo voel aan dat sy gewantrou word (Joubert 1995, 613). Wanneer Leo op die TV kyk na die inhuldiging van die nuwe president is sy trots op haar bydra tot die nuwe bedeling, al is sy bekommerd omdat sy weet dat Fred graag die werkaanbod in die buiteland wil aanvaar: 'Weg van hierdie land en hierdie rffense sal sy soos 'n plant wat uitgeruk is, verdor' (Joubert 1995, 612). Wanneer swart straatmusikante egter die 'ou, geliefde, bedreigde volkslied', die Stem, en Nkosi Sikelel' iAfrika met dieselfde oorgawe speel, skep sy moed: 'Wat ook al voorlê, nie wankelende ewewig nie. Eerder geloof in die onmoontlike verby die moontlike' (Joubert 1995, 616).

Elsa Joubert bou hierdie wye tafereel van die Suid-Afrikaanse geskiedenis op deur haar verhaal op deeglike navorsing te laat steun. Sy gebruik briewe en dokumente soos dagboeke en geskrifte om outentisiteit aan haar rekonstruksie van die verlede te gee. Veral foto's beklee 'n spesiale plek in die roman (Van Coller 1998). Die outentieke foto van 'n piekniktoneel op die buiteblad is inderdaad die toneel van 'n uitstappie wat in die roman beskryf word. Foto's speel egter deurlopend en toenemend 'n rol in die roman. Fotografie en foto's word metafoor van die vermoë om 'n moment vas te vang, maar ook van die bedrieglikheid van representasies en die onmoontlikheid daarvan om ooit 'n moment se essensie te kan weergee: 'Julle wat foto's neem, is swendelaars, handelaars in die verganklikheid, of in die dood ... Altoos die oomblik aan die vaslê wat klaar is, wat verby is' (Joubert 1995, 234). Foto's dokumenteer, soos geskrifte en selfs hierdie vertelling ook, maar foto's kan ook bedrieg: 'Miskien nie lieg nie, maar skeeftrek kan hy...' (Joubert 1995, 371).

Dit gaan dus terselfdertyd om 'n poging om die verlede vas te vang en die wete dat die verlede nooit getrou herskep kan word nie. Joubert doen egter moeite om die geloofwaardigheid van die historiese raamwerke op te bou en die karakters as oortuigende mense van hulle tyd uit te beeld. Sy skryf oor elke periode as't ware van

binne uit en beoordeel en veroordeel nie met 'n blik uit die hede nie. Al gee die verteller kommentaar, is die dokumentêre historiese getrouheid deurentyd belangrik.

Joubert se werkwyse kan dus beskryf word as 'n verbeeldingryke herskepping van 'n wêreld op die basis van 'realistiese' en 'konkrete' feite wat uit navorsing na vore kom. Dit is asof sy verteruggaan in die verlede om te probeer uitvind waar die wortels van die hede lê. Die roman is dus sowel vertroostend as ontstellend - die mense uit vorige generasies was nie monsters nie, maar menslike feilbaarheid in voorspoed en teëspoed het verreikende gevolge. Gebrekkige insig en selfsugtigheid, maar ook 'n soort magteloosheid ten opsigte van die persoonlike en sosiopolitieke omstandighede dikteer die gang en ontwikkeling van sake. Die lyding sowel as die tekortkominge van een geslag bepaal die omstandighede vir die toekomstige geslagte.

Hoe ook al, hierdie roman verdoesel en vergoelik niks nie. Die verhaal konfronteer sy lesers met 'n omvattende beeld van 'n land en 'n kulturele groep se geskiedenis deur die 'feite' of minstens die verhaalbare inligting van die verlede noukeurig te versamel en aan te bied. Joubert is dus besig met 'n soort argeologie van die kollektiewe geheue en trek die lyne na van 'n honderd jaar in Suid-Afrika.

6 Marlene van Niekerk en die mite

In 1994 verskyn Marlene van Niekerk se roman *Triomf*, wat handel oor vier lede van die Benade-gesin, twee broers Pop en Treppie, hulle suster Mol en haar seun Lambert. Hulle woon in die voorstad Triomf waar arm Afrikaners gevestig is nadat die inwoners van Sophiatown elders heen verskuif is in die vyftigerjare. Die Benades het Johannesburg toe getrek nadat hulle hulle plaas verloor het in die Depressiejare. In die stad verarm en versleg hulle. Hulle woon aanvanklik in een kamer en die kinders moet dikwels alleen tuis bly. Later word hulle hervestig in Triomf. Hulle troos hulleself daaraan dat hulle nog altyd 'n dak oor hulle kop gehad het en dat hulle mekaar het, maar juis hierdie twee dinge lei tot 'n ongesonde afsondering en bloedskanie. Lambert is inderwaarheid Pop se seun by sy suster en die roman sentreer om hierdie geheim.

In die roman gaan dit om menslikheid op die droesem van die lewe. Afgesien van die bloedskanedlike verhouding tussen Mol en Pop, kalmeer Mol ook Lambert se aanvalle deur haar lyf vir hom beskikbaar te stel. Treppie is 'n soort selfgemaakte filosoof wat in wilde en ongebreidelde toesprake welsprekend raak oor die land, die politiek, die kerk, die lewe self. Hierdie roman werk inderdaad met daardie aardse natuurlike karakters wat Nietzsche ook as die interessantste persoonlikhede gesien het (Muller 1994, 299).

Die roman is geskryf in ruie taal, deurspek van growwe woorde, vloekwoorde sowel as gewraakte rassitiese woorde en sleng (mengtaal). Dit is 'n oorwoekerende boek

wat met sy oorweldigende energie en detail vir sommige lesers byna te veel is. Humor, ook galgehumor, en patos, die patetiese en groteske, die kleinste en die grootste, al die pole word hier bymekaargebring en deureengevleg.

Wanneer die simboliese en filosofiese onderbou van die roman raakgesien en raakgelees word, besef 'n mens dat dit hier gaan om 'n besonder diepsinnige siening van die mens. Dit gaan onder meer daarvoor dat die mens kennis van sy sonde en ellende moet hê, 'n ware en eerlike en skokkende kennis van sy eie verderflikheid voordat hy sy behoefte aan genade kan besef, voordat hy ontvanklik is vir genade. En via die Benades staan die Afrikaner en ook alle mense aan hulleself ontbloot. Die bese en verderflike gedy hand aan hand met die goeie en liefdevolle, soos wat Mol in haar bloedskande met haar seun hom daarvoor weerhou om sy gewelddadigheid elders te gaan afwerk. Die oorwaardering van 'n eie blyplek en familiebande is 'n genadelose simboliese kommentaar op die Afrikaner se afsonderingsideale in die apartheidsjare. So word die ongesonde kante van positiewe waardes ontmasker - enigiets wat verabsoluteer word, word siek (Viljoen 1995,9).

Ontmaskering is inderdaad hier 'n sleutelbegrip, want terwyl 'n mens dink dat hierdie laeklaslewe en taboebestaan ver van jou beskutte lewensstyl is, kan jy die algemeen-menslike gebrokenhede nie ontken nie. Die teks gebruik dissonansie en travestie in die verhaal van die Benades, maar uiteindelik kom daar 'n mitiese dimensie uit die miserabele en skeefgetrekte en verskriklike lewens na vore. Van Niekerk (Hough 1994) sê in 'n onderhoud: 'As 'n mens jonk is, dink jy filosofie het met groot woorde te make. Hoe ouer jy word, hoe meer begin jy verstaan dat die eintlike taak is om hierdie sogenaamde diep filosofie terug te bring tot by sy wortels van die ervaring en ekspressie by gewone mense, want waar kry die filosofe dit nou eintlik alles vandaan?'

Martie Muller (1994, 297) toon aan hoe Lévi-Strauss en Ricoeur se sienings van die mite in *Triomf* funksioneer: '...natuurverskynsels, personasies, voorwerpe en gebeurtenisse in die mite (is) nie in die eerste plek representasies van die werklikheid nie, maar middele waarmee die mite die natuurlike logiese orde van die realiteit probeer verklaar ... die mees fundamentele funksie van die mite (is) dat hy probeer deurdring na die fundamentele enigma van die menslike bestaan'. Die mens leef altyd in 'n tussentoeestand vanweë die teenstrydigheid tussen sy strewe na geluk, die geloof dat dit vir hom voorbestem is om gelukkig te wees en die bedenklieke werklikheid waarin hy hom inderdaad bevind. In hierdie staat probeer hy oorleef en triomfeer, maar oortree in die proses kultureel-etiese reëls en wette. Volgens Marlene van Niekerk self lê 'n inherente kenmerk van die mite daarin dat daardie dinge wat onmoontlik oop en bloot erken kan word, dit wat vir die bewussyn verborge moet bly, op indirekte wyse deur die mite bely kan word (Muller 1994,303). In die roman *Triomf* word die leser dus gekonfronteer met 'n uitvergroete oordrewe beeld van menslike gebrokenheid en terselfdertyd word dit duidelik hoe die menslike kondisie bepaal word deur die onskeibare en haas ononderskeibare vermenig van die goeie en die slegte, van die mooie en die afstootlike. Deur die karak-

ters kan die leser iets begryp van die mens se verdorwenheid, van sy broosheid, van sy uitgelewerdheid aan homself en sy omstandighede. Deur selfkennis kan die mens dan ontvanklik wees vir deernis en ook in staat om deernis te voel vir ander. Marlene van Niekerk probeer dus tot insig kom en tot 'n vergelyk kom met die verlede deur die mitiese kwaliteit van menslike feilbaarheid in die roman te ontgin. Vir die leser word daar 'n katarsis voorberei om déúr verskrikking en afgryse heen die kompleksiteit en weerloosheid van die menslike bestaan te begryp en te weet dat hy/sy self daarby ingeslote is.

7 Lettie Viljoen en die onbewuste

'n Deurlopende tema in Lettie Viljoen se oeuvre⁶ is die teenoormekaarstelling van private en openbare ruimtes. Daar is telkens 'n vrou wat die wêreld vanuit 'n meer of minder afgeslote ruimte betrag, maar wie se lewe ingrypend beïnvloed word deur dit wat in die buitewêreld gebeur. Die narratiewe ruimtes in haar werk is dus geografies, geologies en ideologies (polities en ekonomies) tipies Suid-Afrikaans, maar tog sterk afgestem op die psigologiese dimensies van die hoofkarakters (vgl. Du Plooy 1998; Human 1998, 73-98).

In die roman *Karolina Ferreira* (1993) gaan 'n vrou na 'n klein Vrystaatse dorpie om navorsing te doen oor 'n bepaalde motspesie. Sy bevind haar in 'n tussenfase in haar lewe en moet opnuut psigologiese energie genereer om 'n nuwe rigting in te slaan. Sy woon in die hotel waar sy saans in die kroeg saam met die mans snoeker speel, whisky drink en luister na wat hulle praat. Sy oorskry grense op verskillende maniere: deur die manswêreld van die kroeg versigtig maar onbevrees te betree en deur verskillende vriendskappe en verhoudinge met verskillende mans aan te gaan. Sy doen navorsing saam met Willie, praat politiek met Pol, dans met die Koleynekêrel, ry saam met die polisie in die nag en besoek haar minnaar Jess. Sy lê lang tye op haar bed as haar werk vir die dag afgehandel is en droomdink en mediteer. Saterdaggaande dans sy met oorgawe met die Koleynekêrel, maar praat nooit met hom nie. In die snoekerkamer raak sy bewus van donker en sinistêre dinge wat in die dorp gebeur. Die polisiemanne wat saam snoeker speel, verdwyn soms geheimsinnig en keer later weer terug en Karolina vermoed dat hulle betrokke is by geweld al sonder sê niemand iets daarvan nie.

Net soos wat die hoofkarakter se onbewuste en psigologiese binnelewe nie openbaar is nie en nie kenbaar is nie maar tog die bepalende krag van haar persoonlikheid en lewenswerklikheid is, so het die dorp ook 'n verborge en geheime lewe. Die kollektiewe psige is egter gevul met boosheid en onheil en dit word metafoor vir die Suider-Afrikaanse psige. Onder die oppervlak en sonder dat mense dit weet, gedy geweld, onreg en verworde reg.

Karolina verken haar eie psige om opnuut rigting te kry in 'n Jungiaanse individuasieproces. Sy slaag wel daarin om psigies en emosioneel 'n nuwe fase binne te

gaan, maar sy bly bewus daarvan dat die proses van groei tot selfkennis en insig nooit afgehandel kan wees nie. Die suggestie is dat die proses van soek na nuwe uitweë, van nuwe maniere van kyk en dink, nie net op individuele vlak vernuwend is of kan wees nie, maar ook kollektief. Soos wat die individu deur individuasie nuwe geesteskrag genereer en nuwe visies verken, moet die gemeenskap ook voortdurend soek na vernuwing en bevrugting om te bly groei. Die stagnasie word in die roman beëindig met die brand in die hotel, waardeur die sentrum van die bosaas't ware vernietig word. So gaan vernietiging ook in die gemeenskap die moontlikheid van vernuwing vooraf.

In die roman *Landskap met vroue en slang* (1996) beleef Lena Berg 'n tyd van inkeer (Human 1998, 99-125). In haar lewe verskuif die klem van sterker betrokkenheid by sosiale en ideologiese sake na die gesin en die huis. Lena leef hoofsaaklik waarnemend en beweeg hoofsaaklik in en om haar huis. Haar kontak met die buitewêreld is indirek en geskied tot 'n mate deur haar vriende. Dit is egter asof haar hele verlede sinchronies in haar hede aanwesig is en die hede en toekoms bepaal: 'In haar werkkamer word Lena omring deur die oorblyfsels van haar lewe' (Viljoen 1996, 39). Dit is asof Lena se lewe afgeleë is van die toekoms, asof die hede 'n raakvlak is waarin sy hang en waaruit die verlede na agter ontvou, maar die toekoms is soos 'n ondeursigtige membraan. 'n Wyse vrou sê vir haar sy moet die verlede agter haar sit (Viljoen 1996, 125) en later sê 'n wyse man vir haar: 'Jy hoef die verlede nie agter te laat nie ... maar moenie te gehag raak daaraan nie' (Viljoen 1996, 148).

Dit gaan in die romans van Lettie Viljoen nie om die alledaagse praktiese probleme nie. Dit gaan myns insiens om sinsvrae. Die romans is nie met daadkragtige handeling of etiese kwessies gemoeid nie, al is die roman ingebed in 'n konteks van etiese en ideologiese vraagstukke. Dit gaan oor die manier waarop die mens bestaan en ervaar en sulke sinsvrae kan nie konseptueel beantwoord word nie. In die postmodernistiese idioom kan sulke vrae ook nie vanuit een of ander filosofiese of ideologiese raamwerk beantwoord word nie, aangesien die meesterverhale (die denkraamwerke, matrikse of 'root metaphors') uitgeput, gekontamineer en gestigmatiseer is (Du Plooy 1998).

Die hoofkarakter in *Landskap met vroue en slang* is dus 'n luisterende en waarnemende mens wat in 'n intieme interaksie met die temporele en ruimtelike omgewing in 'n soort afwagting verkeer. Haar hele lewe is 'n liminale ervaring. Dit is asof sy wegstrem van die konfrontasie met die groot en onkenbare werklikheid waarmee sy in geïsoleerde fragmente te make kry. Lena bly vir die grootste gedeelte van die verhaal passief asof sy geestelik verlam is, maar teen die einde kom daar beweging.

Wanneer Lena saam met twee vriendinne 'n lykskouing bywoon, vind daar 'n kragtige emosionele beweging in haar plaas. Dit is 'n lykskouing op 'n meisietjie wat gewelddadig gesterf het en met 'n soort gefassineerde afgryse kyk hulle hoe die kind se liggaam deur die medikus oopgesny word. Dan is dit asof die opening in die geskonde kind se lyf, 'n korrelerende emosionele skeur in Lena se liggaam

teweegbring: 'In Lena se lyf - in die middel van háár borskas - voel dit asof daar 'n sluis oopgaan waardeur die teenstrydige emosies soos vloedwater losgelaat word' (Viljoen 1996, 201). Dit is enersyds asof die konsentrasie op iets heeltemal buite haar, op 'n vorm van geweld waarmee sy niks te make het en waaraan sy niks kan doen nie, haar van haarself losmaak, maar andersyds is dit juis die konfrontasie met die gruwelike, met die onuitstaanbare wat haar uit haar passiwiteit ruk en die 'droefheid in haar gewelddadig laat loskom' (Viljoen 1996, 202).

Juis vanweë die stiller gang van die roman, vanweë die onkragdadigheid van die karakters, is die skielike aanwesigheid van die afwesige geweld skokkender as openlike beskrywings van geweld. Die subtiliteit van die werkwyse maak die aggressie wat onder die oppervlak skuilgaan, soveel skrikwekkender. En saam met die karakter is die leser gekonfronteer met die skadukant van die werklikheid.

In die lig van die Jungiaanse onderbou van die roman, kan 'n mens die kind as 'n soort offerfiguur beskou wat meewerk tot die individuasie van die karakter. Nog Karolina nog Lena is kragdadig met die omgewing in interaksie, hulle is gewoon deel daarvan en hulle het momente van fisiese onttrekking juis nodig om nuwe uitweë te vind, om dinamiese openinge en nuwe denkwêë te vind. Vir die skrywer is die teks self so 'n nuwe denkweg - die teks is die opening waardeur die toekoms betree word en is ook die produk van die proses wat daaraan voorafgaan. 'n Soortgelyke proses kan hom in die leser voltrek by die lees van die roman.

Lettie Viljoen se romans suggereer die waarde van psigologiese vernuwing, van die belangrikheid van regeneratiewe prosesse wat vanuit die onbewuste op die psige inwerk. Daar kan nooit in enige verlede, persoonlik of kollektief, vasgeval word nie, daar moet steeds gesoek word na nuwe denkwêë, hetsy ideologies of esteties of poëtikaal. Dit geskied in 'n oneindig herhalende proses soos wat die relativerende eindes van Viljoen se tekste suggereer. Karolina en Lena vind respektiewelik wel elkeen 'n denkweg, wat, hoewel dit geen finale of absolute oplossing is nie, wel 'n beweging uit die impasse uit bewerkstellig en tot kreatiewe handeling lei. Stagnasie lei tot futiliteit en 'n geestelike dood.

Hierdie romans tree dus in interaksie met die persoonlike en kollektiewe verlede, ook en juis met daardie dinge wat verborge lê in die individuele en kollektiewe onbewuste, deur psigiese energie te genereer. Dit word gedoen deur met ontsag waar te neem en te luister en te kyk en te wag op die psigiese regenerasie, wat veral manifesteer in kreatiwiteit (Du Plooy 1998, 21). Hierdie proses vind plaas in 'n periode van onttrekking en deur 'n inkyk op die self. Die produk daarvan is nie net genesing en die vermoë om dinge te verwerk nie, maar ook nuwe geestelike groei en kreatiwiteit. Indien hierdie prosesse stol, in die individu of in die gemeenskap, lei dit tot onberekenbare skade.

8 Slot

Vroueskrywers in Afrikaans skryf oor baie onderwerpe en in baie style, maar ek glo dat die oorsig hierbo toon dat kwessies soos die verwerking van persoonlike en kollektiewe trauma en genesing prominent figureer in literatuur wat in die negentigerjare verskyn. Dit geskied deur sterk te fokus op geheue en getuies en die vertelling as 'n indirekte middel tot heling beskikbaar te stel. Om kategorieë te beweer dat vroueskrywers meer met sulke temas werk of dat hierdie dekade 'n dominante voorkeur vir sulke temas vertoon, sou aanvegbaar wees. Dit wil egter tog vir my voorkom asof die historiese omstandighede van Suid-Afrika, juis in hierdie dekade, 'n sterker bewussyn van die helende uitwerking van vertelling vertoon as wat gewoonweg in ander dekades of in ander omstandighede die geval was.

Dit sou riskant en arrogant wees om kategorieë uitsprake te maak oor verlede of hede of toekoms in 'n land en in omstandighede waarin mense gekonfronteer staan met 'n oneindige aantal moontlikhede en veranderlikhede. Logika en teorie skiet tekort, maar vertellers kan bly vertel. 'n Mens moet beaam wat Umberto Eco eens gesê het: Dit waaroor nie geteoretiseer kan word nie, moet vertel word (Dipple 1988,118).

Ek het probeer aantoon dat dit nie gaan om ligte troos en sentimentele praatjies in die Afrikaanse literatuur nie, maar dat vroueskrywers werklik grondig met die kompleksiteit van die laat twintigste-eeuse geskiedenis in interaksie tree en wel op uiteenlopende maniere. Elsa Joubert se werkwysse gaan om die kreatief-fiksionele invulling van 'n dokumentêr-begronde en 'realisties'-herskepte historiese raamwerk, Marlene van Niekerk ontgin op virtuose wyse die mitiese en filosofiese dimensies van die lewe van die gewoonste mense en Lettie Viljoen werk gedistilleerd Jungiaans, vanuit die onbewuste.

Die belangrikste is dat storievertellers soos hierdie inderdaad kan meewerk tot die heling van die gemeenskap, dat in en deur vertelling selfkennis en insig en nuwe groei moontlik gemaak word.

Bibliografie

- Ankersmit, Frank, 'Inleiding. De metamorfoses van het verhaal.' In: *Op verhaal komen. Over narrativiteit in de mens- en cultuurwetenschappen*. Eds. Frank Ankersmit, Marinus C. Doeser & Aron Kibédi Varga. Kampen: Kok, 1990.
- Brink, André P., *Die duisend-en-tweede nag*. Potchefstroom, 1999 (T.T.Cloete-Erelesing).
- Burger, Willie, 'Geskiedenis in resente genealogiese romans'. In: *Stilet IX* (1997) afl.2, 22-32.
- Burger, Willie, 'Reis as ondergraving van meestersverhale: die reise van Ratkas en Isobelle'. In: *Literator* 19 (1998), afl. 3, 69-84.
- Casario, R., *Plot, story and the novel*. Princeton, New Jersey: Princeton University Press, 1979.
- Dipple, Elizabeth, *The unresolvable plot*. New York: Routledge, 1988.

- Elsbree, E., *The rituals of life. Patterns in Narrative*. Port Washington, New York: Kennikat Press, 1982.
- Estes, Clarissa Pinkola, *Women who run with the wolves*. London: Random House, 1992.
- Du Plooy, Heilna, *Verhaalteorie in die twintigste eeu*. Durban: Butterworth, 1986.
- Du Plooy, Heilna, 'Die polifoniese gesprek'. In: *Stilet* II (1990), afl.2, 1-14.
- Du Plooy, Heilna, 'Die literatuur self is weer voor - Vatmaar van A.H.M. Scholtz'. In: *Stilet* IX (1997) afl.2, 69-80.
- Du Plooy, Heilna, *Oopte en afbakening: ruimtes en rame in die oeuvre van Lettie Viljoen*. Mtunzini, 1998 (Referaat gelewer by ALV-Hoofkongres).
- Du Plooy, Heilna, 'Die deurlopende koord'. In: *Literator* 20 (1999), afl. 3, 201-212.
- Hough, Barrie, 'Marlene se *Triomfwys* ons is almal so'. In: *Rapport* (26 Junie 1994).
- Human, M.P., 'Karolina Ferreira' en 'Landskap met vroue en slang' (deur Lettie Viljoen) in 'n postkoloniale konteks. Johannesburg, 1998 (M.A.-verhandeling).
- Joubert, Elsa, *Die reise van Isobelle*. Kaapstad: Tafelberg, 1995.
- Krog, Antjie, *Lady Anne*. Johannesburg: Taurus, 1989.
- Muller, Martie, *Betekenisvorming in poststrukuralistiese literêre teorieë en die relevansie daarvan vir die eietydse Afrikaanse verhaalkuns*. Potchefstroom, 1994 (Ph.D.-proefskrif).
- Segers, Rien T., *Inventing a Future for Literary Studies Research and Teaching on Cultural Identity*. Potchefstroom, 1996 (SAVAL Plenary Lecture).
- Smuts, J.P., 'Die Afrikaanse prosa 1990-1995: 'n leesverslag'. In: *Stilet* VIII (1996) afl.2, 1-17.
- Smuts, J.P., 'Die nuwe herinneringsliteratuur in Afrikaans'. In: *Stilet* IX (1997) afl.2, 1-8.
- Swanepoel, Eduan, 'Ubuntu en individualisme: enkele opmerkings oor die Suid-Afrikaanse outobiografie'. In: *Stilet* VIII (1996) afl.1, 20-27.
- Swanepoel, Eduan, 'Waarheid en versoening: Representasies van die Suid-Afrikaanse oorlog (1899-1902) in Afrikaanse, Engelse en Nederlandse fiksie'. In: *Stilet* X (1998) afl.2, 163-78.
- Van Coller, H.P., 'Die waarheidskommissie in die Afrikaanse letterkunde: Die Afrikaanse prosa in die jare negentig'. In: *Stilet* IX (1997) afl.2, 9-21.
- Van Coller, H.P., 'Die reisverslag van 'n postkolonialistiese reisiger: *Die reise van Isobelle* deur Elsa Joubert'. In: *Literator* 19 (1998), afl.3, 53-68.
- Van Heerden, Etienne, 'Die geding met die geheue: kontemporêre fiksie se bydrae tot teoretiese besinnings oor die historiografie'. In: *New Contree* 42 (1997), 21-34.
- Van Niekerk, Annemarié, 'Die Afrikaanse vroueskrywer - van egotekste tot postmodernisme (18e eeu - 1996)'. In: *Perspektief en profiel*. Ed. H.P. van Coller. Pretoria: J.L. van Schaik, 1999.
- Van Niekerk, Marlene, *Triomf*. Pretoria: Queillierie-Uitgewers, 1994.
- Varga, Aron Kibédi, 'Het verhaal in de literatuur.' In: *Op verhaal komen. Over narrativiteit in de mens- en cultuurwetenschappen*. Eds. Frank Ankersmit, Marinus C. Doeser & Aron Kibédi Varga. Kampen: Kok, 1990.
- Viljoen, Lettie, *Karolina Ferreira*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1993.
- Viljoen, Lettie, *Landskap met vroue en slang*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1996.
- Viljoen, Hein, *Luister ware vryheid na die wette? Transgressie/transisie en/as literêre waarde*. Potchefstroom, 1995 (Referaat by SAVAL-kongres).
- Wenzel, M.J., *Literary Convention as a Feminist Strategy*. Potchefstroom, 1995 (Ph.D. Thesis).

- Wenzel, Marita**, 'The African Connection: Elsa Joubert's Journeys towards Selfhood and Commitment'. In: *Current Writing*, 1999 (ter perse).
- Wenzel, Marita**, 'The "Doubleface" of the White Woman in South African Fiction'. In: *Colonies, Missions, Cultures in the English-Speaking World: General and Comparative Studies*. Ed. Gerhard Stilz. Tübingen, 2000.

Noten

- 1 Brink maak hierdie stellings in die T.T.Cloete-Erelesing getiteld 'Die duisend-en-tweede nag', gelewer te Potchefstroom op 8 September 1999. Die lesing gaan oor die belangrike rol en funksies van die narratief in die gemeenskap en wat dit impliseer in die kontemporêre Suid-Afrikaanse omstandighede.
- 2 Die komplekse situasie waarin vroue hulle bevind binne sowel die koloniale as patriargale opset in Suid-Afrika word uitvoeriger beredeneer deur Marita Wenzel (1995; 1999, 3 e.v.). Sy toon aan hoe grondliggend die omstandighede in ontwikkelende lande of derdewêreldlande verskil van dié in vooruitstrewende en gevestigde lande. Die posisie van die koloniale vrou (wit vroue in die geval van Suid-Afrika) is ook veel meer kompleks as wat 'n mens op eerste sig sou dink.
- 3 Eduan Swanepoel (1998) toon aan hoe daar vyf fases in die 'gebruik' van die oorlogsgegewens na die Anglo-Boereoorlog onderskei kan word. Aanvanklik was daar suiwer getuieis ('testimony') en dan volg getuieis op grond van herinneringe en geheue (wat veranderinge en klemverskuiwings vertoon). Daarna kom die fase waarin herinneringe en selektiewe geheue gebruik word as propaganda. Dan is daar 'n fase van stilte wat oorgaan in 'n periode waarin daar gestreef word na 'n nuut-gemerkte en nuutverwerkte definiëring van identiteit. Hierdie fase is bereik in die periode van 1990-2000.
- 4 Ek gee enkele voorbeelde: Marita van der Vyver se *Die dinge van 'n kind* (1994), Johnita le Roux se *Die Dagsêrwals* (1994), Zuretha Roos se *Die verdwyning van Mina Afrika* (1995) en *Die tuiskoms van Mina Afrika* (1996) (vgl. ook Smuts 1995). In *Brug van die esels* (1992) van Dalene Matthee word die geskiedenis ook vanuit die hede beskou om die 'kraak' in die verlede te vind.
- 5 Die gebruik van die verlede in die gesprek oor die kontemporêre identiteitsproblematiek is ook prominent in die werk van manlike Afrikaanse skrywers en ook in die poësie, veral in 'n bundel soos *Lady Anne* van Antjie Krog.
- 6 Lettie Viljoen is die skuilnaam van Ingrid Gouws en haar eerste vyf werke is onder hierdie naam gepubliseer. Haar jongste roman, *Buller se plan* (1999) verskyn onder die naam Ingrid Winterbach, wat haar nooitensvan is.

Die orale tradisie in die werk van twee Afrikaanse outeurs

Abraham H. de Vries

Byna so lank as wat Afrikaanse verhale en gedigte bestaan, put Afrikaanse outeurs al inspirasie uit orale vertellings en mondeling oorgelewerde 'volkspoësie'. Soos verwag kan word, was die bronne aanvanklik Nederlands, Duits en Engels, wat dan verafrikaans is en vervorm is in al die verskillende variante. Met sy *Dierestories* (1907) en *Boesmanstories* (vier dele, waarvan die eerste in 1919 verskyn het) begin G.R. von Wielligh die tradisie van optekening van verhale uit die mond van inheemse gekleurde vertellers.

President Mandela en die pryssangers

Geen ondersoek na die herontdekking van ouer skrywers in Afrikaans kan dus volledig wees sonder aandag aan ook die vertellers en die naamlose digters in die orale tradisie nie.¹ Met die politieke bevryding en die bewindsoorname in 1994 het daar bowendien in die oratuur interessante ontwikkelinge plaasgevind. Toe president Nelson Mandela in 1994 ingehuldig is, was daar op die podium twee figure in tradisionele Xhosa-drag wat buitelandse joernaliste stomgeslaan het en van wie ook nie alle Suid-Afrikaners geweet het wat hulle funksie was nie.² Die optrede van hierdie *izimbongi* of pryssangers (enkelvoud=*imbongi*) daardie dag, sê Russel Kaschul (1995, 69) tereg, was waarskynlik ook vir vele Suid-Afrikaners die eerste kennismaking met een van die oudste kunsvorme van Afrika, die *izibongo*, prysliedere, die uitstorting van poëtiese aanprysing, gewoonlik (hoewel uiteraard nie by die inhuldiging nie) in kombinasies met sosiale kritiek. Die *imbongi* komponeer die prysliedere nie vooraf nie, dit ontstaan tydens die voordrag en in vele gevalle is dit eenmalige geleentheidsliedere. Prysliedere kan aristokratiese mag, militêre prestasies, persoonlike oorwinnings, selfs die inisiasie van seuns aanprys (De Wit en Erasmus 1993, 49 ev). Dié vir vroue van koninklike herkoms, heet *izihasho* - en nóg *izibongo* nóg *izihasho* is net aanprysend (Turner 1955; 59 ev.). Die *izihasho* lewer ook sosiale kommentaar, vertel wat die gemeenskap dink. In *izibongo* het die *imbongi* insgelyks 'n sosio-politieke funksie, hy is die stem van die gewone onderdane; hy moet ook aan die heerser nie slegs die lof en eer van sy volgelinge toebring nie,

maar ook kritiek laat hoor, hy moet kenbaar maak wat die volgelinge van 'n seker saak dink. Volgens Kashula (1995, 67) is die *imbongi* juis as gevolg hiervan geëerde lede van die gemeenskap en is vele van hulle tydens die apartheidsera selfs tronk toe gestuur vanwee hul volgehoue kritiek op hoofmanne en politici wat saamgewerk het met die apartheidsregering.

Hoe verskillend ook die figure was oor wie die buitelandse besoekers so verbaas was by pres. Mandela se inhuldiging, hulle was 'n bekende verskynsel in 'n nuwe gedaante: die *imbongi* het, wat betref sy funksie, iets weg van die 'court jester', die hofnar vir wie dit ook gaan om 'the conscience of the King'. Dit was, soos in vele ander gevalle, die voorkoms, die verskyningsvorm wat vreemd, misleidend was.

Die pryssanger is maar een van die vele "outeurs" en prysliedere maar een van die vele genres in die mondelinge tradisie. Saam met die verskillende vorme van "volkskuns" wat opgeteken is, vanaf die eerste geskifte, vorm al die verskillende soorte verhale, dierestories, spookstories, sprokies, al die verskillende spontane poëtiese uitinge van die Afrika-mens (liries of dramaties voorgedra) 'n ryk tapisserie.

Mondelinge oorlewerings as grondstof

Vir die doel van hierdie essay is nagegaan hoe aspekte van hierdie mondelinge oorlewerings gebruik is as grondstowwe in die Afrikaanse werke van twee outeurs. Vir die prosa fokus die ondersoek op Eugène Marais se sg. "dwaalstorie", getiteld "Klein Riet-alleen-in-die-Roerkuil", waarin elemente uit die Boesman³ en Khoisan mitologie herkenbaar is. Vir die poësie is daar gekyk na hoe Boerneef die Afrikaanse volkspoësie van die landstreek bekend as die Koue Bokkeveld in sy poësie integreer. Eerstens die prosa.

Verkenners, optekenaars en verwerkers – 'n klein inventaris

Die Afrikaanse skrywer het nie by die volkeprobleem begin nie. Hy het eers in tien- en tientalle studies sy mede-vastelandbewoners begin verken, begin verstaan... (Louw 1964, Inleiding, 7).

Die bekendste 'verkenners', die eerste optekenaars in die Afrikaanse letterkunde van die mondelinge oorlewering van die Boesman en die Khoikhoi is naas G.R. von Wielligh, met sy genoemde *Boesman-Stories*, ook die sendelingseun en Sotho-kenner, G.H. Franz, met *Molosi die Wyse* en *Moeder Poulin*. In 'n meer romantiese toonaard is daar P.J. Schoeman se verskillende Fanie boeke: *Fanie se veldskooldae* en *Fanie word grootwildjagter*, soos ook sy *Swerwersprokies* en *Op ver paaië*. Byna altyd vergesel van belangrike volkekundige wetenswaardighede is Minnie Postma se optekening van verskeie Sotho-legendes, waarvan 'n keur saamgestel is met 'n belang-

rike voorwoord deur Hennie Aucamp onder die titel, *As die maan oor die lug loop*. Bleek en Lloyd se standaardwerk van opgetekende en vertaalde Boesmanverhale *Specimen of Bushmen Folklore* het in Engels verskyn.

In sy versameling Afrika-verhale, *Wys my waar is Timboektoe* meld Hennie Aucamp (1997, 3) dat die publikasie van etniese materiaal vroeër 'n belangrike komponent was in Afrikaanse tydskrifte en dat hierdie verhale gewild was omdat die Afrikaanse leser daarin sy eie préliteratuur herken het: jagstories, liegstories, spookstories. Hy noem ook die name van ander optekenaars: Otto Schwelnuss, Hélène de Villiers, J.H. Bothma en Marié Opperman. Hierdie tydskrifpublikasie van opgetekende stories het in die laat veertigerjare begin afneem, veral nadat G.H. Franz se werk deur 'n leser van *Die Huisgenoot* as "kaffergemors" verwerp is in 'n brief aan die tydskrif. Apartheid en rassisme het 'n tol begin eis ook in die 'verkenning'. Dit kon egter niks verander nie aan een van die blywendste, toe reeds gevestigde, erfenisse uit hierdie optekeninge: die figuur van die wyse Afrika-vader of -moederfiguur (Moloisi, Poulin, die vaderfigure in Schoeman se verhale, die outa Hendrik van Marais se 'dwaalstories'), almal natuurlike begeleiers, gesagsfigure met kennis en lewenswysede wat geslagte opgedoen het in hul oorlewingstryd teen 'n genadelose natuur.

Daar is tans in aansluiting by tendense wêreldwyd, soos o.a. Helize van Vuuren (1996: 50) aantoon, by veral Afrikaanse skrywers, ironies genoeg, 'n herlewing in die gebruik van materiaal uit die Boesmankultuur, ironies want "soos die autochtone in Noord-Amerika, Nieu-Zeeland, Australië en elders is ook die Boesmans deur die eerste nedersetters uitgewis en vervolg."

Die hernieude gesprek met die kulture van ook ander inheemse Afrika-mense is nie, soos dit mag voorkom, 'n funksie van slegs die politieke bevryding nie. Benewens die vroeë verkenner het dit in die sestigerjare reeds hervat in byvoorbeeld die poësie van Abraham Fouche: *Weeskinders van die hemelgod* (1967) en *Boesmanverse* (1972). Meer resente werke is Thomas Deacon se *Die predikasies van Jacob Oerson* (Griekwawerse); Donald Riekert se *Halfmens* en *Heuning uit die swart-haak* (Tswanas en Boesmans). Op hoër niveau is daar die afdeling "volopkos" in Petra Müller se *My plek se naam is Waterval* en Wilma Stockenström se bundel, *Van Vergetelheid en van Glans*. Van laasgenoemde sê John Kannemeyer (1983,517) tereg: " 'n Mens kry die gevoel dat sy feitlik die hele kollektiewe onbewuste van Afrika met haar saamdra."

In die prosa maak George Weideman in sy kortverhaalbundel *Die donker melk van daeraad* gebruik van "oustories" van veral Namas, Oranjerivier-mense. Daar is Piet van Rooyen se *Die spoorsnyer* en *Agter 'n eland aan* (Boesmans) en in Riana Scheepers se verhaal "Babanango" teken sy die Zoeloeverhaal op oor die oorsprong van hierdie pleknaam in Zoeloeland; nog interessanter is haar "Abantu oNgoye" (albei uit *Die ding in die vuur*), 'n moderne volksvertelling oor die stigting van die Universiteit van Zoeloeland.

Dwaalstories en veral klein riet, die boesmantjie

Die mondelinge tradisie van Afrika bestaan uit die verhale en die liedere en die wyskede en die lewensinsigte en ook die praktiese oorlewingskennis van klein mense in 'n ontsaglike groot ruimte. In die werklike lewe is die kleinste van posuur die Boesmans. En een van "voorstes" onder hulle, so vertel Eugène N. Marais se verhaal is die "vaal Boesmanjie", "Klein Riet-alleen-in-dieRoerkuil". Hierdie verhaal is een van die vier sogenaamde "Dwaalstories" wat van Mei tot Augustus 1921 in *Die Boerevrou* verskyn het, volgens Marais self, die benaming vir 'n inheemse soort sprokie "...sommige net 'n aaneenskakeling van woorde met 'n dowwe skaduwee van betekenis." In 1927, toe dit in boekvorm verskyn, voeg hy 'n "Inleiding daaraan toe, waarvolgens hy hierdie stories by 'n sekere "ou Boesman", ou Hendrik gehoor het. Hy het 'n paar onmiddellik na die vertel neergeskryf, maar nie "woord vir woord" nie. Hoewel daar 'n tekening van ou Hendrik bestaan deur die bekende kunstenaar Erich Mayer " waarop Ou Hendrik, ondanks sy verflenterde hoed en klere nog steeds 'n waardige, patriargale indruk maak", waarsku Leon Rousseau (1974, 255) dat Marais dikwels sy lesers op 'n dwaalspoor lei. Hy vermoed dat die benaming, "dwaalstories" (soos Marais se skuilnaam, Klaas Vakie) subtile spot kan wees met sy eie morfiënverslawing en miskien ook met Hendrik, want die beste storievertellers daardie jare was ook daggarokers, die gebruik van dagga is oogluikend toegelaat. (Dagga=cannabis.)

Waaroor dit hier gaan, is die vormgewing, wat afwyk van die ander opgetekende Boesmanstories. Van Wyk Louw (1961, 133) het waarskynlik gelyk in sy vermoede dat Marais "sy eerste Dwaalstories gans anders geskryf is as die paar Boesmanstories wat hy geken heten dat hy met hierdie enkele bladsye 'n volkome eie literêre rigting ingeslaan het". Louw se verslag van sy leeservaring van die dwaalstories stem in vele opsigte ooreen met die meningskurwe wat deur die jare in die literatuur oor die verhale ontstaan het:

Moet ek erken, heel vroeg was hierdie stories vir my 'oulik', 'nie onaardig', 'fyn'? Eers baie, baie later 'sjarman', 'fassinerend'. Vandag sou ek sê: hierdie vier stukke is van die grootste prosa in ons taal.

Vir die Europese leser behoort die verhaal van Riet bekend voor te kom, maar in 'n ander gedaante. Watter gedaante hou ek vir 'n oomblik agterweë. Hierdie "dwaalstories" is nie variasies op opgetekende Boesman of Khoisan verhale nie. Daar kom in Riet-alleen net een herkenbare naam voor: Heitsi-Eibib. Die ander: Nagali, Rooi Joggom, Klipdag-Eenoog, en die plekname: Gammadoekies, Moetmekaar se drif, Middelberg se nek is nie bekende figure of plekke nie. Wat gebeur in hierdie verhaaltjie? Op 'n plek genaamd Gammadoekies kom daar 'n "groot gevaar". Die "tgorra" waar Gammadoekies se mense die hele nag om die vuur sit en kajuitraad hou, is volgens die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* 'n

vlak watergat, gew. een waarin water syfer en wat in droë rivierbeddings of dryfsand gegrawe is; syfergat, syferwater, graafwater - veral in N.W. Kaapland en Suid-Wes-Afrika. Gorra in Hottentots beteken 'na water grawe', of 'water wat deur grawe verkry is', graafwater.

Maar water is daar dié nag juis nie in die tgorra nie, daar brand 'n vuur. En juis die vuur in die tgorra verskaf 'n moontlike verklaring vir die "groot gevaar". Syferwater is vir hierdie nomade 'n laaste hoop in tye van droogte; as daar nie meer syferwater in die tgorra is nie is die groot gevaar 'n groot droogte. Op die droogtegevaar reageer hierdie mense vreemd: die vrouens ("meide") skree: "Hot-'tgorra" en die mans "is so bang dat hulle toonnaels kletter en die sweet drup van hulle lyf in haelkorrels. Elkeen kan die vuur met een asem doodblaas." As 'n mens bang word kan, in Afrikaans, jou tande opmekaar klap, maar darem nie jou toonnaels nie. Vir wie droogte 'n lewensgevaar is, moet egter die gode oorhaal om dit te laat reën. En in verband met die reënmaakseremonies van die Khoisan haal Schapera (1930, 220) Hahn se waarnemings aan: die reënmakers het hul urine in die brandende vuur gesprinkel, hulle naels afgesny en in die vuur gegooi en dan was hulle verseker daarvan dat dit sou reën. Ek vermoed dat die vrouens se 'tgorra in "hot-'tgorra!" nie dieselfde is as die nag se sitplek nie, maar 'n voorspelling van wat met Riet sal gebeur as hy verkeerd maak; "tgorra" is ook herleibaar tot 'n woord wat in Afrikaans voorkom as "ghoera", 'n snaarinstrument. Indien my redenasie korrek is, kan die "hot-" voor die "t'gorra" gelees word as 'n uiting waarmee maat gehou word, dus die "hot-" van die woord "hottentot" (sien Nienaber 1963, 73). Die vroue inkanteer dus die belangrikste woord in die dreigement: "*ritme-ramkie*, *ritme-ramkie*". 'n Onheilspellende voorspelling.

Hierdie klein boodskapdraer, wat so vinnig kon hardloop, word na ene Rooi Joggom gestuur met 'n boodskap wat die siener Klipdas-Eenoog agtermekaargesit het, en hy word gewaarsku: "Pasop vir Nagali: sy sal jou op baie maniere voorlê; sy het sterk toorgoed. As jy verkeerd maak, word jou lyf so styf gespan soos die snaar van die groot ramkie." Wie Nagali is, weet ons nie, maar wel wie die boodskap gegee het en na wie toe hy gestuur is. Die boodskap kom van sy oupa (sy ta se ta), ou Heitsi-eibib, volgens Hahn (op. cit.) een van die drie gode in die Khoisan-mitologie. Heitsi-eibib se teenstander in die goderyk was //Gaub, die naam wat deur sendelinge gebruik is vir die duiwel, wat aanspreeklik was vir alle kwaad. Die derde god was 'n soort reddersfiguur, die reëngod, Tsui//Goab, wat volgens oorlewering in die "rooi hemel" of "rooi lug" gewoon het en wie se naam soms vertaal word met "Rooi Dagbreek", die Rooi Joggom van die verhaal. Die gebeure kan soos volg vereenvoudig word: Heitsi-eibib stuur, vanweë die groot gevaar van droogte, sy kleinseun, klein Riet, na Tsui//Goab (Rooi Joggom) met 'n boodskap. Hy waarsku die boodskappertjie teen //Gaub (Nagali).

Riet vertrek "toe die dag wit word", hy dra sy "uitspeelstel" saam en, om nie te vergeet nie, sê hy die boodskap op en slaan met sy regtervuis teen sy voorkop. Die woord "uitspeelstel" is nie in Afrikaans bekend nie, die funksie daarvan kan egter

afgelei word uit die aandag wat die “skraal Boesmanmeidjie” daaraan skenk. As die ou siener sê: “Arrie! Die vonke sit in die wolf se stert” is dit waarskynlik nog ’n voorspelling: Riet is nou haastig, maar hy gaan ’n draai hardloop en terugkom. Volgens Marais se aantekeninge by *Dwaalstories en ander vertellings* van 1927 is “wolf” die bynaam vir iemand wat mank is in die een been, dus in ’n oop wêreld sonder bakens, soos die woestyn, in ’n sirkel kan loop.

In wat vervolgens met hierdie boodskappertjie gebeur, word hy toenemend ’n slagoffer, toenemend personifikasie van noodlot; die “skraal Boesmanmeidjie” vat sy uitspeelstel, Nagali se warrelwind uit die groot woestyn is kennelik ‘bo sy vuurmaakplek’ (in haar spot met hom⁴ gebruik sy hierdie bekende Afrikaanse gesegde vir magteloosheid). Die tweede dwaling skakel direk met die eerste. Volgens alle aanduidings in die teks hardloop hy, toe hy die dreigement onthou, hard (hy “eet die pad”; hy⁵ stuit” by die Boesmantjie). Daarom dat die vaal Boesman se vraag so uittartend is: “Wat is die treur dat my boet vandag so stadig loop?” In hierdie dwaling bepaal die Boesman ook nou die rigting waarin hulle moet hardloop (leegte toe in plaas van berg uit) en weereens herken Riet die gevaar, Nagali se oribietjie (soort bokkie), te laat.

By Moetmekaar se drif kom die gevolge van al Riet se dwalings bymekaar: hy het sy boodskap vergeet, hy het ook vergeet Nagali het die mag⁶ gekry oor die krokodil. As gevolg van die ompad saam met die laaste Boesman kom hy in die donker daar aan en sien dus die krokodil aan vir ’n soetdoringstomp. Die voorspelling in sy naam word bewaarheid, hy beland in die maalgat, en daarvandaan op die sandwal waarvandaan hy gekom het, maar nou sonder om dit te weet. Hierdie monster-in-die-fontein situasie by Moetmekaar se drif kom in vele sprokies en legendes voor: Beowulf, Siegfried; ook in Marais se eie gedig, “Mabalel”. Meer nog: Heitsi-eibib was, volgens Hahn (1881; 4 ev.) ook ’n profeet “who could tell to new born children as well as to heroes their fate”. Toe sy kleinseun nog in die dra-vel sit, het hy hom dan ook ’n naam gegee het wat sy toekoms ongenadig reg voorspel het. Die nag by Moetmekaar se drif het hy letterlik Riet-alleen-in-die-Roerkuil geword. As die krokodil hom op die sandwal uitgooi, onthou hy weer die boodskap, maar die skade is gedaan, sonder om dit te weet, hardloop hy terug Gammadoekies toe, waar hulle “die vuurtjie dood(..)maak van Riet-alleen-in-die-Roerkuil”.

Opsommend: ’n uitsonderlike individu (“eerste boodskapdraer”) kry ’n opdrag en word gewaarsku teen gevare langs die weg. Die gevare is egter vermom, word almal te laat herken, en hulle oorrumpel die gestuurde. Die opdrag (“boodschap”) gaan verlore en die held kom tot ’n tragiese einde. “Klein Riet-alleen-in-die-Roerkuil” volg dus ongeveer dieselfde verhaalpatroon as Rooikappie. Die broeders Grimm se “Rothkäppchen” uit 1812 was die eerste waarin die die jagter-redder voorkom⁴ ter bevestiging van die Biedermeier of Victoriaanse beeld van klein meisietjies. In die veel vroeëre Charles Perrault-variant, “Le Petit chaperon rouge” eindig die verhaal, soos in die oudste volksvertelling, met die ouma en die dogtertjie wat deur die wolf opgevrete is, gevog deur ’n moraliserende gediggie:

The story teaches that the very young
and little girls more surely than the rest,
- sweet, dainty things, clothed in their Sunday best -
should never trust a stranger's artfull tongue.
Small wonders if these guileless young beginners
provide the wolf with some of his best dinners. (Degenaar, op. cit.)

Die realiteitsbeeld van noodlot en magteloosheid kom ook voor in ander werke van Marais: in die volkome weerloosheid voor die dood van van 'n Mabalel wat deur die krokodil, Lalele ingewag word en wat selfs nie deur die "spiere van 'n tier of die vlerke van 'n gier" gered kan word nie; in die eensaamheid van die meisie wat permanent alleen bly ("Die Townares"), in die almag van die Noodlot ("Skoppensboer"). Die klassieke sprokie is bevestigend van die sosiale orde, daar is aanvaarding dat "domination and submission are the natural bases of human relationships" (Stiebel, aangehaal deur Degenaar, op. cit.) Daarom dat John Miles in 1991 die struktuur van Riet-alleen gebruik in sy onthutsende semi-dokumentêre "polisieroman" *Kroniek uit die doofpot* (sien Roos in Bronnelys), 'n roman wat verslag doen van die ondergang van 'n goeie mens en leier omdat hy met vuur speel in sy onvermoë om die magshiërargie in die polisiediens te aanvaar as skuiling vir misdadigheid.

Interessantheidshalwe: in die Sotho-variasie van Rooikappie, "Makwabitsana", soos opgeteken deur G.H. Franz, is die hooffiguur, anders as Rooikappie in al die verskillende variasies, ook 'n seuntjie.

2 Boerneef en die Afrikaanse volkspoësie

Die digter D.J. Opperman se bekende hommage aan Boerneef lui soos volg:

Ek dank jou vir jou menslike relaas
van stedelinge in 'n stad misplaas.
Wat anders is die lewe as 'n hunkering
verby die stoflike na 'n Boplaas.
Uit Blom en Baaierd

Boplaas is die naam van die boerdery in die streek bekend as die Koue Bokkeveld, waar die latere I.W. van der Merwe op 11 Mei 1897 gebore is en opgegroeï het. Sy prosa, veral in *Stad en land*, en gedeeltelik ook sy poësie tematiseer inderdaad, soos vele ander werke oor die trauma wat verstedeliking vir die plattelandse Afrikaanssprekende ingehou het, die verskille tussen die (verromantiseerde) plaaslewe en die negatiewe eienskappe van die grootstadsbestaan:

Van al my land se Tafelberge
is daar vir my maar twee
dis die Tafelberg by Boplaas
en sy Ouboet by die see
by Boplaas se berg was ek 'n kind
met 'n kind se huil en lag
by sy Ouboet word ek rebelserig oud
met 'n ou man se dink en wag
die begin op die plaas was waterpasreg
maar hoe rym jy die ouderdom weg
met 'n ou man se pieker en wag
(uit *Palissandryne*, 1964)

In vele, en van die beste, vroeë Boerneef-verse is die spel met klank, met assosiatiewe spronge - dit wat 'n mens assosieer met die eksperimentele poësie - nog in balans met 'inhoud': besinnings oor lewe, dood, ouderdom, verlange, ens. In die volgende gedig bly die Boesmanlandse Alleman onderweg: land bly laan, plek bly weg, Boesmanland word, soos Boplaas in Opperman se spel met die plaasnaam, 'n uiteindelijke staanplek, plek van aankoms, 'n soort heme!, maar, "moersver hiervandaan":

Lokkiester lokkiemaan?
geen dwaallicht vaak voor starren aan?
maar Boesmanland bly Boesmanlaan
en staanplek moersver hiervandaan
(uit *Ghaap en Kambro*)

(Eerste regel: lok die ster? Lok die maan? Tweede regel: vgl. Ndl. Gesang 20. 3: Hij die zijn eigen weg wil gaan,/ Ziet dwaallicht vaak voor starren aan...)

Eenvoud nie beperkend

In wat volg, sal ek aantoon dat die relatiewe eenvoud van hierdie Bokkeveld-'grondstowwe' nie so beperkend is as wat die nadruk op die teenstelling stad en land laat vermoed nie, dat die ooreenkomste met die Nederlandse eksperimentele poësie van die Vijftigers ingrypender is as wat aanvanklik vermoed is en dat sommige aspekte van Boerneef se poësie inhoudelik veel ryker is as palissandryne en ander ryme "so borenstevol plaaslikheid".

Die 'grondstowwe' van Boerneef se poësie is vir die meerderheid Afrikaanse leser herkenbaarder as dié van Marais se dwaalstories. Dit is voortdigtings op, variasies van, verwerwerkings en uitbreidings van, reaksies op 'allemansgoed' (veral uit,

maar nie beperk tot, sy jeugwêreld, die Koue Bokkeveld): raaisels, spreekwoorde, byname, kindergedigte, boererate, volksmedikamente, toorliedjies, dansritmes, volksliedjies, dop- en daggaryme, geestelike liedere. En in die verwerking hiervan word daar gebruik gemaak van verskillende sprekers: ontheemdes en misplaasdes, stemme van stad en land, maar ook vele meer, onder ander:

die volkse rymelaar ("Van Klapmuts tot Kalvinie/ is 'n helse ent swaer Tinie" - *Krokos*),

die drinker ("Die vaaljapie is te flou vir my" - *Palissandryne*)

die romantiese minnaar ("Die berggans het 'n veer laat val" - *Ghaap en kambro*)

die selfspotter ("Ou Sakman skryf die woorde moeisaam neer" - *Op die flottina*)

die spogter ("My naam is Kolie Saasveld/ ek betaal al die meire se slaapgeld" - *Krokos*),

ook die kunskenner ("en ek het volop kos en volop tyd/en pranaslandskappe en pranaskleur" - *Op die flottina*),

die procédébewuste ("hoevil woorde is daar nodig/die meeste is tog maar oorbo-dig" - *Op die flottina*),

die liefhebber van die Nederlandse digkuns ("ek loop op straat en dink aan J.C. Bloem/ aan *Het Verlangen* en *De Nederlaag*/ en aan sy nooitvolprese herfsmusiek" - *Op die flottina*).

In Afrikaans is die term "eksperimenteel" van vroeg af al in verband gebring met wat hierbo die "grondstowwe" van Boerneef se poësie genoem is en die moontlike ooreenkomste tussen Boerneef se poësie en die van die atonales word telkens genoem. Op die vraag of daar in Afrikaans ook "eksperimentele poësie" bestaan, sê Van Wyk Louw dat hy omstreek 1955 aan sy gespreksgenote in Nederland verduidelik het: "Ons hét; maar óns soort eksperiment met poësie sal nie in die kafee of kunstenaarskroegie alleen kan plaasvind nie; dit sal ook met die ashoop, die vuurtjie op die werf, die oesland, die volk se dans, toor en godsvrees te doen hê." (1982, 138). Hoewel hy hier hoogswaarskynlik verwys het na die afdeling "Klipwerk" in sy bundel *Nuwe verse* (1954) is die "eksperimentele poësie" soos hier begryp, ook van toepassing op Boerneef.⁵

In 1967 skryf W.E.G. Louw in 'n artikel "Het vertolker van Boerelewe in Afrikaans geword" by geleentheid van Boerneef se sewentigste verjaarsdag:

...ook in die na-oorlogse sg. 'eksperimentele' poësie word verskeie van die aspekte [musika-le aspekte in Gezelle se sg. "kleem-gedichtjes" -AdV] weer vir ons eie tyd vrugbaar gemaak. Dit het Boerneef ook gedoen met die taal en die verbeeldingswêreld van die boer en die bruinmense.

Ook C.N. van der Merwe (1981, 17) verwys in sy "Boerneef-boek" na die ooreen-komste tussen die Bokkeveldse "rympies" en die werk van die Vijftigers:

Dit sou Hendrik Vuurdassie verbaas het om te weet dat sy rympies aansluit by die heel jongste ontwikkeling (op daardie stadium) in die Nederlandse poësie, nl. dié van die sg. 'Vijftigers' wat die digkuns van die oorheersing van die logika wou bevry en geëksperimenteer het met die moontlikhede van klank.

Dit is egter eers in 'n essay, " 'n Vijftiger in die Koue Bokkeveld?" wat in verkorte vorm gebruik is in sy Inleiding tot sy Boerneef-keur, *Die berggans het 'n veer laat val*, dat Wium van Zyl die ooreenkomste tussen die werk van die Nederlandse Vijftigers en Boerneef in detail ondersoek. Hy vind dat hierdie ooreenkomste die rede mag wees waarom sy poësie in 1958 en daarna so 'n moderne indruk gemaak het. "Hy het," sê Van Zyl (1998, Inleiding) "daarin geslaag om die kunstgrepe van die radikale vernuers van die Nederlandse poësie in die twintigste eeu te heg aan elemente in die Afrikaanse kultuur wat oënskynlik die grootste afstand met Europa vertoon, naamlik die volkspoësie. Só het hy hulle groot strewe na die primitiewe oortref." ⁶

Ek skenk vervolgens aandag aan *tematiese* momente in Boerneef se poësie wat vreemd is aan die stad-en-land-literatuur, en toon aan hoe een van hierdie momente ontwikkel uit die 'grondstof'. Van Wyk Louw (1970, 48) het reeds beweer: "Hy het later in sy Bokkeveldtaal oor dinge gepraat waarvan ons ouer Bokkeveld nooit geweet het nie, en met woorde wat hulle moeilik sou verstaan het."

In teenstelling tot die ander stad en land literatuur, kom in sy gedigte dikwels 'n bewustheid voor van verskillende aspekte van dig en gedigte, bv. die oorsprong van verse ("Hy praat nog so toe gebeur daar 'n ding/ wat 'n rympie knaend deur sy kop laat sing" - *Palissandryne*), van prosesse in die digkuns ("Ou Sakman skryf die woorde moeisam neer"), van die elemente, bv. klank ("van betekenis kry ek soms meer as genoeg/ ek verseg om te vra wat beteken die klank" - *Palissandryne*), bewustheid van die aard van die produkte as woordwerk ("hoevil woorde is daar nodig/ die meeste is tog maar oorbodig" - *Op die flottina*) en bewustheid van die beperkinge van die digterskap ("my spel is alte nietig vir die ewigheid/ klink skaars 'n rukkie hoorbaar voor dit sterf" - *Op die flottina*). Bewustheid ook van die historiese konteks waarbinne die gedig verskyn ("Hy' 'n rymelaar van toet/ wat alte kleurloos skryf/ en niks oor 1963..." - *Palissandryne*). Die bundeltitels met hul musikale en digterlike assosiasies *Malle mole*, *Pallissandryne* en *Op die flottina* is trouens al 'n aanduiding van hierdie digkuns as 'n bewuste proses.

Van die volgende gedig is verskillende variante bekend. As daggarym, 'n rympie wat opgesê is voor en tydens die rook van cannabis, is dit opgeteken deur D.H. van Zyl in *Swerwerspore*, en daarna deur Hennie Aucamp (1997, 190 ev). Die variant wat Van Zyl opgeteken het (1984, 90) is 'n mengsel van doprym, snelsêer en tongknoper. In die Sederberge kom die Alkaster-"skinnerstorie" oor herkoms van die "skinnerstorie" oor herkoms van die "duusbaster?" wat Van Zyl opgeteken het (1984, 90) voor as doprym, snelsêer en tongknoper:

Klein Kootjie Alkaster
die wille witkoppie
die dysbaster
is die lekkerloop van Thys
as vlooi deur die dons spring
spring wolf deur die dorings...etc.

In Boerneef-verse kom, soos in sy kortverhale, raspejoratiewe en stereotypes algemeen voor. Lang Loekas Alkaster is, in sy voortdigting op hierdie snelsêer, buite die eg gebore, sy pa is 'n Kapenaar van gemengde bloed. ('n Geelbek is 'n soort vis, vandaar die assosiasie met waarskynlik die Kaapse weskus.)

Die belangrikste toevoeging in die Boerneef-vers is dat, soos Andries Harlekyn in "Teen die helling" simbool word van die mens se vreemdelingskap op aarde, so word Lang Lukas Alkaster, wat vanaf die vierde alinea self aan die woord is, nie net die temmer ("leiselhouer") wat met vaste hand die wa en osse oor "moerasrivier" moet kry nie. Daar huiwer ook op die agtergrond die kunstenaar wat nie bang is vir vormdissipline ("vir die blink stang van die hotvoorhings") nie en wat met rym en klank ("gee die rieme en snare"), sorg dat die wa (die kunswerk?) oor die drassige, die ongevormde, "dreun". Die opvallende 'volkswaarheid' oor die vlooi en die wolf word weggelaat; sou dit die nadruk te veel laat val op die "skinnerstorie"?

Lang Loekas Alkaster
die ongeëgte kjend
van die ou bruin geelbekbaster
sê wies dan bang
vir die blink stang
van die hotvoorhings
ek is die leiselhouer van Boplaas
keelspek en kaïings
gee die rieme en die snare
ek vat hulle vas aljimmers vaster en vaster
swernoot ja staan syntoe staan trug
hoor hoe dreun die wa oor moerasrivierserug
(Uit *Palissandryne*)

Aanvullend tot die kunsbewustheid word in sy latere werk ook die beeldende kuns, die Nederlandse letterkunde, klassieke musiek en die werke van ander Afrikaanse digters as verwysingsvelde gebruik: die skilder Pranas Domsaitis se Karoolandskappe, Jeroen Bosch se "Tuin van aardse vreugdes", die werke van Etienne Leroux, J.C. Bloem, N.P. van Wyk Louw, D.J. Opperman, die musiek van Mozart. So sluit die spotvers "Vannie eenkant skollie poelpetane" (*Op die flottina*) aan by Opperman se "Sprokie van die Spikkelkoei" en is "Jy kla dat ek en anner vir

jou lag" 'n antwoord op Van Wyk Louw se "Man in frokkie" in *Tristia*. Trouens, daar ontstaan in hierdie verse 'n duidelike verdeling tussen dié waarin die ander kunswerke as verrykende verwysing gebruik word (Pranas Domsaitis se Karoolandskap in "Erens in die Kro het ek 'n skerm" (*Op die flottina*) en dié waarin daar op minder geslaagde wyse gereageer word op ander kunswerke, soos in byvoorbeeld "Nou skryf ek malkopwoorde", waarvan Hennie Aucamp selfs twyfel of dit heeltetal tot sy reg kom sonder verwysing na die tekening, "People thinking" van Sheila McCorkindale na aanleiding waarvan dit geskryf is; in *Op die flottina* het hierdie verwysing weggeval.

Reeds al ingebed in die algemene volkskuns is die agtergrond van "Die skunnige skinnery.." in *Palissandryne*. Volgens Van Zyl (1975, 64) is dit die volgende: in J. van Vloten se *Nederlandsche Baker- en Kinderrijmen* (1872) verskyn 'n "speelrijm" wat dan mettertyd as "snelsêër" of tongknoper in Afrikaans 'n hele aantal variante kry. In die Nederlandse gedig en in die variant daarvan wat in die Koue Bokkeveld bekend is, is daar 'n waarskuwing dat ene Anke Manke Janse Jan Franken (Janke Melanke Langklaas Franke in die Bokkeveld) planke verkoop wat 'n mens liever nie moet aanskaaf nie, dis "bedorwene planke".

Te Rotterdam op de Keizersbrug
 Stond een ventje met een kromme rug,
 Hij heet Anke Manken,
 Janse Jan Franken.
 Hij verkoopt delen en planken.
 Vrienden, zie toe,
 Dat jij geen planken
 Janse Jan Franken
 Op en doet
 Want die planken
 van Anke Manken
 Janse Jan Franken
 Zijn zelden goed.

Boerneef se gedig, 'n speelse verdediging van "die kranke Jankemalanke" se Sederbergse sederhoutplanke teen die jaloerse "skunnige skinneraars" is benewens snelsêër, met byvoeging van 'n paar klankknopers, ook 'n klein inventaris van die gebruike van sederhoutplanke deur die "Kouebokvellers":

Die skunnige skinnery van die skinneraars darem
 opdeesaardbobeven
 dink maar net aan die geval van die kranke Jankemalanke
 Langklaasfranke en die skunnige skinnery
 oor sy vrot eikehoutplanke

alles onwaar suiwer skunnige skinnery en louter
laelakkery
Jankemalanke Langklaasfranke se planke was immers
altyd sederhoutplanke
van die Sederberg se alleronverganklikste
sederhoutplanke doodkisplanke en annerkisplanke
en altevol spoggerige
breë lekkerruikbinne deurplanke
vra gerus vir die Kouebokvellers en die Klanwieljammers
en die Woepdallers
hulle sal sê Jankemalanke Langklaasfranken se planke
was altyd sederhoutplanke
en nooit vrot eiekehoutplanke nie
darie storie van die vrot eiekehoutplanke
was die skunnige skinnerstorie van die jaloerse Kwaadstokerkwanselaar
wat van sy eie vrot eiekehoutplanke nie ontslae kon raak nie en toe met sy
skunnige skinnery teen Jankemalanke Langklaasfranke begin het
o, die skunnige skinnery van die aardse aartskinneraars
darein tot op hierdie heden opdeesaardbobeven
(uit *Palissandryne*)

Plaassimbole en malle mole

Laastens is daar die gedigte waarin met transponering van volksidioom en met behoud van 'n minimalistiese wêreld : 'n grasperk, 'n tuinslang, 'n bank ("Jy gee vir ons net kriesels en skerwe" is die klagte in *Krokos* al) nie meer net die bekende plaassimbole van berge, dors en veldkos, aan bod is nie, maar die "malle mole" van iets dreigenders, meer chaoties, mal selfs ("malle mole"), maar dan mal as as enigste antwoord op 'n kosmiese waarom ("warombamba"):

Pierambamba koesnaatjie is klein
malle mole mallema malle myn
kierangkarba te Frank jou wyn
malle mole mallema malle myn
dit is dit issie dit is asyn
malle mole mallema malle myn
warombamba warombambyn
malle mole mallema malle myn
(uit *Malle mole*)

Palissanderhout is 'n donker houtsoort. Dat daar 'n ooreenkoms is tussen sy eie flottinaspel en palissandryne, en die slampamperliedjies, die woordpaljas van die digter, Leipoldt word bevestig in Boerneef se hommage aan sy groot voorganger:

Langs hierdie selfde state op hierdie einste plek
het 'n groot digter loop en slampamper
eensnaarramkietjie was sy instrument
boege en kanniedood sy woordpaljas
met reënboogskuim van storremsee
om krag aan die paljas te gee
hoe het hy tog ons Boland liefgehad
ek dank hom vir polfyntjie en slampamper
met hierdie donker fluit van palissander
(uit *Palissandryne*)

Oor die wat hy noem die dubbelbodem van Boerneef se ewig-jeugdige poësie: die hart van die volkse en die allerpersoonlikste van bv. hierdie later gedigte, sê André P. Brink (1980, 41) die volgende:

Wat essensieel dan gebeur, is dat by Boerneef die digaksie as sodanig 'n proses van werklikheidskepping word: nie "emotion recollected in tranquility" nie maar herinnering omvorm tot blywende musiekspel waar alles in verhoogde intensiteit saambestaan ('geen lam blêr so geen geel is ooit so geel/ laat ek my dan van die dinge maar verbeel/ hier by Drie Susters en die pranasgeel")...Daarom word dinge meer as dinge: daarom word hulle oerdinge – daarom gryp vers na vers (soms spontaan, soms te opsetlik) uit 'n stadsbestaan na onthoude vertroude dinge wat deur die onthou verewig word: na 'jakkalskosgirmaat laans Krovuurvlam', na 'Krogoed',na die soort geloof wat voortkom uit 'jare van opgeefsel en brand'.

Ten slotte: hierdie ondersoek het klem gelê op *verwerking* as literêre aktiwiteit wat, naas die *optekening* van orale vertellings en volkspoësie, daartoe bydra om hierdie 'verkenning', wat nogtans "randverskynsels in die literêre sisteem" gebly het (Hattingh 1994, 39), te verwerk tot hoofstroommomente. Hierdie aktiwiteit, hierdie geïnspireerde wisselwerking tussen twee vastelande, tussen Afrika en Europa, vind reeds van vroeg af vorm in die Afrikaanse letterkunde.

Bronnelys

- Aucamp Hennie, 1997. *Wys my waar is Timboektoe*. Tafelberg-uitgewers. Kaapstad.
Bleek, Dorothea F., 1956. *A Bushman Dictionary*. American Oriental Society. New Haven.

- Bleek, W.H.I. en Lloyd, L.C., 1911. *Specimen of Bushmen Folklore*. George Allen & Co. London.
- Boerneef, 1958. *Krokos*. Tafelberg-uitgewers. Kaapstad.
- Boerneef, 1959. *Ghaap en Kambro*. Nasionale Boekhandel. Kaapstad.
- Boerneef, 1962. *Mallemole*. Nasionale Boekhandel. Kaapstad.
- Boerneef, 1964. *Palissandryne*. Nasionale Boekhandel. Kaapstad.
- Boerneef, 1967. *Op die flottina*. Nasionale Boekhandel. Kaapstad.
- Boerneef, 1976. *Sesde hoepel*. Tafelberg-uitgewers. Kaapstad.
- Brink, André P., 1980. *Tweede voorlopige rapport*. Human en Rousseau. Kaapstad.
- Degenaar, Johan, 1988. "Understanding "Little Red Riding Hood" in Cilliers, Isabel (Ed.) *Towards understanding/ Op weg na begrip/ Children's literature for Southern Africa/ Kinderliteratuur vir Suider-Afrika*. Maskew Miller Longman. Cape Town.
- Franz, G.H., 1993. "Makwabitsana" in *Die Afrikaanse kortverhaalboek*, Human en Rousseau. Kaapstad.
- Hahn, T., 1881. *Tsui-//Goam the Supreme Being of the Khoi-Khoi*. Trüber. London.
- Hattingh Marion, "Die baie stemme van Minnie Postma se Litsomo " in *Stilet*, Maart 1994.
- Kannemeyer, J.C., 1983. *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur*. Academica. Kaapstad.
- Kaschula, Russel M., 1995. "Contemporary Xhosa oral poetry: praising the president" in *New Contrast*, 90. Volume 23:2.
- Louw W. E. G., 1967. "Boerneef sewentig: Het vertolker van Boerelewe in Afrikaans geword". *Die Burger*, 11 Mei. Nasionale Pers. Kaapstad.
- Marais Eugène N., 1959. *Dwaalstories*. Human en Rousseau. Kaapstad.
- Merwe, C.P. van der, 1981. *Tromboniusdagboekenkaart. 'n Boerneefboek*. Tafelberg-uitgewers. Kaapstad.
- Miles, John., 1991. *Kroniek uit die doofpot*. Polisieroman. Taurus. Johannesburg.
- Nienaber, G.S., 1963. *Hottentots*. J.L. van Schaik. Pretoria.
- Nienaber, G.S., 1984. *Vroeë opvattinge oor Afrikaans as Taal*. Perskor. Johannesburg.
- Opperman D.J., 1956. *Blom en Baaierd*. Nasionale Boekhandel. Kaapstad.
- Pakendorf, Guther, 1994. "G.H. Franz en die verhaal van apartheid" in *Kruispunt* (Red. Luc. Renders) 157, XXXV, 201-216. Sien ook J.M.H. Viljoen se 'n *Joernalis vertel wat in 1953 uitgegee is deur Nasionale Boekhandel*.
- Roos, Henriëtte, "Die 'voorgeskiedenis' van 'n dokumentêre roman: John Miles se *Kroniek uit die doofpot*". *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 33:2. Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Pretoria.
- Rousseau Leon, 1974. *Die groot verlanse*. Human en Rousseau. Kaapstad.
- Schapera, I., 1930. *The Khoisan people of South Africa*. Routledge & Kegan Paul. Londen.
- Scholtz, Merwe, 1975. *Herout van die Afrikaanse Poësie en ander opstelle*. Tafelberg-uitgewers. Kaapstad.
- Snyman, N.J., 1993. "Die weerklank van San-folklore op *Waterval*.. *Tydskrif vir Letterkunde*. XXX1:3. Augustus 1993.
- Turner, Noleen S., 1995. "Censure and Social Comment in the *Izihasho* of Urban Zulu Women". *Alternations*, 2.2. Windhoek. Namibië.
- Vries, Abraham H. de, 1983. *Kortom*. Human & Rousseau. Kaapstad.
- Vuuren, Helize van, 1994. "Die mondelinge tradisie van die /Xam en 'n herlees van Von Wielligh se *Boesmanstories* (vier dele, 1919 - 1921). In: Hattingh en Willemse (Red.) *Vernuuwing in die Afrikaanse letterkunde*. Universiteit van Wes-Kaapland. Bellville.

- Vuuren, Helize van, 1996. " 'Op die spoor': Interkulturele wisselwerking tussen Boesman en Afrikaner in resente Afrikaanse prosa." *Tydskrif vir Letterkunde*. Feb./Mei 1996. XXXIV (1/2).
- Wit, H.E.D. de en Erasmus, P.A., 1993. "Aspekte van die orale tradisie van swartes" in *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Etnologie*, 16(4).
- Wyk Louw, N.P. van, 1961. *Vernuwing in die Prosa*. Human en Rousseau. Kaapstad.
- Wyk Louw, N.P. van, 1963. "Werktuig of naelstring?". *Standpunte* 49. Oktober 1963.
- Wyk Louw, N.P. van, 1964. Inleiding tot *Windroos, verhale van 10 sestigers*. Afrikaanse Pers Boekhandel. Johannesburg.
- Van Wyk Louw N.P., 1970. *Rondom Eie Werk*. Human en Rousseau. Kaapstad.
- Zyl, W.J. van, 1975. *Die Afrikaanse volkspoësie met spesiale toespitsing op Boerneef se poësie*. M.A.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch.
- Zyl, W.J. van, 1982. "C.N. van der Merwe se Boerneef-boek" in *Standpunte*, jr.35,nr.6, Desember 1982.
- Zyl, W.J. van, 1998. *Die berggans het 'n veer laat val*, Tafelberg-uitgewers, Kaapstad.
- Zyl, W.J. van, " 'n Vijftiger in die Koue Bokkeveld?", ongepubliseerde artikel, gedeeltelik oorgedruk in die Inleiding tot *Die berggans het 'n veer laat val*.

Notas

1. 'n Opmerking van Van Wyk Louw oor "volkspoësie" en wat hy beskou as 'n tipiese denkfout van die Romantici: dat dit die 'volk' is wat 'volkspoësie' maak, is hier ter sake. "Die 'volk'", sê Louw (1970; 96) " skep nie; maar hy *voel aan*, hy *sif*, hy *onthou*, hy kan nog herrangskik. Die anonieme volk kan alles doen wat 'n *groep* kan doen, maar niks van die dinge waarvoor 'n individu noodsaaklik is nie - en 'skep' is nou maar een van dié dinge."
2. 'n Uittreksel uit een van die president se prysliedere deur Zolani Mkiva (1995, 69), 'n student aan die Universiteit van Wes-Kaapland, wie se oupa en pa ook *izimbongi* was lui soos volg (vertaling uit die Engels van my - AdV):

Die naelstring het gebreek...

Die ankers van haat en onderdrukking het gebreek...

Was julle harte mense van Mhlabuhlangene, (*verenigde Suid-Afrika*),

Want die groot dag het aangebreek.

Tradisie het die leier van die waarheid geplaas vanwaar hy hierdie verenigde volk kan lei.

Ek praat van Mandela, die grote, die een wat bekend is daarvoor dat hy die gemeenskap kan heel...

Want die proses het begin by Hoofman Bambatha en sy voorvaders,

Hoofman Bambatha het die leisels gevat en dit oorhandig aan Langalibalele Dube

Dube het hulle gevat en vir Hoofman Luthuli gegee,

Albert Luthuli het hulle oorhandig aan Oliver Reginald Thambo.

Vandag gaan ons die beloofde land in saam met Mandela,

Die sterk een wat baie oseane oorgesteek het...

Uit die huis van Jongintaba....die huis van Nosekeni...

Ek het Fidel Castro - die Kommandant Generaal van die Internasionale Magte — hoor sê:

“Die oorwinning is ons s'n.”

Yassar Arafat het gesê:

“Solidariteit in aksie en solidariteit vir ewig.”

Ek het Boutros Boutros Ghali hoor sê:

“Eenheid is mag.”

Kolonel Gadaffi het geantwoord:

“Alle eer aan die gewone mense van die wêreld.”

Dit is Mandela - die lewende legende.....ens.

Kaschula (op. cit.) merk op: “It is evident that the poem is mainly about praise and that the critical element is reserved for apartheid and those who upheld it.”

3. “...onlangse navorsing wys daarop dat San 'n skeldnaam is, wat 'boemelaar', 'rondloper' beteken, 'n naam deur die Khoikhoi of Hottentotte aan die Boesmans gegee as gevolg van hul nomadiese, oënskynlik ongebonde bestaan sonder vee of vaste tuiste.” (Van Vuuren 1995, 25).
4. Vir 'n veel vollediger beskouing oor Rooikappie verwys ek u na die artikel van Johan Degenaar; sien bronnelys.
5. In sy bespreking van C.N. van der Merwe se Boerneef-boek, maak Van Zyl (1982,63) die opmerking dat 'n mens in gedagte moet hou dat die term “eksperiment” vir die Vijftigers eerder “experience”, dus eksperiment met ondervinding, beteken.
6. Boerneef se kennismaking met die Vijftigers en sy reaksie op die atonale poësie is op sigself insigwend. Hy was dosent in Nederlandse letterkunde aan die Universiteit van Kaapstad, persoonlike kennis van Roland Holst, Slauerhoff en Jan Greshoff. Maar sy kennismaking met die werk van die Vijftigers, waarvan hy beslis nie gehou het nie, het 'n vreemde konflik by hom geskep. In 'n kortverhaal, getitel “kortverhaal”, uit 1958 (dieselfde jaar waarin *Krokos*, sy eerste bundel poësie verskyn het), raak die hooffiguur, wat probeer uitmaak waarvoor die Vijftiger poësie vatbaar is as dit dan nie vir uitleg vatbaar is nie, selfs die slagoffer van die “malende waansin” van die atonale poësie. Hy laat dit nota bene deurmekaarloop met die wêreld van sy eie poësie, oestyd en koring uitwan. “Die tamaai ystergaffels van die reuse gooi die seemeeue en die danebolle teen die gierende noordwestewind en op Kloofnek staan Urgdemie met sy vervaarlike jaagbesem en hy jaag en hy besem en so 'n dorsvloer en so 'n oesdenepitte en seemeeuafval het Urgskeet en Orgjors met kwartaalse Sinkkranknigghedd geslaan...” Etc.

Die kalmerende openbaring in die kortverhaal is 'n degradering van die Vijftigers: “Ek behoort my te skaam dat ek my deur die atonales van toet so van stryk laat bring het.” Tog, so “van toet”, sonder betekenis (waarskynlik afkomstig van die Maleise “bantoet”) was die atonales nie; Van Zyl wys in die genoemde Inleiding daarop dat in die gedig “My passisandryn is 'n palimpes” (*Pallisandryne*) “hy dan wel betekenis toeken, dat hy dig in die buurt kom van die Amsterdamse ‘Vijftigers’ (wat by wyse van suggestie dan wel “pastersteek” (= in die kol) is.

my palissandryn is 'n palimpes
krap uit en dood perbeer dan weer
dis amper maar nog ver van Amsterdam

verdomp hoe kry 'n mens dit pastersteek
met so 'n weerbarstige palimpses
(uit *Palissandryne*)

Wat is die ooreenkomste tussen die werk van Boerneef en dié van die Vijftigers of atonales? Met gebruik van die "spelreëls" wat R.A. Cornets de Groot aanwys by die Lucebert bloemlesing *Poëzie is kinderspel*, tegniese kunstgrepe eie aan die poësie van Lucebert, wys Van Zyl in sy genoemde seminale essay op die volgende ooreenkomste:

a. By Lucebert en Boerneef is die ortografiese maneuvres opvallend (die weglatings van punte en hoofletters, die spaarsame gebruik van uitroeptekens en vraagtekens, die weglating van dubbelpunte en aanhalingstekens);

b. ewe opvallend is die fonetiese spelling, naïewe spelwyse, woord- en letteroepenhoping, letterspel, sowel as

c. klanknabootsing, herhalings en die gebruik van neologismes.

d. Ook die handhawing van die skrywersnaam, Boerneef, "waarmee die skrywer homelf o.m. karakteriseer as eenvoudige nie-geleerde" sluit aan by Kouwenaar se karakterisering van die Vijftigers as 'hun tipies anti-intellectualistiese instelling, hun verzet tegen de dictatuur van het abstracte denken'."

Die uitwys van die ooreenkomste, sê Van Zyl, beklemtoon dat kennis van die Nederlandse letterkunde meermale noodsaaklik is vir die verklaring van belangrike verskynsels in die Afrikaanse letterkunde en dat Nederlandse literatoure wat die volle konsekwensies van hul eie taal en letterkunde probeer bepaal nie Afrikaanse produkte kan ignoreer nie.

'n Blik van binne: Gerrit Komrij se bloemlezing *De Afrikaanse poëzie 1000 en enkele gedichten*

Lina Spies

Die grensoorskrydendste daad om in die laaste desennium van die twintigste eeu weer kulturele bande tussen Suid-Afrika en Nederland te herstel, was volgens my ongetwyfeld meesterbloemleser Gerrit Komrij se samestelling van die bloemlesing *De Afrikaanse poëzie in 1000 en enkele gedichten*. Tereg sê hy self in die voorwoord: 'Dit is, op de rand van de eenentwintigste eeuw, de grootste bloemlezing die ooit uit de Afrikaanse poëzie werd gemaakt' (*Algemeen Dagblad* 13.3.99).

Geoordeel aan die uitgebreide artikels oor die bloemlesing in die Nederlandse dagbladders na die bekendstelling is daar enorme belangstelling by die Nederlandse publiek vir dié monumentale werk. Wat die betekenis daarvan vir sowel Nederlandstalige as Afrikaanstalige lesers sal wees, moet nog blyk, maar wat wel vas staan is dat die moontlikheid vir Nederlanders geskep is om, weliswaar met 'n sekere inspanning, weer poësie te lees in die taal wat die intiemste aan Nederlands verwant is. Afrikaanstaliges kan op hulle beurt daarvan kennisneem dat hulle familie is van ruim 20 miljoen sprekers. Van Woerden het inderdaad gelyk as hy beweer: '... het vlies dat Nederlands en Afrikaans scheidt is transparant' (*NRC Handelsblad* 17.9.99). Sodra die drumpel tussen die twee tale oorgesteek is, wag daar vir hoorders en lesers aan beide kante van die skeidslyn 'n ryke beloning. Jan Robbmond wys in sy interview met Komrij in die *Algemeen Dagblad* van Saterdag 13.3.99 op sy geloofwaardigheid as bloemleser: 'Gerrit Komrij heeft een rijke ervaring in het samenstellen van bloemlezingen. De pracht van de Nederlandse poëzie heeft hij zichtbaar gemaakt in zijn trilogie *De Nederlandse poëzie in 3000 en enige gedichten*, waarin hij de door hem uit het stof opgedolfen schatten tentoonstelt van de twaalfde tot en met de 20ste eeuw ...' Die prag van die Afrikaanse poësie wou Komrij kennelik ook blootlê in die bloemlesing van "1000 en enkele Afrikaanse gedichten" wat hy aan sy trilogie toegevoeg het. Oor sy ontdekking van die Afrikaanse poësie het hy aan Robbmond gesê: 'Meteen bij de eerste kennismaking bleek dat het een grote, mooie literatuur is met veel gedichten die allemaal op een of andere manier fascineren. Ik deed ontdekking

op ontdekking, ik stuitte op verrassing na verrassing.'

Die hoop wat Komrij teenoor Robbemonnd uitgespreek het dat Suid-Afrikaners 'n bietjie hartliker sal wees as Nederlanders en hulle waardering sal laat blyk, sal seker nie beskaam nie. Eweneens sal kritiek nie uitbly nie, veral nie van geïnformeerde lesers nie. *Geïnformeerde* lesers waartoe ek myself in alle beskeidenheid reken, is noodwendig ook *kritiese* lesers.

Komrij het inderdaad na verborge bronne neergedaal en gedigte opgehaal waarvan die mees belese liefhebber van die Afrikaanse poësie nog nooit gehoor het nie. Sy bloemlesing neem 'n aanvang met die vroegste tekste wat nog in Nederlands op Suid-Afrikaanse bodem geskryf is en die leser kan dus sien hoe Nederlands uit die pen van hierdie vroeë 'digters' moeisaam en tastend tot 'n nuwe taal ontwikkel en langsaamhand 'n steeds geskikter en gevoeliger medium vir die skryf van poësie word.

Onwillekeurig roep Komrij se bloemlesing by die geskoolde Afrikaanstalige leser onmiddellik 'n vergelyking op met D.J. Opperman se *Groot Verseboek* waarvan die eerste uitgawe in 1951 verskyn het en die laaste in 1983. In die tydperk toe Opperman dit reëlmatig hersien en uitgebrei het, was dit die onbetwiste barometer vir die stand van die Afrikaanse poësie en in 'n hoë mate is dit nog die geval. Naas die omvangryke bloemlesing *Poskaarte* (1997) van Ronel Foster en Louise Viljoen, wat die Afrikaanse poësie vanaf sestig tot hede verteenwoordig, vul Komrij se bloemlesing op eiesinnige wyse die leemte wat na die laaste verskyning van *Groot Verseboek* ontstaan het.

Die vroegste gedigte in Afrikaans met poëtiese waarde was geestige verse. Komrij en Opperman is kennelik eenstemmig oor die geestige verse uit die tweede helfte van die negentiende eeu wat 'n mens nie in enige bloemlesing uit die Afrikaanse poësie sou wou mis nie. In albei bloemlesings verskyn F.W. Reitz se humoristiese 'Klaas Geswind en syn perd' en 'Di steweltjies fan Sannie' en S.J. du Toit se 'Hoe di Hollanders di Kaap Ingeneem het', Pikkedel se 'Op Hartebesfontyn' en C.W. Joubert se 'nuttige Reseppe'. Ook Pulvermacher se kostelike 'Dopper Joris en zijn zijtje', deur Opperman se *Groot Verseboek* bekend en geliefd by vele Afrikaanse lesers, ontbreek nie by Komrij nie en gelukkig neem hy ook Pulvermacher se ander klein juweeltjie 'Ou Abel Rasmus' op.

Maar waar Opperman volstaan met enkele verse van kultuur-historiese belang, dog met weinig poëtiese waarde, vind 'n mens by Komrij 'n ruim aantal: verse wat getuig van 'n ontwakende taaltrots en nasionale gevoel met as keersy dikwels 'n anti-Engelse gesindheid. Van C.P. Hoogenhout wat homself genoem het 'oom Jan wat versies maak' en seker nie die pretensie gehad het van 'n digter te wees nie, neem Opperman twee verse op en Komrij sewe: 'n beduidende verskil. Michaël Zeeman kom tot die gevolgtrekking: '... de negentiende eeuw duurt lang, in elk geval in de Afrikaanse poëzie' (*De Volkskrant* 24.9.99). Hy het nie gelyk nie en al neem die Afrikaanse verse uit die negentiende eeu nie meer as ongeveer 100 van

die 1065 bladsye van Komrij se bloemlesing in beslag nie, raak Zeeman tog die kern van my beswaar teen dié monumentale publikasie aan nl. dat die oorwig aan triviale gedigte 'n vertekende beeld gee van die Afrikaanse poësie.

Die omvang van die bloemlesing veroorsaak kennelik vir die Nederlandse resensente 'n leesversperring. Met hulle ingekorte geheue as gevolg van die jarelange taboe op die Afrikaanse letterkunde – vae herinneringe aan Afrikaanse liedjies uit die Anglo-Boere-oorlog en aan enkele gedigte in vroeë Nederlandse skoolboeke – duik resensente in Komrij se bloemlesing en vind soos Henk van Woerden in die *NRC Handelsblad* dat hulle 'duisel'. Dié duiseling by Nederlandse kritici gee daartoe aanleiding dat hulle nie tot ewewigtige oordele kan kom nie.

In al die resensies waarvan ek kennisgeneem het word na die skatologiese gedig 'De lof der stront' van J.E. de Jong (1847-1915) verwys en daaruit aangehaal met uitsondering van Hans Ester wat hom nie verwerdig om daaruit te siteer nie maar dit tereg 'n 'volstrekt waardelose gedicht' noem (*Reformatorisch Dagblad* 15.12.99). Indien 'n sekere verkneukeling in die skatologiese 'n hebbelikheid van Komrij is (hy neem ook die waardelose 'Durban se poepwedstryd' op), gun ek hom dit graag, maar dan vind ek dit uiters jammer dat Nederlandse resensente daarop fikseer ten koste van gedigte wat bepalend is vir die hoë peil van die Afrikaanse poësie en wat nou in besprekings nie aan die bod kom nie.

Dis te verwelkom dat Komrij in sy bloemlesing ruimte maak vir digters van 'speelse verse': liedtekste, kinderryme en abecedariums. Van hierdie verse gaan ongetwyfeld 'n eie bekooring uit en hulle behoort tot 'n onmiskenbare tradisie in die Afrikaanse poësie en word beoefen deur onder andere R.K. Belcher, Boerneef, Ellen Botha en Philip de Vos. Ook binne hierdie tradisie staan die digters wat in Kaaps, 'n variant van Afrikaans, skryf soos Loit Sols en Peter Snyders en die beoefenaars van die kindervers soos Hester Heese, Helena J.F. Lochner en Elizabeth van der Merwe. Van Hennie Aucamp, bekroonde kortverhaalskrywer wat ook die kabaret in Afrikaans geïntroduseer het, neem Komrij agt liedtekste en vier kwatryne op. Op dié wyse brei hy die register uit van wat as die Afrikaanse digkuns beskou word en gee hy erkenning aan poësie waarmee dusver nie erns gemaak is nie.

Met 'n te groot verteenwoordiging van die soort speelse gedig ontstaan egter ook weer 'n wanbalans wat by die reeds gesiteerde Michaël Zeeman 'n verdere onbehaveskep. Dis simptome van die fiksering op trivialiteite dat hy die obskure digteres Tante Kota se naïewe vingerrympie en aanraakliedjie siteer, dus 'n variant van 'n Nederlandse kinderrympie, en nie 'n oorspronklike Afrikaanse kindervers van onbetwiste literêre waarde soos dié van Hester Heese nie. Zeeman se negatiewe beoordeling van die Afrikaanse poësie is te wyte nie aan die poësie self nie, maar aan sy onvermoë om selektief te lees.

Geen bloemleser is sonder voorkeure nie. Komrij se besluit om alle Afrikaanse digbundels waarop hy die hand kon lê te lees om sodoende nie 'n belangrike digter oor te slaan nie, impliseer alreeds 'n sekere vooringenomenheid, nl. om nie voor-

af kennis te neem van die kanon nie. Die gekanoniseerdes staan egter almal in sy bloemlesing, onder andere die drie grotes aan wie liefhebbers en kenners van die Afrikaanse poësie onmiddellik dink: Elisabeth Eybers, N.P. van Wyk Louw en D.J. Opperman.

Die kanoniserings van Van Wyk Louw en Opperman is die resultaat van die grootheid van hulle digterskap waaraan Komrij met die keuse uit hul oeuvres geen reg laat geskied nie. Hy verteenwoordig albei digters ook slegs met tien verse, die maksimum wat hy besluit het om per digter toe te laat. Daar is geen verontskuldiging vir die onreg wat op die wyse geskied nie. Van Wyk Louw se biograaf J.C. Steyn wys juis daarop dat Louw se grootheid gouer deur Nederlanders, o.a. deur die digters Marsman en Greshoff, raakgesien is as deur sy tydgenote in Suid-Afrika (1998:1133). Steyn haal Pierre Dubois uit *Het Vaderland* (27.3.71) aan waar hy oor Louw sê: "Het is voor een belangrijk deel aan zijn dichterlijk genie te danken dat het Afrikaans een zo bewonderenswaardig poëtisch instrument kon worden, dat zich volwaardig met de Westeuropese letteren kan meten" (1998:1134).

Die grotes word verder oorskadu deurdat Komrij ook 'minor poets' met tien gedigte verteenwoordig, onder meer A.D. Keet en A.G. Visser. Keet en Visser behoort tot die Twintigers wat aan die woord gekom het na die sogenaamde 'Driemanskap': Jan F.E. Celliers, Totius en C. Louis Leipoldt. Leipoldt het aan die individu stem verleen en dis by sy werk dat die digters van Dertig wat verantwoordelik was vir die belangrikste episode van vernuwing in die Afrikaanse poësie kon aansluit. Binne die ontwikkelende Afrikaanse poësietradisie het Keet en Visser te staan gekom ná Leipoldt en voor die Dertigers wat hulle vlot versifikasie, retoriese taalgebruik en nogal vlak sentimente aan die lig gebring het.

Van Wyk Louw het seerseker nie ten onregte nie in 1938 'n skerp en destyds gewraakte uitspraak oor Visser gemaak: "... verbeel jou die volk wat 'n literatuur van A.G. Vissers het, of waarin A.G. Visser een van die hoogtepunte is" (Steyn 1998:874). In 'n latere herwaardering van Visser het Louw egter groot lof gehad vir sy geestige verse. Hierin lê inderdaad Visser se wesenlike bydrae wat ook, helaas, nie deur Komrij genoegsaam belig word nie. Die negentiende eeu wil maar nie in hierdie bloemlesing tot 'n einde kom nie: Komrij neem twee eerste onbeholpe verse van Visser (nog in die ongestandaardiseerde spelling van Afrikaans) op, nl. "Di cigarette" en die samespraak "'n Saak het twé kante". Met sy verdere keuse van die twee sentimentele, geswolle liefdesverse "Rosa Rosarum" en "Eheu fugaces ..." uit Visser se werk is daar niks wat hom in hierdie bloemlesing opsigtelik onderskei van sy tydgenoot Keet nie en ken Komrij aan hulle 'n status toe wat hulle nie verdien nie.

Die onderbeligting van gekanoniseerde digters en meermale Komrij se keuse uit hulle oeuvres het verder tot gevolg dat sy bloemlesing nie 'n ontwikkelende poësietradisie laat blyk nie. Maar meer nog as deur die verduistering van gekanoniseerdes word die Afrikaanse poësietradisie onherkenbaar deurdat hy die digters chronologies rangskik op grond van hulle geboortedatums en nie na aanleiding

van die verskyningsdatums van hulle bundels nie. Losgemaak uit die digtersgenerasie waartoe hulle behoort, kom digters naas mekaar te staan wat niks gemeen het nie behalwe geboortedatums soos Elisabeth Eybers en die kinderboekskryfster en essayis Freda Linde wat albei in 1915 gebore is. Om Linde se drie spreukryme na Eybers se tien grandiose verse te lees, doen byna absurd aan. Die opposisie tussen swak en sterk verse wat op die wyse ontstaan, werk vertroebelend.

Waar Komrij se bloemlesing nie 'n beeld gee van 'n literatuurgeskiedenis nie, regverdig dit egter nie ongeverifieerde uitsprake oor die Afrikaanse poësie soos wat Rob Schouten hom veroorloof nie. Reeds die titel van sy resensie is simptome van sy denigrerende houding: 'Van God en huisgezin tot coke en sodomie'. Sy bewering dat 'n mens van vroeëre digters – waartoe hy Leipoldt, Van Wyk Louw en Opperman reken – 'n indruk oorhou dat hulle 'een soort vriendelike, huiselike variant leverden van het Nederlandse symbolisme en dat ze Boutens maar ook Nietzsche en Dostojevskij vooral gelezen hadden met een erg christelijke zonnebril op' (*Vrij Nederland* 11.9.99) is van alle waarheid ontdaan.

Een van die groot verdienstes van die Dertigers was juis dat hulle die gedig bevry het uit die diens aan volk, politiek en godsdiens. Bowendien behoort die drie digters wat hy in een asem noem tot verskillende digtersgenerasies. Daarbenewens was individualistiese, kosmopolitiese Leipoldt 'n agnostikus en sowel Van Wyk Louw met sy verwerping van sekerhede en aanvaarding van die irrasionalisme as Opperman met sy bewussyn van die evolusionistiese en panteïstiese aard van die natuur geen tradisionele Christene nie.

Schouten betreur ook die ostentatiewe afwesigheid van strominge soos die dadaïsme en die surrealisme in die Afrikaanse poësie; strominge wat beswaarlik invloed kon uitgeoefen het op 'n literatuur in sy kinderskoene. Maar as die dadaïsme 'n 'provokatiewe anti-konformistiese beweging' was (Meiring 1992:62) en die surrealisme as 'n 'avontuur van die gees (...) bevrydend en verkennend' (Meiring 1992:512), dan het dit opgeklank in die stem van protes teen die politieke *status quo* in die patois van die bruinman – reeds so vroeg as in S.J. du Toit se alleenspraak 'Hoe die Hollanders die Kaap ingeneem het (vertel deur ou Danster 'n Griekwa)' uit die 19de eeu en in Peter Blum se 'Kaapse sonnette' uit die jare vyftig van die 20ste eeu.

Dit was die begin van 'n rigting waarby bruin digters later kon aansluit. Waar S.V. Petersen en P.J. Philander nog in die standaardvariant van Afrikaans uitdrukking gegee het aan die lotgevalle van hulle mense, het Adam Small dit skerper, bitterder en selfs aangrypend (kan 'n mens sê outentiker?) gedoen in Kaaps, die vanselfsprekende gemoedstaal van die bruinmens. Small se voorbeeld is gevolg deur onder andere Peter Snyders en Marius Titus.

Gesien dat uit al hierdie digters se werk gedigte in Komrij se bloemlesing staan (van Petersen en Small die maksimale tien) is Schouten weereens onregverdig met

nog 'n opsetlik ontluisterende opmerking, nl. dat 'de Afrikaanse poësie zeker niet de onderdrukte bevolking in haar emancipatie heeft begeleid'. Dis veral nie waar van die Afrikaanse poësie as sodanig nie maar waar Schouten sy indruk op die bloemlesing grond, wil ek toegee dat Komrij meer antiapartheidsgedigte kon opneem waarvan daar vele fel voorbeelde is, ook in die werk van blanke digters. Ek dink aan Opperman se 'Draaiboek' en 'Nagwag' uit sy sublieme bundel *Blom en baaierd* van 1956 wat Komrij nie met een vers verteenwoordig nie. Opperman se nagwag kom in die debat wat hy met homself voer tot die oortuiging:

En wie is ek en hoe 'n man?
Swart of bruin of wit?
Dit is mos net afhanklik van
hoe ver mens van die vuurtjie sit!
Die nag kan hom, soos God, nie steur
aan 'n man se afkoms en sy kleur.

In haar Brusselse lesing oor die poësie van 1963 het Elisabeth Eybers gesê: 'Ek vermoed dat een van die redes waarom iemand verse skryf, is omdat daar vir hom dinge is, te intiem, of te aangrypend, of te onvatbaar-op-eerste-sig, of te ongerymd om in die openbaar mee te deel. Hulle moet gesing of gesuggereer of oorgesein word'. Ek deel die voorkeur vir indirekte beelding bo direkte bewering waarvan Eybers se poësie in toenemende mate binne haar oeuvre 'n glansende voorbeeld is. Komrij se hoë waardering vir Afrikaanse digteresse berus egter juis op die 'onthutsende, bijna pornografiese directheid' van hulle 'onthullings over hun lichamelijke ervaringen' (*Algemeen Dagblad* 13.3.99). Maar laat ek aan alle poësielesers, bloemlesers en resensente hul voorkeure gun. Mens kan nog altyd verantwoordelik verskil en geesdriftig saamstem en ek vind nie ernstig fout met Komrij se keuse uit die werk van digteresse nie: Eybers, Ingrid Jonker, Olga Kirsch, Antjie Krog en Wilma Stockenström word elkeen met tien sterk verse verteenwoordig. Elisabeth Eybers het in haar Brusselse lesing die poësie ook genoem 'daardie eeueoue altyd-nuwe, vreemde, vertroude ompad en kortpad tussen mens en mens.' Gerrit Komrij het met sy bloemlesing na al die jare van vervreemding die pad tussen Afrikaanstaliges en Nederlandstaliges weer oopgemaak. Dit skep die moontlikheid van 'n ontmoeting wat veral bewerkstellig kan word deur verantwoorde en entoesiastiese leiding van resensente aan lesers in Suid-Afrika én in Nederland.

Bibliografie

A

Eybers, E., 'Oor poësie.' In: *Voetpad van verkenning*. (Red. J.C. Kannemeyer), Human en Rousseau, Kaapstad, 1978: 107-112.

Komrij, G., *De Afrikaanse poëzie in 1000 en enkele gedichten*, Bert Bakker, 1999.

Meiring, E., 'Dada', 'Surrealisme'. In: Cloete, T.T. (red.) *Literêre terme en teorieë*, HAUM-Literêr, Pretoria, 1992: 62-63, 512-514.

Opperman, D.J., *Digters van Dertig*, Nasionale Boekhandel Bpk., Kaapstad, 1962.

Steyn, J.C., *Van Wyk Louw: 'n Lewensverhaal (Deel 2)*, Tafelberg-Uitgewers Bpk., Kaapstad, 1998:874, 1133-1134.

B

Ester, H., 'Poëzie voor het Nederlandse oor'. In: *Reformatorisch Dagblad*, 15 Desember 1999.

Robbemand, J., 'De nieuwe passie van Gerrit Komrij'. In: *Algemeen Dagblad*, 13 Maart 1999.

Schouten, R., 'Van God en huisgesin tot coke en sodomie'. In: *Vrij Nederland*, 11 September 1999.

Van Woerden, H., 'Baie dankie mineer Komry!' In: *NRC Handelsblad*, 17 September 1999.

Zeeman, M., 'Net soelank jy my verstaan'. In: *De Volkskrant*, 24 September 1999.

Lewensverhale van twee veelsydige skrywers

H.P. van Coller

Sedert verál die verskyning van Hayden White se eerste gerugmakende historio-grafiese publikasie in die jare sewentig (White, 1973), is die hele kwessie van die “ware” weergawe van die verlede op die spits gedryf. Metahistorici het beklemtoon dat die chaotiese en oewerlose verlede altyd geïnterpreteer en tot ’n narratief geskik moet word. Die verlede bestaan as teks met dieselfde leksikale, grammatiese, sintaktiese en pragmatiese aspekte as enige ander teks (Ankersmit, 1987:61). Só word die historikus dan vergelyk met ’n *leser* wat die verlede *as teks* moet interpreteer.

As hermeneutiese aktiwiteit kan die subjektiewe aard van geskiedskrywing kwalik ontken word. Daarmee word (soos in die literatuurwetenskap trouens ook) egter nie afstand gedoen van die eis van wetenskaplikheid nie. Carr (1991:59) het reeds opgemerk dat “(n)arrative requires narration, and this activity is not just a recounting of events but a recounting informed by a certain kind of superior knowledge”. Die historikus moet die verlede assosiatief betrag, eenheid skeep en oop plekke vul (Cebik, 1978:112). Net soos literêre interpretasies kan historiografiese narratiewe beoordeel (en gegradeer) word op grond van interne logika en samehang én aan die hand van vergelyking met die teks en konteks waarna dit refereer.

’n Biografie word gewoonlik omskryf as ’n volledige weergawe van ’n persoon se lewe teen die agtergrond van ’n historiese tydsnit wat ook verhelder behoort te word. Die biografie behoort só gesien dus tot die historiografiese wetenskappe. Aan die anderkant word die biografie dikwels tuisgebring onder “letterkunde” en staan dit in bepaalde opsigte selfs dig by die outobiografie as tekssoort. Spreekende voorbeelde is die liriese, outobiografie en die literêre biografie. Beide tekssoorte plaas die klem nie net op die objektiewe weergawe van koue feite nie, maar op ’n bepaalde assosiatiewe interpretasie daarvan.

Sowel die outobiografie en die biografie is al om verskillende redes tuisgebring onder die noemer “ego-literatuur”. In albei word die leser gekonfronteer met beskrywende en skrywende subjekte wat op verskillende wyses uit die verf kom. Telkens is daar ook ’n ondersoekende subjek wat op persoonlike wyse skriftelik verslag doen van die lewe van ’n objek. In die een geval weliswaar van homself. Tog is die ooreenstemming groot: in dieselfde mate as waarin die outobiografier

beweeg van homself as objek ten einde afstand te kry, krimp die afstand weer in die biografie omdat die biograaf hom ook persoonlik moet inleef in sy objek; geen biograaf sal skryf oor 'n skrywer waarvoor hy geen belangstelling het nie.

Omdat persoon en konteks se wisselwerking deurgaans sentraal staan, het baie biografieë die geneigdheid om in neo-positivisme te verval. Soms word daar ook verwys na 'n *wetenskaplike biografie* (as die werk feitlik uitsluitend op historiese onaanvegbare gegewens berus). Is dit nie die geval nie, word eerder gepraat van 'n *geromantiseerde biografie*.

'n Interessante variant van laasgenoemde is die ongeoutoriseerde (en soms selfs bykans fiktiewe) weergawes van die lewens van beroemde mense so uiteenlopend soos miljoenêr Howard Hughes en Prinses Diana. 'n Verdere komplikasie is dat 'n biograaf dikwels groot probleme ondervind om die openbare en die private persoon van sy subjek van mekaar te skei. In die geval van Clayton Moore (die man wat vir jare die rol van The Lone Ranger vertolk het) het daar so 'n volkome same-smelting tussen die twee personas ontstaan dat die fiktiewe persoon oorheersend geraak het en die mens Clayton Moore feitlik verdwyn het; 'n biografie van Moore sou daarom onvermydelik óók 'n biografie van The Lone Ranger wees.

Die term *psigologiese biografie* verwys na 'n soort biografie waarin die subjek se psigologiese ontwikkeling besondere klem kry; 'n benadering wat veral gewild is by die skryf van literêre biografieë. Wat gewoonlik gebeur, is dat die subjek (die skrywer) se werk en sy latere ontwikkeling in die lig gesien word van sy psigoseksuele ontwikkeling as kind. Sodanige beskrywing geskied dikwels binne Freudiaans-getinte psigologiese modelle.

Binne hierdie verskillende soort biografieë moet die biograaf hom posisioneer en sy bepaalde invalshoek kies. In die Suid-Afrikaanse konteks is dit opvallend hoe veel klem daar in die afgelope paar jaar geplaas is op weergawe van die verlede, hetsy in die vorm van geskiedskrywing, hetsy in die vorm van fiksie. Veral die outobiografie en die biografie het 'n oplewing getoon wat waarskynlik op natuurlike wyse verbandhou met die natuurlike neiging tot retrospeksie aan die einde van eras (Apartheid bv.) of tydperke (die twintigste eeu, die millennium). In die gepubliseerde (outo)biografie val die klem veral op enkelinge en hul belang vir vandag. Dit sou kon help om die beeld te nuanseer dat met die skerp opstelling van groepe teenoor mekaar, die rol van individue in Suid-Afrika uitgespeel is.

In die afgelope tyd verskyn daar biografieë van twee van die heel belangrikste Afrikaanse skrywers: N.P. van Wyk Louw (deur J.C. Steyn) en C. Louis Leipoldt (deur J.C. Kannemeyer). Beide Langenhoven en Louw was nie net belangrike Afrikaanse digters nie, maar het as uiters veelsydige figure hul merke duidelik gelaat op die Suid-Afrikaanse landskap van die twintigste eeu. Hul verteenwoordig ook belangwekkende (en uiteenlopende) denke oor die posisie van die Afrikaans as taal in Suid-Afrika, 'n debat wat tans weer besonder aktueel is. Leipoldt die kosmopolitaan en pragmatikus skat die waarde van Afrikaans gans anders in as Louw

die sterk nasionalis. Waar Leipoldt Engels sien as dié ontwikkelde taal van Suid-Afrika, daar wil Louw Afrikaans tot dieselfde glansryke werktuig ontwikkel. Wat vir die een slegs handige kommunikasiemiddel is, is vir die ander lewensvoorwaarde.

Nicholaas Petrus van Wyk Louw, die grootste digter van sy generasie, neem steeds 'n belangrike plek in binne die Afrikaanse letterkunde. Vir dekades is hy nie net gesien as toonaangewende digter nie; hy het self 'n belangrike rol as kanoniseerder gespeel binne die Afrikaanse literêre veld. Voorts het sy skerpsinnige (en dikwels polemiese) geskrifte oor 'n wye verskeidenheid onderwerpe soos nasionalisme en kultuur, 'n beduidende uitwerking gehad op die Suid-Afrikaanse geesteslewe. As oortuigde nasionalis het hy gedurende sy hele lewe volksopvoeder gebly en het daarom ook veel gepubliseer in wat dikwels geringskattend die "populêre" media genoem word. Veral gedurende sy tydperk as hoogleraar aan die destydse Gemeentelike Universiteit van Amsterdam (1950-58) het Louw dadelik kennis geneem van belangrike ontwikkelinge op die terrein van die literatuurwetenskap wat hy op 'n toeganklike wyse bekend gestel aan geslagte studente en dosente.

Die literêre kanon word voortdurend onder vuur geneem. Dit spreek daarom van self dat enige gekanoniseerde figuur ook telkens die objek word van kritiese herevaluering. In die afgelope jare is Van Wyk Louw veral vanuit 'n bepaalde ideologiese hoek, deur literatore soos Mariaan de Jong, Ampie Coetzee, Hans Pienaar en Gerrit Olivier krities geherwaardeer. Hy is veral kwalik geneem vir sy simpatie met Nasionaal-Sosialisme in die jare Dertig en afgeskilder as simpatisant van dié denkwyses. Deur veral Olivier (1992) word Louw op metodologiese gronde daarvan beskuldig dat veral sy teoretiese geskrifte nie altyd die toets kan deurstaan van streng wetenskaplike objektiviteit nie. Oor Olivier se gepubliseerde proefskrif ontstaan 'n hewige polemiek tussen hom en Kannemeyer (1994); Olivier (1996).

Steyn, bekende taalnasionalis, staan ideologies veel nader aan Louw. In sy biografie kom N.P. van Wyk Louw uit die verf as 'n persoon wat in denke en handel gedrewe is deur 'n sterk nasionalisme, 'n persoon vir wie die letterkunde 'n passie was. Selfs Louw se liefdesverhoudings het gedurig verband gehou met die letterkunde, al was die geliefdes aanvanklik net muses vir sy letterkundige produksie.

Waarin Steyn op merkwaardige wyse slaag, is om Louw te plaas in die verband van die historiese tyd waarbinne hy staan. Veral Louw se politieke evolusie word noukeurig beskrywe en sy belangstelling in, en bewondering vir bepaalde aspekte van die Nasionaal-Sosialisme, word deur Steyn as 'n kortstondige flirtasie afgemaak. Steyn doen ook groot moeite om te toon dat daar 'n wesenlike verskil is tussen gepubliseerde werk, en ongepubliseerde, privaat korrespondensie – verskille wat nie altyd deur Olivier verreken word nie. Uit Steyn se pynlik-presiese rekonstruksie van Louw se politieke denke, blyk dat laasgenoemde altyd wars was van rassisme.

Daar is al eerder beweer dat 'n biograf 'n persoonlike verbondenheid het met die persoon wie se lewensbeskrywing neergepen word. 'n Mens kan aflei dat Steyn, as bekende en bekroonde taalsocioloog met 'n sterk taalnasionalisme, veral aange-

trek is deur Louw se onlosmaklike verbondenheid met die Afrikaanse taal; een van die *leitmotive* in lasgenoemde se werk.

Oor Louw is al heelwat geskrywe en die verhouding tussen hom en D.J. Opperman (en ook tussen hom en Jan Greshoff) is elders al geboekstaaf. Ook die polemieke tussen Louw en reekse ander persone, veral literatore; sy rol in die totstandkoming van *Standpunte* en die ontstaansgeskiedenis van etlike gedigte is al deeglik beskryf. Nooit egter is dit gedoen in die omvattende geïntegreerdheid (en gebalanseerdheid) waarmee Steyn dit hier aanpak nie.

Bowendien slaag hy daarin om baie onontginde en onbekende stof na bowe te haal. Voorbeelde lê vir die gryp: die simbiotiese verhouding tussen Van Wyk Louw en die Afrikaner Broederbond, waarvan hy lid bly tot met sy afsterwe, die sentrale posisie wat sy tweede vrou, Truida in sy lewe en werk ingeneem het, die diepte van die verhouding met Sheila Cussons, en dalk veral, 'n noukeurige optekening van die verbysterende talente van Louw. Dit is bepaald nie algemene kennis dat Louw ook gemaklik konsertpianis sou kon word en dat hy verskeie klassieke en moderne Europese tale met gemak hanteer het nie.

Waarin Steyn veral uitmuntend slaag, is om 'n geheelbeeld van Louw daar te stel terwyl onderdele daarvan tog helder uitstaan. Dit kon Steyn net doen omdat sy bronverkenning onberispelik is en hy daarin kon slaag om, ondanks die bykans oewerlose stroom besonderhede waardeur hy moes waad, steeds die oorkantste oewer in die visier te hou. Wat hier aangebied word, staan in feite dig by 'n roman, ondanks die aanbieding van niefiktiewe stof. Steyn gee in breë trekke die geskiedenis van Louw op chronologiese wyse weer en dit moes heel moeilik gewees het om 'n veelsydige mens se aktiwiteite so gekonsentreerd te orden. Dit bied egter die enorme voordeel dat daar selde herhaling is en die evolusie van die individu (wat uiteraard op 'n wye front gemanifesteer is) moeiteloos gevolg kan word. Louw is die hoofpersonasie, wat skynbaar op oukatoriële wyse van buite geteken word. Soms word daar op geslaagde wyse van fokus verwissel wanneer Louw se eie siening op sake gegee word.

In hierdie verband is veral die talle briewe van Louw 'n geslaagde karakteriseringsmiddel. Hulle is dikwels uiters onthullend van sy sienswyses en toon hom ook dikwels op genadelose wyse as iemand met 'n neiging tot romantiese oordad – in liefdesverhoudings veral, maar ook in persoonlike verhoudings waar sy optrede dikwels eiesinnige en onboetvaardige trekke vertoon het. Geen ander personasie word so volledig gekarakteriseer nie; ook nie sy vrou Truida, wat in Steyn se romanmatige weergawe van Louw se lewensloop die rol van die antagonis vervul nie.

Steyn se lewensbeskrywing is uiteraard 'n interpretasie van die lewe van Louw, en dit is duidelik dat hy hom sien as 'n dualistiese persoon. Enersyds was hy die afstandelike intellekueel, trots en eiesinnig besig om sy eie pad te loop, Andersyds was daar by hom 'n diepe behoefte aan geborgenheid, selfs by tye 'n kinderlike naïwiteit en hulpeloosheid; tewens diep afhanklikheid van sy gesin, sy volk en sterk vroue.

In Steyn se "roman" is Truida dié vastigheid, "die stilte tussen riet", vir Louw sy ewige anker. Sy belangrikste werk –met die moontlike uitsondering van *Tristia* (1962) waarin Sheila Cussons sentraal staan – het ook altyd met haar verband gehou. Uit Steyn se enigszins verskonende weergawe van Louw se affaire met Sheila Cussons, word dié dwaling getipeer as een van die "minor indiscretions", veral beoordeel in die lig van sy "major achievements". Hierdie invalshoek verklaar die oorwegend positiewe wyse waarop Steyn die sentrale personasies uitbeeld – veral Truida is 'n bykans "smettelose" heldin. Dit is jammer dat Cussons nie bereid was om haar medewerking aan hierdie biografie te verleen nie. Daardeur is Steyn verhinder om gebruik te maak van talle briewe en bly die verhouding tussen Louw en Cussons tog ietwat skimmig.

Hierdie lewensbeskrywing kon nie aangepak word sonder die aktiewe medewerking (en patronaat) van Truida en die ander gesinslede nie. Dit verklaar daarom dalk ook Steyn se versigtige hantering van bv. die verhouding met Sheila Cussons. Tog rus daar dan veral 'n groot verantwoordelikheid op die skrywer om te strew na objektiwiteit. Teenstanders van Louw, soos E.C. Pienaar, F.E.J. Malherbe, C.M. van den Heever en Abel Coetzee, word bykans sonder uitsondering op eensydige wyse negatief geteken. Dit is verklaarbaar vanuit Steyn se "retoriese posisie" en die vertelafstand wat dig by Louw is. Tog word hierdie akademië eensydig voorgestel en is daar bepaald te weinig waardering vir hul bydraes op hul onderskeie vakterreine, veral uit 'n historiese perspektief.

As daar een punt van kritiek is, is dit dat Steyn hom te veel laat lei het deur Louw (en sy entourage) se inligting, visie en waardes. Dit impliseer uiteraard ook die ideologiese en artistieke opvattinge van laasgenoemde.

Tog weeg hierdie kritiek nie op teen die positiewe aspekte van hierdie biografie nie; veral nie as in ag geneem word dat Steyn se Van Wyk Louw-voorstelling skerp afwyk van die beeld van Louw as 'n byna-heilige wat vandag soms steeds geprojekteer word.

Steyn se werk wek bewondering omdat dit 'n voortrefflike balans weet te tref tussen omvangrykheid en diepgang. Voorts is sy werk ver van droog en dor soos eietydse geskiedskrywing ongelukkig nogal dikwels is. Sonder om maar enige toegewings te maak ten opsigte van wetenskapliheid, skryf Steyn 'n boeiende relaas in 'n glashelder Afrikaans. Daarvoor alleen al verdien hy lof.

J.C. Kannemeyer is een van die min Afrikaanse skrywers wat hul hand gewaag het aan literêre biografieë. In 1987 word sy *D.J. Opperman. 'n Biografie* (1986) bekroon met die Ou Mutual-prys vir nie-fiksie en in 1995 verskyn sy *Langenhoven. 'n Lewe*. Daarbenewens is hy die bekroonde outeur van verskeie literatuurhistoriese en kritiese werke in Afrikaans. Vir die afgelope paar jaar tree Kannemeyer ook op as gids by literêre toere. Naas toeristiese vaardighede dien so'n begeleier te beskik oor kennis van (literêre) kuriosa, (literêre) geskiedenis en literêre kritiek. Hierdie

“bestanddele” kan ook gesien word as die grondstowwe van ’n literêre biografie. Kannemeyer se Leipoldt-studie is ’n wetenskaplike biografie wat getuig van deeglike navorsing. Benewens uitvoerige verkenning van bronne, argivale navorsing en persoonlike onderhoude, het Kannemeyer selfs die spore van Leipoldt in die buiteland gevolg. Dit was nie net ’n wetenskaplik-gedrewe reis nie, maar ook kennelik ’n poging om as ’t ware onder die vel van Leipoldt in te kruip. Versmelting met die subjek geskied dikwels in biografieë, selfs waar die skrywer alles in sy / haar vermoë doen om dit te vermy.

Kannemeyer se affiniteit met Leipoldt lê waarskynlik opgesluit in ’n aantal eienskappe van Leipoldt waarvan die bewondering by herhaling op gevarieerde manier in hierdie studie na vore tree: Leipoldt se aweregse intellektuele ingesteldheid (’n raak inskatting van gehalte en ’n warsheid van kwaksalwery); sy afkeer van alles wat kleinburgerlik of kleingeestig was; sy bevraagtekening van godsdienstige dogma en politieke gediensigheid; oorspronklike denke; sy besondere werksvermoë en sy onversadigbare nuuskierigheid.

Kannemeyer (bekend as voorvegter vir Afrikaans) kom mettertyd skynbaar só onder die bekoring van Leipoldt dat laasgenoemde se geringskatting van Afrikaans se toekomsptensiaal stilswyend beskryf word en daar selfs lofprysend gepraat word van nog ’n Engelsgesinde taal-jingo, Deneys Reitz (p.578). Sodanige verswyging van eie standpunt val destemeer op omdat Kannemeyer (anders as bv. Jaap Steyn in sy Louw-biografie) hom in hierdie biografie nie onbetuig laat oor talle kwessies nie.

Die chronologiese struktuur wat Kannemeyer breedweg hier aanlê, is tradisioneel van die outobiografie omdat dit immers ’n persoon se lewensloop is wat daarin beslag kry. Leipoldt se lewensverhaal word ingedeel in vier fases: sy jeugjare (1880-1902), sy jare in Londen (1902-1914), sy Transvaalse tydperk (1914-1925) en sy tweede Kaapse verblyf. Binne hierdie breë chronologie word daar egter tematies gewerk. So’n keuse word seker in ’n hoë mate genoodsaak deur die fasetryke lewe van Leipoldt en ’n streng chronologiese aanpak sou dalk aanleiding kon gee tot onoorstigtelikheid. Die nadeel van hierdie keuse is ongelukkig dat Kannemeyer telkens verval in herhaling, wat soms bykans woordeliks is. Nodeloos om te sê werk dit uiters frustrerend in op die leser en versteur dit die vlot gang van die vertelling.

Kannemeyer se navorsing toon onomwonde dat Leipoldt in sy wese ’n eenloper was en dat die benaming “driemanskap” wat hom, Totius en Jan Celliers in een kraal wou dwing, bepaald ’n dwaling was. Dit word met vers en kapittel bewys en die dwaalleer-verkondigers word met min genade deur Kannemeyer aan die skandpale gespyker (vgl. bv. p.432). Ook die feit dat Leipoldt se poësie skerp afwyk van dié van Totius en Celliers en dat daar (anders as wat G. Dekker beweer) geen politieke ommekeer by Leipoldt voorkom in 1920 nie, word telkens herhaal (vgl. bv. pp. 390 en 449).

Gegewens wat vir baie mense ’n belangrike nuwe perspektief op Leipoldt mag bring (hoewel dit deur verskeie literatore al aangedui is) is die feit dat Leipoldt

nooit in Afrikaans geleef het nie; afkerig gestaan het van die rigting waarin Afrikanernasionalisme ontwikkel het; skerp krities was teenoor die Calvinistiese godsdiens; die toekoms van Afrikaans nie besonder positief gesien het nie en vroeg reeds gewaarsku het oor die uiteindelijke gevolge van Suid-Afrika se rassepolitiek. 'n Mens mag verskil met Kannemeyer se evalueringe en verbandleggings en sou ook kon wys op die opdiep van gegewens wat al bekend is. Tog moet 'n mens waardering hê vir die blootlegging van talle nuwe insigte en feite en veral vir die omvattende verband waarin dit hier gestel word.

Uit hierdie biografie blyk ook duidelik dat 'n gedeë letterkundige hier aan die woord is, veral waar Kannemeyer hom wend tot tekste self en dit op verhelderende wyse ontleed of toelig. Hoofstuk IX, "Eerstelinge" is maar net een so 'n voorbeeld. Verbande tussen Leipoldt se werk en dié van ander skrywers en onderlinge verbande (die sogenaamde *intertekstualiteit* en *intratekstualiteit*) word telkens op oortuigende wyse gelê.

Kannemeyer is die egte biograaf wat sy bes probeer om sy subjek nie net te beskryf nie, maar ook te begryp. Daarom het sy werk 'n flinke klap weg van wat eerder die psigo-biografiese metode genoem is. Op talle plekke (vgl. bv. veral die eerste hoofstuk) probeer Kannemeyer om Leipoldt se lewensloop of sy werk terug te herlei na aspekte van sy jeug. Dikwels kan 'n mens daarmee akkoord gaan (al ontbreek bewyse); soms word interpretasies egter blote spekulasie (vgl. bv. pp. 8 en 12).

In J.C. Steyn se eerder besproke biografie gaan die skrywer daarvan nogal ver om sy eie sienings van sy subjek te verhul. Wanneer té intieme aspekte blootgelê moet word, geskied dit soms met 'n ongemaklikheid aan die kant van die biograaf. Kannemeyer daarenteen is die egte snuffelaar wat by wyse van spreke graag die reuk in Leipoldt se kombuis opsnuive.

Wat in hierdie biografie uit die verf kom, is 'n komplekse, teenstrydige maar tewens fassinerende persoonlikheid. Duitse werklus, deeglikheid en selfs oorredingswyse as variant van sy ouers se missionêre ingesteldheid is net so deel van Leipoldt as 'n Franse bonhomie en mediterreense gemaksug en lewensgenieting. Leipoldt word deur Kannemeyer geteken as die argetipiese kosmopoliet wat nooit ingeperk kon word in die keurslyf van 'n bepaalde nasionalisme nie; iemand wat Engels kon hanteer met gemak en tog sy diepste gevoelens oor sy land en sy mense dikwels slegs in Afrikaans kon verwoord. Dié rare kombinasie het Leipoldt die vriend (en ook tot vyand!) gemaak van baie van die belangrikste mense van sy tyd. Kannemeyer se studie is 'n monumentale werk oor 'n Suid-Afrikaanse geleerde wat ook die Afrikaanse taal-en letterkunde op besondere wyse verryk het.

* *N.P. van Wyk Louw, 'n lewensverhaal* (in twee dele) deur J.C. Steyn. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers. Prys R 149 00.

Leipoldt: 'n Lewensverhaal deur J.C. Kannemeyer. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers; Prys: R 199 95.

Bibliografie

- Ankersmit, F.R.**, 1986. (1e Uitgawe 1984). *Denken over geschiedenis. Een overzicht van moderne geschiedfilosofische opvattingen*. Groningen: Historische Uitgeverij.
- Carr, David**, 1991. *Time, Narrative and History*. Bloomington/Indianapolis: Indiana University press.
- Cebik, L.B.**, 1978. *Concepts, Events, and History*.: University Press of America.
- Kannemeyer, J.C.**, 1986. *D.J. Opperman. 'n Biografie*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.
- Kannemeyer, J.C.**, 1995. *Langenhoven: 'n Lewe*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.
- Kannemeyer, J.C.**, 1994. 'n Deurtastende kritiese ondersoek? Gerrit Olivier oor N.P. van Wyk Louw'. *Tydskrif vir Letterkunde* 33(3): 54-69, Augustus 1994.
- Olivier, Gerrit**, 1992. *N.P. van Wyk Louw. Literatuur. Filosofie. Politiek*. Kaapstad / Johannesburg: Human en Rousseau.
- Olivier, Gerrit**, 1996. 'By die lees van J.C. Kannemeyer'. *Tydskrif vir Letterkunde* 34(1/2): 11-20. Februarie / Mei 1996.
- White, Hayden**, 1973. *Metahistory: The Historical Imagination in Nineteenth-Century Europe*. Baltimore: John Hopkins.

Over de auteurs

Hans Ester doceert vergelijkende kunstwetenschap in Nijmegen. Hij publiceert voornamelijk over Afrikaanstalige en Duitstalige letterkunde en is als gastdocent werkzaam geweest in Grahamstown (Oos-Kaap). Hij is voorzitter van het Suid-Afrikaanse Instituut in Amsterdam. Voor deze thema-aflevering van *Nederlandse Letterkunde* was hij gastredacteur.

Ena Jansen was als docent Afrikaans/Nederlands verbonden aan de University of the Witwatersrand in Johannesburg en is nu universitair docent aan de opleiding Nederlands van de Vrije Universiteit te Amsterdam. Zij is met name bekend vanwege haar gezaghebbende studie over het werk van Elisabeth Eybers: *Afstand en Verbintenis*.

George Weideman was hoogleraar Afrikaans/Nederlands in Windhoek (Namibië), woont thans in Kaapstad en wijdt zich aan het schrijven van romans en novellen, ook voor de jeugd. Een van zijn bekendste titels is: *Die donker melk van daeraad*.

Siegfried Huigen doceert Nederlandse letterkunde aan de Universiteit van Stellenbosch. Hij publiceert met name over koloniale beeldvorming in reisteksten en promoveerde op *De weg naar Monomotapa*. Hij is hoofdredacteur van *T. N & A* (Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans).

Heilna du Plooy is hoogleraar Afrikaans/Nederlands in Potchefstroom. Zij schreef de studie *Verhaalteorie in die twintigste eeu*, leverde vele bijdragen aan boeken en tijdschriften en is ook als dichteres actief.

Abraham H. de Vries doceerde Afrikaans/Nederlands o.a. in Durban en heeft met zijn talrijke verhalen over de Klein Karoo (vanuit Kaapstad naar het Oosten) deze streek een literair gezicht gegeven. In *Nag van die clown* en andere bundels past De Vries postmodernistische vertelstrategieën toe. Zijn Amsterdamse colleges werden gebundeld in *Kort Vertel*.

Lina Spies was hoogleraar Afrikaans/Nederlands in Stellenbosch. Zij is vooral als dichteres bekend geworden. Nederland neemt in haar gedichten een prominente plaats in, bijvoorbeeld in de laatstverschenen bundel *Die skaduwee van die son*.

Hennie van Coller is hoogleraar Afrikaans/Nederlands in Bloemfontein. Hij publiceerde vele gezaghebbende studies over de literatuur in Zuid-Afrika en Nederland, zoals *Tussenkoms*. Hij was redacteur van de jongste, tweedelige geschiedenis van de Afrikaanse literatuur, *Perspektief en profiel*. Het werk van Etienne Leroux geniet zijn bijzondere aandacht. Van Coller is actief binnen het Genootskap Nederland-Suid-Afrika.



Periodiek

Het **Bibliografiebulletin 10 (2000) 1** is, uit de aard der zaak, een buitengewoon afwisselend tijdschrift. Het is ook een interessant nummer dit keer, met bijdragen over (al dan niet verdwenen) vroege gedichten van J.C. Bloem, meer theoretisch georiënteerde bijdragen van S. Dresden en M. Schenkeveld, en artikelen over Annie M.G. Schmidt, Herman de Man, Mozart, Marcel Reich-Ranicki, Edgar Vos en anderen.

Bzzlletin 29 (2000) 270 opent met de opmerkelijke mededeling dat de drie onderwerpen van het themanummer weinig met elkaar te maken hebben, zodat de lezer aanvankelijk de indruk krijgt met drie keer eenderde themanummer te maken te hebben – te weten over Kees 't Hart, Thomas Rosenboom en P.F. Thomése. Het valt wel mee, trouwens. Veel interpretatie en weinig literatuurgeschiedenis in dit nummer.

In **De gids 163 (2000) 5** veel aandacht voor ontwikkelingen in de Nederlandse poëzie. Het lijkt steeds minder mogelijk om tot een synthetische beschrijving te komen, en misschien juist daarom worden de laatste tijd opvallend

Nelleke Moser
Bertram Mourits

veel pogingen in deze richting gedaan, o.a. door Ad Zuiderent, Marjoleine de Vos (zie ook haar bijdrage in *Ons erfdeel*) en René Puthaar. Er zijn nog sporen van de richtingenstrijd, die hier gestalte krijgt in een voorkeur voor vooroorlogse versus naoorlogse poëzie.

Hollands Maandblad (2000) 4 presenteert zichzelf trots, om niet te zeggen hooghartig, als een tijdschrift waarin de aloude maatstaf kwaliteit nog voorkeur krijgt boven andere. Vanuit dat uitgangspunt valt de wat kinderachtige zinvoor-zinbespreking van Harry Mulisch door Bastiaan Bommeljé eigenlijk nogal tegen. De positieve ontvangst van het boekenweekgeschenk weet Bommeljé tevens te koppelen aan de manier waarop Ter Braaks antisemitisme werd (mis)begrepen.

Literatuur 17 (2000) 2 bevat de volgende artikelen: R. Delvigne, 'Hermans en Sierksma op oorlogspad'; J. Salman, "Die ze niet hebben wil mag het laten". Kinderalmanakken in de achttiende eeuw'; G. Buelens, 'De suggestie van het oosten. Modernistische poëzie in het spoor van de Chinese klassieken'; L. Hanssen, 'Het onbehagen over

de biografie. Een literatuurwetenschappelijke beschouwing'; H. Brinkman, 'Spelen om den brode. Het vroegste beroepstoneel in de Nederlanden'. N. Noordervliet en H. Stouten schrijven een brief aan Hella Haasse (en krijgen antwoord). In de rubriek Grensverkeer schrijft M. Janssens over Marnix Gijsen. Het nummer bevat de volgende recensies: K. Bostoen e.a., *Het album J. Rotarii* (door J. Koppenol); M. Spies, *Zoveel te beleven. De cultuur van het verleden als uitdaging voor de toekomst* & M. Spies, *Rhetoric, Rhetoricians and Poets. Studies in Renaissance Poetry and Poetics* (ed. H. Duits en T. van Strien) & H. Duits en T. van Strien (red.), *Een wandeling door het vak. Opstellen voor Marijke Spies* (alle drie de publicaties door J. Jansen); J. Buschman, *Den Haag, stad, boordevol Bordewijk (...)* (door O.S. Tromp); R. Duhamel (red.) *In eigen boezem. Schrijvers over schrijven* (door G.J. van Bork); H. van Straten, *Hermans. Zijn tijd. Zijn werk. Zijn leven* (door G.F.H. Raat).

In **Literatuur 17 (2000) 3** stellen O. Heynders en F. Ruiters de vrijwel geheel nieuwe redactie en haar voornemens voor. Men zal voortaan rekening houden met nieuwe behoeftes onder de lezers in verband met de veranderingen in het middelbaar onderwijs. Concreet gezien houdt dit in dat er meer aandacht komt voor comparatisme, interdisciplinariteit, historisch en multicultureel bewustzijn en dat men streeft naar meer debat, meer schrijvers aan het woord en meer besprekingen van actuele teksten. De redactionele voornemens komen in dit nummer meteen al tot uitdrukking in de

bijdragen van F. van Oostrom ('De lage landen en het hooggebergte. Middelnederlandse ridderromans in Europese context') en O. Heynders ('Achter het masker van een vrouw. Willem de Mérode als Victoriaanse dichter'). Van Oostrom stelt vast dat de medioneerlandistiek zich in haar streven naar een synthese zal moeten aansluiten bij reeds verricht onderzoek in het buitenland. Heynders bespreekt een opeenstapeling van mystificaties aan de hand van een bundel van Elizabeth Barrett Browning voor haar man (die zogenaamd uit het Portugees vertaald zouden zijn) en een daarop geïnspireerde bundel van De Mérode, die de liefdespoëzie van Barrett gebruikte om zijn eigen seksuele geaardheid te kunnen verwoorden. A. van den Brecht schreef een artikel over Nescio's stijl, met bijzondere aandacht voor de op de natuur geënte beeldspraak en voor de herhalende 'taalmuziek' in zijn werk, en J.H. Snijder droeg een artikel bij over 'De lijdensgeschiedenis van Maarten Olie. Over een personage uit Willem Brakmans *Ante Diluvium*'. Het nummer bevat recensies van: A. de Haas, *De wetten van het treurspel. Over ernstig toneel in Nederland, 1700-1772* (door W.R.D. van Oostrum); A. den Boer (red.), *Klassieke literatuur. Nederlandse letterkunde van de Middeleeuwen tot en met de Tachtigers* (cdrom) (door P.J. Verkruijsse); J. Mateboer en W. van den Berg, *Bibliografie van het Nederlands narratief fictioneel proza 1701-1800* (door J. de Man); T. Boon, *Het koppige hoofd dat niet wilde scheuren. Over Frans Kellendonk en Ch. de Cloet, T. Hermans, A. Meindert*

(red.), 'Oprecht veinzen'. Over Frans Kellendonk (beide publicaties door G.F.H. Raat); D. Cumps, *De eenheid in de tegengelen. De psychomachische verhaalwereld van F. Bordewijk en de mythe van de hermafrodit* (door R. Grüttemeier); B. Vervaeck, *Het postmodernisme in de Nederlandse en Vlaamse roman* (door K. Beekman); F.J. Haffmans (samenst. en toelicht.), *Geest, koolzuur en zijk. Briefwisseling van Erich Wichman* (door K. Beekman).

Madoc 13 (1999) 4 is een themanummer over de zee. In de middeleeuwen associeerde men de zee in het geheel niet met vakantie of ontspanning, maar vooral met gevaar en in het gunstigste geval met avontuur, zoals blijkt uit de bijdragen van M. Mostert (over de metafoor waarin een auteur zichzelf met een zeeman vergelijkt en zijn voltooide werk met een schip dat de veilige haven bereikt heeft), M.-J. Heijkant (over de ambivalente rol van de zee in de liefdesgeschiedenis van Tristan en Isolde), J. Borsje (over zeemonsters en mythische dimensie van de zee in vroegmiddeleeuwse Ierse verhalen) en R. Kruk (over de wonderen van de zee in middeleeuwse Arabische literatuur). De overige artikelen zijn vooral historisch van aard en betreffen de Vikingen (door A. Quak), de Nederlandse kustlijn (door P. van Dam), de Bourgondische vloot in de Oriënt (door A. Vanderjagt), zeevisserij (in een interview met de Canadese historicus R.C. Hoffmann door J. Wiersinga), strandjutton (door M. de Grootte).

Mededelingen van de Stichting Jacob Campo Weyerman 23 (2000) 1 bevat veel bijdragen over Nederlands-Russische betrekkingen in de achttiende eeuw: A.H. Huussen jr, 'Impressies van Nederlands-Russische contacten in de zeventiende en achttiende eeuw'; W.F. Visser, 'Peter de Grote en Zaandam'; G.W. van der Meiden, 'Een lofdicht op Peter de Grote'; R. Hoogma, 'Peter de Grote en de Russen in het werk van Jacob Campo Weyerman'. Het openingsartikel door J. Bruggeman gaat niet over Rusland, maar over het debuut van Jacob Campo Weyerman. Verder bevat het nummer de volgende recensies: C. Priesner en K. Figala, *Alchemie. Lexikon einer hermetischen Wissenschaft* (door F. van Lamoen); G. Paape, *Vrolijke Characterschetsen & De Knorrepot en de Menschenvriend* (ed. P. Altena) (door S. Vuyk); J. Salman, *Populair drukwerk in de Gouden Eeuw. De almanak als lectuur en handelswaar* (door F.H.C. Schreuder); A. den Boer (red.), *Klassieke literatuur. Nederlandse letterkunde van de Middeleeuwen tot en met de Tachtigers* (cdrom) (door M. van Vliet); K. Langvik-Johannessen, *Livinus Verkruyssen en zijn toneeldichters. Speurtocht in het domein van het achttiende-eeuwse Zuid-Nederlandse theater* (door K. Bostoën); H. Bots, L. van Gemert (red.), *Schelmen en prekers. Genres en de transmissie van cultuur in vroegmodern Europa* (door M. van Vliet); J. van Eijnatten, *Hogere sferen. De ideeënwereld van Willem Bilderdijk (1756-1831)* (door A. Hanou); E.O.G. Haitsma Mulier en W.R.E. Velema (red.), *Vrijheid, een geschiedenis van de vijftiende tot de twintigste eeuw* (door M. van Vliet).

VAKTIJDSCHRIFTEN VOOR NEERLANDICI

TIJDSCHRIFT VOOR TAALBEHEERSING

driemaandelijks tijdschrift voor taal- en tekstgebruik

Tijdschrift voor Taalbeheersing richt zich op schriftelijke en mondelinge taalvaardigheid, vormen en functies van verbale communicatie, taalkundige kenmerken van geslaagde communicatie. Eens per jaar verschijnt een themanummer waarin recent onderzoek over een onderwerp bijeen wordt gebracht. Thema's in de afgelopen jaren waren Tekstevaluatie, Argumentatie en recht, Instructieve teksten.

NEDERLANDSE TAALKUNDE

het publicatieforum voor de taalkunde van het Nederlands

Nederlandse Taalkunde is het publicatieforum voor de taalkunde van het Nederlands. In artikelen wordt verslag gedaan van een breed scala van recent onderzoek. Met themanummers wordt ingespeeld op de actualiteit in taalkundig Nederland, behandelde onderwerpen zijn functionele categorieën in taalwerving en taalonderzoek, de nieuwe ANS en de voltooiing van het WNT.

Neem nu een abonnement en profiteer van de korting!



Abonnementsprijzen TIJDSCHRIFT VOOR TAALBEHEERSING en NEDERLANDSE TAALKUNDE

		Kennismakingskorting (1 jaar geldig)
particulier	f 99,00 / Bfr. 1850	f 79,90 / Bfr. 1480
instelling	f 180,00 / Bfr. 3350	f 159,90 / Bfr. 2960
student	f 59,90 / Bfr. 1110	f 49,90 / Bfr. 925

Ben u al abonnee op één van de Neerlandici tijdschriften dan is de volgende kortingsregel van toepassing. Abonnement op twee tijdschriften à f 77,00 per abonnement (totaal f 154,00 / Bfr. 2900).

Drie tijdschriften à f 69,00 per abonnement (totaal f 207,00 / Bfr. 3850).

Profiteer nu van de korting



Bestel / Fax - Bon

Letterk.

Ja, ondergetekende neemt een abonnement met een kennismakingskorting voor 1 jaar op

- TIJDSCHRIFT VOOR TAALBEHEERSING
 NEDERLANDSE TAALKUNDE

Naam

Adres

Code

Plaats

Land

- particulier instelling student*

* graag aangeven welk abonnement voor u van toepassing is.

Datum

Handtekening

Deze bon faxen - 0592 379552 - of in een ongefrankeerde envelop (alleen Nederland) zenden aan: **VAN GORCUM**, Antwoordnummer 3, 9400 VB ASSEN

Voor België: per fax - 31 592 379552 - **VAN GORCUM**, Postbus 43, 9400 AA ASSEN, Nederland

Uitgeverij **VAN GORCUM**

Postbus 43
9400 AA Assen
Tel. 0592 379555
Fax 0592 379552

E-mail: assen@vgorcum.nl
WWW: <http://www.vgorcum.nl>



NEDERLANDSE

jaargang 5
augustus 2000
nummer 3

Letterkunde

Inhoud

Thema: Letterkunde in Zuid-Afrika

Hans Ester <i>Inleiding</i>	201
Ena Jansen <i>Notities over de weerklank van Zuid-Afrikaanse literaire vertogen</i>	204
George Weideman <i>Skrywerskap en kulturele identiteit in Suid-Afrika: oorlewing deur die oorlewering</i>	219
Siegfried Huigen <i>Bataafse koloniale politiek en reisverslagen over Zuid-Afrika</i>	236
Heilna du Plooy <i>Met die verlede die toekoms in: vroueskrywers van die negentigerjare in Afrikaans</i>	252
Abraham H. de Vries <i>Die orale tradisie in die werk van twee Afrikaanse outeurs</i>	268
Lina Spies <i>'n Blik van binne: Gerrit Komrij se bloemlesing De Afrikaanse poëzie in 1000 en enkele gedichten</i>	286
H.P. van Coller <i>Lewensverhale van twee veelsydige skrywers</i>	293
Over de auteurs	301
Periodiek	302